# OUERS SE HOUDING TEN OPSIGTE VAN GESLAGSOPVOEDING IN DIE SEKONDêRE SKOOL

deur

CHRISTIAAN LOURENS VAN DEN BERG

B.A. , H.O.D., B.Ed.

Skripsie voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER EDUCATIONIS

in die

DEPARTEMENT VOORLIGTING EN ORTOPEDAGOGIEK

in die

FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

STUDIELEIER: PROF. H.B. KRUGER

Sannieshof

Mei 1990

## DANKBETUIGINGS.

My opregte dank aan:

- my studieleier, Professor H.B. Kruger, vir sy bekwame leiding.
- die ouers wat vrywilliglik aan die ondersoek deelgeneem het.
- mevrou A. Gouws vir die akkurate tikwerk.
- die RGN vir die studiebeurs.
- die T.O.D. vir hulp en ondersteuning met die vraelys.
- my kollegas vir begrip en ondersteuning tydens my studieverlof en vir hulle hulp met die taalversorging.
- my familie wat onder andere behulpsaam was met die verspreiding van die vraelyste.
- professor F. Steyn en die statistiese konsultasiediens van die PU vir CHO vir die hulp met verwerking van die data.
- my vrou, Elsje en my kinders vir aanmoediging, begrip en geduld.
- die Here wat my in staat gestel het om die skripsie te voltooi.

# INHOUDSOPGAWE


HOOFSTUK 1 — BLADSY

ORIëNTERING, PROBLEEMSTELLING, DOEL EN METODE VAN DIE ONDERSOEK

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Oriëntering | 1 |
| 1.2 | Probleemstelling | 2 |
| 1.3 | Die doel van die ondersoek | 6 |
| 1.4 | Metode van die ondersoek | 7 |
| 1.5 | Die verloop van die ondersoek | 7 |

HOOFSTUK 2

KERNBEGRIPPE NADER OMSKRYF

| | | |
|---|---|---|
| 2.1 | Inleiding | 10 |
| 2.2 | Ouers as opvoeders | 10 |
| 2.3 | Houding van ouers | 14 |
| 2.4 | Opvoeding | 15 |
| 2.5 | Geslag | 18 |
| 2.6 | Geslagtelikheid en seksualiteit | 18 |
| 2.6.1 | Die wese van seksualiteit | 20 |
| 2.6.2 | Seksualiteit as opvoedingsaangeleentheid | 20 |
| 2.6.3 | Geslagsinligting | 21 |
| 2.7 | Gesinsvoorligting | 22 |
| 2.8 | Geslagsopvoeding | 23 |
| 2.8.1 | Die begrip "geslagsopvoeding" | 23 |

2.8.2 Geslagsopleiding 26

2.8.3 Die doel met geslagsopvoeding 26

2.8.4 Geslagsvoorligting 28

2.9 Geslagsaangeleenthede 29

2.10 Samevatting 29

HOOFSTUK 3

DIE NOODSAAKLIKHEID, PROBLEMATIEK EN AANBIEDING VAN GESLAGSOPVOEDING

3.1 Inleiding 30

3.2 Faktore wat geslagsopvoeding noodsaak 30

3.2.1 Samelewingstendense 30

3.2.2 Toekomsverduistering 31

3.2.3 Kontakinflasie 31

3.2.4 Verstedeliking 32

3.2.5 Sosio-ekonomiese omstandighede 32

3.2.6 Vryetydsbesteding 32

3.2.7 Geslagtelike bandeloosheid 32

3.2.8 Godsdiens 33

3.2.9 Veranderlikheid van norme 34

3.2.10 Permissiwiteit 34

3.3 Die problematiek van geslagsopvoeding 34

3.3.1 Sonde 33

3.3.2 Wangebruik van kennis 36

| | | |
|---|---|---|
| 3.3.3 | Oormaat van geslagsinligting | 37 |
| 3.3.4 | Voorouers se geslagsopvoeding | 37 |
| 3.3.5 | Geslagsopvoeding ondermyn die gesin | 37 |
| 3.3.6 | Selfopvoeding | 38 |
| 3.3.7 | Onkunde by ouers | 38 |
| 3.3.8 | Die kitskursus in geslagsopvoeding | 39 |
| 3.4 | Wie se taak is geslagsopvoeding? | 39 |
| 3.4.1 | Geslagsopvoeding as taak van die ouer | 39 |
| 3.4.1.1 | Ouers as primêre opvoeders | 39 |
| 3.4.1.2 | Die aandeel van die moeder en vader aan geslagsopvoeding | 41 |
| 3.4.1.3 | Ouers voel nie opgewasse om self geslagsopvoeding aan te bied nie | 42 |
| 3.4.1.4 | Hulp aan ouers | 43 |
| 3.4.1.5 | Die ouer en hul kinders se maats | 44 |
| 3.4.1.6 | Norme en waardes | 45 |
| 3.4.1.7 | Ouers se houding ten opsigte van die inhoud van geslagsopvoedingsprogramme | 46 |
| 3.4.1.8 | Kommunikasie tussen ouers en kinders | 46 |
| 3.4.1.9 | Sosio-ekonomiese status en geslagsopvoeding | 48 |
| 3.4.1.10 | Houdings | 48 |
| 3.4.2 | Geslagsopvoeding as taak van die skool | 49 |
| 3.4.2.1 | Geslagsopvoeding as taak van die skool | 49 |
| 3.4.2.2 | Ouerbetrokkenheid by die geslagsopvoedingsprogram van die skool | 50 |

3.4.2.3 Geslagsopvoeding en skoolvakke 50

3.4.2.4 Multi-dissiplinêre benadering 51

3.4.2.5 Die ouer en die skool 52

3.4.2.6 Geslagsopvoedingsprogramme in skole in Suid-Afrika 52

(a) Transvaal 52

(b) Kaapland 53

(c) Oranje-Vrystaat 54

(d) Natal 54

3.4.2.7 Geslagsopvoeding as taak van die skool in die buiteland 55

(a) Die Verenigde State van Amerika 55

(b) Die Verenigde Koninkryk 56

3.4.3 Geslagsopvoeding as taak van die kerk 57

3.4.4 Geslagsopvoeding as taak van ander instansies 61

3.4.4.1 Die staat 61

3.4.4.2 Planned Parenthood 62

3.4.4.3 SIECUS en ander soortgelyke organisasies 62

3.4.4.4 Departement van Nasionale Gesondheid en bevolkingsontwikkeling 63

3.5 Samevatting 64

HOOFSTUK 4

EMPIRIESE ONDERSOEK 66

4.1 Inleiding 66

| | | |
|---|---|---|
| 4.2 | Die probleem van die ondersoek | 66 |
| 4.3 | Die doel van die ondersoek | 66 |
| 4.4 | Ondersoekmetodes en die keuse van 'n ondersoekmiddel | 67 |
| 4.4.1 | Die vraelys as navorsingsmetode | 67 |
| 4.4.1.1 | Die voordele van die vraelys as navorsingsmetode | 68 |
| 4.4.1.2 | Die nadele van die vraelys as navorsingsmetode | 69 |
| 4.4.1.3 | Vereistes waaraan 'n vraelys moet voldoen | 69 |
| 4.4.1.4 | Tegniese versorging | 70 |
| 4.4.1.5 | Anonimiteit | 70 |
| 4.4.2 | Die ontwerp en konstruksie van die vraelys vir hierdie navorsing | 71 |
| 4.4.2.1 | Gestruktureerde items | 72 |
| 4.4.2.2 | Samestelling van die vraelys | 72 |
| 4.5 | Die empiriese ondersoek | 87 |
| 4.5.1 | Keuse van die proefpersone | 87 |
| 4.5.1.1 | Die populasie | 87 |
| 4.5.1.2 | Steekproef | 87 |
| 4.5.2 | Die administrasie van die vraelyste | 88 |
| 4.5.2.1 | Verspreiding | 88 |
| 4.5.2.2 | Toepassing van die vraelyste | 89 |
| 4.5.2.3 | Terugontvangste | 89 |
| 4.6 | Samevatting | 89 |

HOOFSTUK 5

AANBIEDING VAN RESULTATE, INTERPRETASIE EN GEVOLGTREKKING

5.1 Inleiding 90

5.2 Aanbieding van resultate, interpretasie en gevolgtrekking 90

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 Samevatting 127

6.2 Gevolgtrekkings 130

6.3 Aanbevelings 130

## LYS VAN TABELLE

### BIOGRAFIESE GEGEWENS


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| TABEL B1 | Ouers van seuns of dogters | 90 |
| TABEL B2 | Persoon wat die vraelys ingevul het | 91 |
| TABEL B3 | Akademiese kwalifikasie van vader | 92 |
| TABEL B4 | Akademiese kwalifikasie van moeder | 92 |
| TABEL B5 EN B6 | Ouderdomme van die vader en die moeder | 93 |
| TABEL B7 | Waar woon die ouers? | 93 |


### OUERS SE HOUDING


| | | |
|---|---|---|
| TABEL V1 | Kommunikasie tussen ouer en kind | 94 |
| TABEL V2 | Gesprek oor geslagsopvoeding | 94 |
| TABEL V3 | Die media as inligtingsbron | 95 |
| TABEL V4 | Maats as inligtingsbron | 95 |
| TABEL V5 | Geslagsinligting op versoek | 96 |
| TABEL V6 | Wanneer geslagsinligting verskaf word | 96 |
| TABEL V7 | Boeke oor geslagsaangeleenthede | 97 |
| TABEL V8 | Kennis van geslagsaangeleenthede en geslagtelike eksperimentering | 98 |
| TABEL V9 | Onkunde oor geslagsaangeleenthede | 98 |
| TABEL V10 | Dissipline in die huis | 99 |
| TABEL V11 | Geslagsinligting | 99 |
| TABEL V12 | Akkurate feitekennis van geslagsaangeleenthede | 100 |

| | | |
|---|---|---|
| TABEL V13 | Woordeskat | 101 |
| TABEL V14 | Kinders doen self geslagskennis op | 101 |
| TABEL V15 | Ouers se verantwoordelikheid | 102 |
| TABEL V16 | Ouerleiding | 103 |
| TABEL V17 | Geslagsopvoedingskursusse vir ouers | 103 |
| TABEL V18 | Behoort geslagsopvoeding aangebied te word? | 104 |
| TABEL 5.1 | Geslagsopvoeding en ouderdom | 105 |
| TABEL 5.2 | Ouers en geslagsopvoeding | 106 |
| TABEL 5.3 | Wie behoort geslagsopvoeding aan te bied? | 108 |
| TABEL 5.4 | Geslagsopvoeding deur die skool aangebied | 116 |
| TABEL V28 | Advertensies en brosjures | 1120 |
| TABEL V29 | Tydskrifartikels | 121 |
| TABEL V30 | Toestemming vir geslagsopvoeding by die skool | 121 |
| TABEL V31 | Geslagsopvoeding aangebied by die skool | 122 |
| TABEL V32 | Geslagsopvoedingsprogram vir ouers | 123 |
| TABEL V33 | Gesinsvoorligtingsprogram reeds aangebied | 123 |
| TABEL V34 | Ouers se bydrae tot die samestelling van 'n geslagsopvoedingsprogram | 124 |
| TABEL V35 | Mediese personeel of dokter | 125 |
| TABEL V36 | Die predikant en geslagsopvoeding | 125 |

BYLAES

A Brief aan ouers

B Brief aan skoolhoofde

C Brief van die Transvaalse Onderwysdepartement

# HOOFSTUK 1

## ORIëNTERING, PROBLEEMSTELLING, DOEL EN METODE VAN DIE ONDERSOEK

### 1.1 ORIëNTERING

Die beplanners van gesinsvoorligtingsprogramme in skole in Suid-Afrika is dit almal eens dat die ouers die belangrikste rol speel in die geslagsopvoeding van die kind (De Klerk & Nieuwenhuis, 1983:11).

Van der Merwe (1979:13) en Parcel & Coreil (1985:10) het gevind dat daar in die meeste oorsese lande aanvaar word dat die ouers, as primêre opvoeders, die aangewese persone is om geslagsopvoeding aan hul kinders te bied.

In die Verenigde State van Amerika word verskeie geslagsopvoedingskursusse aangebied deur instansies soos die Departement van Gesondheid, die International planned parenthood federation en die Sex information and education council of the U.S. (SIECUS) (Van der Merwe 1979:31). Volgens Parcel (1985:11) behoort ouers inspraak te hê in die samestelling van die kurrikulums van die geslagsopvoedingskursusse sodat hulle kan verseker dat die houdings, norme en waardes wat hulle huldig nie in die kursusse afgekraak word nie.

Ouers wat hul kinders behoorlik wil opvoed het die verantoordelikheid om hul kinders ook geslagtelik op te voed. Ouers besef die noodsaaklikheid dat kinders geslagsopvoeding moet ontvang, want Scales (1982:32) het in navorsing wat hy in die Verenigde State van Amerika gedoen het gevind dat slegs een persent van ouers geheel en al teen geslagsopvoeding gekant is.

Geslagsopvoeding omvat die hele opvoeding van die kind (Kruger, 1980:4). Dit impliseer dat die kind deur sy opvoeders tot beskawingsvolwassenheid ten opsigte van die seksuele aspek van sy menswees opgevoed word. Waardes en norme behoort aan kinders oorgedra te word sodat hulle self geslagtelik verantwoordelik kan optree (Van der Merwe, 1979:4).

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Ouers is dit nie eens dat hul kinders geslagsopvoeding behoort te ontvang nie. Parcel & Coreil (1985:11) het in navorsing wat hulle in Texas in die Verenigde State van Amerika gedoen het gevind dat 73 % van die ouers van mening is dat hul kinders geslagsopvoeding moet ontvang, terwyl slegs 45 % van die ouers self geslagsopvoeding aan hul kinders verskaf het. Die meeste ouers is nogtans van mening dat kinders wel geslagsopvoeding behoort te ontvang.

Ouers wat teen geslagsopvoeding gekant is, is bang dat geslagsopvoeding permissiewe gedrag by hul kinders sal aanmoedig (Philliber & Tatum, 1981:141). Ouers vrees ook dat die waardes en norme wat in geslagsopvoeding voorgehou word nie met hul eie lewens- en wêreldbeskouing sal strook nie (Harris et al., 1983:18). Nog 'n aspek wat ouers teen geslagsopvoeding gekant maak is die moontlikheid dat kontroversiële sake soos: aborsie, kontrasepsie, voorhuwelikse gemeenskap, masturbasie en homoseksualiteit bespreek sal word (Kolinsky & Atkinson, 1982:31).

Indien ouers nie hul opvoedingsplig wil of kan nakom nie, verkry die kinders in elk geval hul eie siening van seksualiteit omdat hulle deur die media en hul maats ingelig word. In die meeste gevalle is die kennis wat die kinders verkry onakkuraat, onvolledig, vulgêr en gewoonlik sede-afbrekend. Die positiewe verantwoordelike opvoeding wat die ouers nalaat word deur maats en die media in wanopvoeding verander (Dennet, 1932).

Ouers wat wel geslagsopvoeding aan hul kinders verskaf, wag dikwels tot die kinders geslagsryp is voordat hulle die saak ernstig opneem (Le Roux, 1977:19). Ouers verwaarloos geslagsopvoeding by jonger kinders omdat hulle bang is dat hul kinders geslagtelik aktief sal raak, en dat hulle hul sal skuldig maak aan geslagsverkeer buite die huwelik indien hulle geslagsinligting bekom (Koblinsky & Atkinson, 1982:34).

Aan die anderkant het die vrees vir buite-egtelike swangerskap en permissiewe geslagtelike gedrag ouers laat besef dat hul kinders vroeg in hul lewens reeds geslagsopvoeding moet ontvang (Scales, 1982:33).

Kolinsky & Atkinson (1982:30) het bevind dat baie min ouers werklik iets doen om hul kinders geslagtelik op te voed. Harris et al., (1983:19) noem dat ouers wegskram van die verantwoordelikheid om geslagsopvoeding aan hul kinders te verskaf, omdat hulle te skaam is of omdat hulle voel dat hulle nie oor voldoende kennis beskik nie. Wanneer ouers verkeerde geslagsopvoeding aan kinders gee of wanneer ouers versuim om geslagsopvoeding te verskaf word dit noodsaaklik dat ander maatskaplike instellings soos die kerk, die skool en staats- of privaatinstellings die kind opvoed (Kruger, 1979:10).

In die Verenigde State van Amerika is daar baie navorsing gedoen om die invloed van geslagsopvoeding op kinders te bepaal, maar baie min navorsing is nog gedoen oor die houding en siening van ouers ten opsigte van geslagsopvoeding (Parcel & Coreil, 1985:9).

Geslagsopvoeding ontlok soveel kritiek van die gemeenskap dat opvoeders in Brittanje voel dat ouers liewer self geslagsopvoeding vir hul kinders moet aanbied (Phillips, 1986:45). Casey & Peterson is ook voorstanders van opleiding aan ouers sodat hulle self hul kinders kan voorlig. Brenan (1981:28) 'n geslagsvoorligter in Cincinatti, het uit navorsing wat hy gedoen het ook afgelei dat ouers opgelei moet word om hul kinders voor te lig oor geslagsaangeleenthede. Hy lê ook klem daarop dat kommunikasie tussen ouers en kinders verbeter moet word.

Volgens Gibson en Mitchell (1981:66) bestaan daar by ouers van hoërskoolleerlinge, wat erns maak met hul kinders se geslagsopvoeding, ook 'n behoefte om self meer kennis oor geslagsaangeleenthede te bekom om hul kinders beter op te voed.

Howard & Lewis (1983:3) gaan van die standpunt uit dat veral die ouers geslagsopvoeding aan hul kinders behoort te verskaf. Kenny & Orr (1984:596) stem saam met Howard en Lewis en noem dat die optrede van ouers 'n groter rol as die skool of enige instansie speel in die stel van 'n voorbeeld en die aantoon van waardes.

Vance (1985:272) haal statistiek van 1981 van die Alan Guttmacher Instituut in die Verenigde State van Amerika aan, wat die volgende toon:

- 33 % van die tienerdogters tussen die ouderdom van 15 tot 17 jaar en ongeveer 50 % seuns van dieselfde ouderdom is seksueel aktief;

- 40 % van die tienderjarige dogters sal ten minste een ongewenste swangerskap beleef in hul tienderjare.

Ouers in die Verenigde State van Amerika is met reg bekommerd; daarom voel hulle dat hul kinders geslagsopvoeding moet ontvang (Harris et al., 1983:17).

As gevolg van veranderende maatskaplike strukture is dit nie meer vir die ouer moontlik om sy kind oor die breë spektrum van die werklikheid op te voed nie. Afgesien van formele onderwys in gewone vakke is daar ook sekere opvoedingsprogramme wat uitsluitlik die taak van die ouers was, maar geleidelik die taak van die skool geword het (Kruger, 1979:10). Dit wil voorkom of geslagsopvoeding een van die programme is.

Ouers in die Verenigde State van Amerika wat ten gunste van geslagsopvoeding aan hul kinders is, stel die volgende vereistes waaraan geslagsopvoeding, wat deur 'n instansie buite die gesin aangebied word, moet voldoen: die geslagsopvoeding moet strook met die norme en waardes van die ouers, die ouers wil insae hê in die inhoude wat aan die kinders voorgehou word en die kinders mag nie sonder hul ouers se toestemming die geslagsopvoeding ontvang nie (Philliber & Tatum, 1981:14)

Volgens Kruger (1980:1) bestaan daar in Suid-Afrika nie eenstemmigheid onder ouers, onderwysers, predikante, medici, staatsdiensamptenare en lede van verskillende ander groepe oor wie eintlik geslagsopvoeding aan kinders moet aanbied nie. Ouers het ook nog nie duidelik te kenne gegee dat hulle van mening is dat hul kinders geslagsopvoeding behoort te ontvang nie. Indien geslagsopvoeding wel aangebied word is dit ook nie duidelik wat die aard daarvan moet wees nie (Le Roux, 1977:19).

Van Rooyen (1985:198) noem dat daar in Suid-Afrika deur die onderwysdepartemente in Transvaal, Kaapland, Natal en die Oranje-Vrystaat gesinsvoorligtingsprogramme ingestel is. Die doel van die programme is nie om die taak van geslagsopvoeding van die ouer weg te neem nie, maar om kommunikasie te bewerkstellig tussen die onderwysers, ouers en kinders om leemtes in die geslagsopvoeding van die kinders te vul.

Die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkinsontwikkeling van Suid-Afrika (1987:IV) het 'n mediaveldtog geloots om mense in te lig oor geslagtelik oordraagbare siektes en die bekamping daarvan. Die departement het ook 'n gids met feitelike inligting oor menslike seksualiteit vir onderwysers vrygestel.

Ouers verwag baie van geslagsopvoeding maar Kenny & Orr (1984:494) noem dat geslagsopvoeding wat ouers, die skool en ander instansies aanbied min verandering in die houdings en gedrag van kinders te weeg bring. Geslagsopvoeding misluk as ouers of instansies soos die skool te veel klem lê op een van die volgende aspekte, en die ander verwaarloos: die voorkoming van ongewenste swangerskappe, feitelike fisiologiese inligting, die voorkoming van permissiewe seksuele gedrag by tieners, persoonlikheidsontwikkeling van die kind en norme en waardes (Strouse & Fabes 1985:253). Ook Jurs (1982:21) noem dat geslagsinligting wat buite die konteks van waardes oorgedra word die kulturele probleem van seksuele permissiwiteit onoplosbaar maak.

'n Vereiste om geslagsopvoeding te laat slaag is aktiewe deelname van die ouers aan geslagsopvoeding wat binne die gesin of deur 'n instansie buite die gesin aangebied word, want ouers speel die belangrikste rol in die stel van 'n voorbeeld en die oordra van aanvaarbare waardes en norme (Kenny & Orr, 1984:491).

As almal wat geslagsopvoeding in Suid-Afrika aanbied wil hê dat dit die gewenste invloed op kinders moet hê, dan moet die geslagsopvoeding binne die konteks van Christelike waardes en norme met die ouer as bondgenoot aangebied word, want geslagsopvoeding kan nooit los van die religieuse ingesteldheid van die mens gesien word nie (Van der Merwe, 1979:5).

Die vraag is: Wat is die ouers se houding ten opsigte van die geslagsopvoedingshulp wat aangebied word?

Goeie geslagsopvoeding behoort volgens die Christelike geloofsoortuiging veral eties normatiewe opvoeding te wees. Dit bring mee dat ouers ook leiding en positiewe onderwysing van die kerk behoort te aanvaar (Kruger, 1980:12)

Die probleem wat in hierdie navorsing aandag sal kry is:

1.2.1 Wie behoort geslagsopvoeding aan kinders aan te bied? en

1.2.2 Wat is die houding van ouers ten opsigte van geslagsopvoeding aangebied deur: die ouers self, die skool, die kerk en ander instansies?

**1.3 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK**

Na aanleiding van die probleemvrae is die doel van die ondersoek om:

1.3.1

die twee probleemvrae, naamlik wie behoort geslagsopvoeding aan kinders aan te bied? en wat is die houding ten opsigte van geslagsopvoeding aangebied deur: die ouers self, die skool, die kerk en ander instansies?

1.3.2

die houding van 'n verteenwoordigende groep ouers van leerlinge in standerd nege in Afrikaanse sekondêre skole in die streek Wes-Transvaal ten opsigte van wie geslagsopvoeding moet aanbied, te peil;

1.3.3

empiries te bepaal wat die houding van 'n verteenwoordigende groep ouers van standerd nege-leerlinge in Afrikaanse sekondêre skole in die streek Wes-Transvaal is in verband met die ouers, onderwysers, predikante, en amptelike vakkundiges en ander instansies wat geslagsopvoeding aan standerd nege-leerlinge aanbied.

## 1.4 METODE VAN ONDERSOEK

Begrippe wat in verband met die houding van ouers ten opsigte van geslagsopvoeding in die sekondêre skool staan, sal met behulp van 'n literatuurstudie nagevors word. Verder sal 'n teoretiese deurgronding van die tema, naamlik ouers se houding ten opsigte van geslagsopvoeding in die sekondêre skool, ook aan die hand van 'n literatuurstudie van plaaslike en oorsese literatuur gedoen word.

In hoofstuk vier sal gebruik gemaak word van empiriese navorsingsmetodes. In hierdie ondersoek sal die houding van 'n verteenwoordigende groep ouers van standerd nege-leerlinge in Afrikaanse sekondêre skole in die Wes-Transvaalstreek ten opsigte van geslagsopvoeding getoets word. Die gestruktureerde vraelysmetode sal gebruik word. Response sal van 'n verteenwoordigende steekproef van tien persent van die ouers van standerd nege-leerlinge in Afrikaanse sekondêre skole in die Wes-Transvaalstreek verkry word. Die resultate sal ontleed en statisties verwerk word.

## 1.5 DIE VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK

Die oriëntering, probleemstelling, doel en metode van die ondersoek is in hoofstuk een bespreek.

Aandag word in hoofstuk 2 geskenk aan die begrippe ouers, houding, opvoeding, geslagsopvoeding, geslagsvoorligting en gesinsvoorligting.

Die studie handel oor geslagsopvoeding en dit is dus nodig dat die ouers se houding en verantwoordelikheid ten opsigte van geslagsopvoeding verder in hoofstuk drie toegelig word. Die rol wat ander instansies soos die skool, die onderwysdepartemente, die kerk, staatsdepartemente en ander organisasies in die aanbieding van geslagsopvoeding speel, sal ook bespreek word.

In hoofstuk vier word 'n empiriese ondersoek gedoen na die houding van ouers van standerd nege-leerlinge in Afrikaanse sekondêre skole in Wes-Transvaal.

Nadat die empiriese ondersoek afgehandel is sal die resultate daarvan in hoofstuk vyf bespreek word.

Na die interpretasie van die empiriese resultate word die bevindings en gevolgtrekkings in hoofstuk ses aangebied. Aanbevelings sal ook gemaak word en 'n samevatting sal aangebied word.

# HOOFSTUK 2

## 2. KERNBEGRIPPE NADER OMSKRYF

### 2.1 INLEIDING

Om ouers se houding ten opsigte van geslagsopvoeding in die sekondêre skool te kan bespreek is dit noodsaaklik om 'n omskrywing van begrippe te gee aan die hand waarvan die bespreking sal geskied.

Eerstens is dit nodig om te verduidelik wat bedoel word met ouers as opvoeders. Die houdings van ouers ten opsigte van geslagsopvoeding word ook bespreek en daar sal in die besonder gekyk word hoe ouers se houding hul siening van geslagsopvoeding aan hul kinders beïnvloed.

Om aan te toon wat die begrip geslagsopvoeding behels sal die begrippe opvoeding, geslag, geslagtelikheid, seksualiteit en geslagsinligting bespreek word. Daar sal ook onderskei word tussen gesinsvoorligting, geslagsopvoeding en geslagsvoorligting. Die doel met geslagsopvoeding word bespreek en daar word beskryf wat geslagsaangeleenthede behels.

### 2.2 OUERS AS OPVOEDERS

Ouers word allerweë beskou as die primêre opvoeders van hul kinders en het van al die persone en instansies wat met die kind se opvoeding meehelp, die grootste invloed op die kind (Kruger, 1980:9). Om die opvoedingstaak na behore uit te voer moet die ouers hul kinders in liefde versorg en aan hulle veiligheid bied (Woody, 1973:5). Daar moet 'n sterk band tussen ouers en kinders bestaan waaruit vertroue tussen ouers en kinders voortspruit wat die basis vorm vir 'n verhouding waarin ouers en kinders verantwoordelik teenoor mekaar optree (Le Roux, 1977:152).

Ouers hou vir hul kinders 'n lewens- en wêreld beskouing voor en leef dit uit sodat hul kinders norme en waardes aanvaar waardeur hulle hul lewens in die toekoms gaan rig. Geslagsopvoeding wat deel is van die totale opvoeding van die kind is primêr die taak van die ouer omdat dit deur voorlewing gedra word.

Die Christen se hele lewe, insluitend sy gesag oor sy kinders en die plig om hulle op te voed, staan onder die gesag van die Bybel. God roep die ouer op om sy kinders op te voed deur die genadeverbond wat soos volg lui: "tussen My en jou en jou nageslag na jou en hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag na jou" (Gen. 17:7).

God eis van sy verbondsvolk, waarvan die gesin die kern is, 'n liefde wat na buite onder leiding van die verstand op verskillende terreine van die lewe in aksie tree. Die drie Afrikaanse Susterskerke laat ouers die doopbelofte by die doop van hul kinders aflê. Hulle beloof dan dat hulle die kind na die beste van hul vermoë in die leer van die Bybel sal onderrig of laat onderrig (Van Schalkwyk 1983:39). Ouers is verantwoordelik dat hulle kinders behoorlike opvoeding sal ontvang omdat God dit primêr aan ouers opgedra het. Geslagsopvoeding maak deel uit van die breër veld van opvoeding wat die kind ontvang en daarom is dit ook primêr die taak van die ouer (De Jager <u>et al</u>., 1985:56).

Die aard van die verhouding tussen ouers en kinders en die gesinsklimaat bepaal grootliks hoe en wat die kind as volwasse persoon sal wees en hoe hy hom as 'n volwassene sal sien (De Wet & Van Zyl, 1980:20). Die volgende aspekte van die ouer- en kindverhouding wat bespreek word naamlik liefde, veiligheid, versorging, ontmoeting, vertroue, verantwoordelikheid, gesag en die voorlewing van norme het 'n belangrike invloed op die geslagsopvoeding en algemene opvoeding van die kind (Sonnekus, 1984:1).

Die gesin is primêr 'n liefdesgemeenskap want sy lede word onderling deur die liefdesband gebind. Omdat die ware goddelike liefde die gesin bind beteken dit dat die ouer omgee wat van die kind word, en dat hy slegs die beste vir sy kind wil bied (Van Schalkwyk, 1983:29). Dit is vir die ouer noodsaaklik om by die kind se opvoedende onderwys inspraak te hê en dus ook in die geslagsopvoeding van die kind wat deur die skool of 'n ander instansie aangebied word.

Die kind wat veiligheid en geborgenheid in die gesin beleef verwerf redelik maklik selfstandigheid en verantwoordelikheid (De Jager, et al., 1985:11). Die ouer behoort egter die kind genoegsaam te vertroetel om hom veilig te laat voel, maar hy behoort hom ook gereeld van die kind los te maak sodat die kind op sy eie bene kan begin staan (De Jager, et al., 1985:12). Opvoeding is nie oorvertroeteling of verwenning nie, maar die bied van geborgenheid sodat die kind hom later kan distansieër en die ouer verlaat as opgevoede jong volwassene (Sonnekus, 1976:4). Van Schalkwyk (1981:92) noem dat die gesin 'n vaste, konstante en veilige basis behoort te bied wat as vertrekpunt vir sy lede kan dien met die oog op die kontinuïteit en voortgang na die groter, wyer en ryker wêreld buite die gesin.

Egte opvoeding word moontlik wanneer ouers as volwassenes hul kinders aanvaar. Die ouers se aanvaarding van die kind lei tot hul voorneme om die kind te versorg (Sonnekus, 1984:4). Hierdie versorging behels nie net die voorsiening van materiële behoeftes nie (Van Schalkwyk, 1983:29). Wanneer die kind onvoorwaardelik deur sy ouers aanvaar word en hy goed versorg is, voel hy geborge en kan hy leer om te waag wat daartoe bydra dat hy 'n beskaafde volwasse mens word.

As liefdesgemeenskap bied die gesin ook die geleentheid vir geestelike ontmoeting. Binne die gesin moet die kind fisies versorg word, maar die ouers moet ook vir die kind plek in hul harte en lewens inruim (De Jager, et al., 1985:11). Volgens Van Schalkwyk (1983:29) vorm die gesin die ruimte waar die kind die werklikheid kan ervaar en beleef en dit dien dan as't ware as die oefenskool vir die lewe.

As opvoeder staan die ouer en die kind in 'n ruimte wat hulle deel en waarin wedersydse vertroue 'n noodsaaklike bindende faktor is (Vance, 1985:272). In die vertrouensverhouding begryp die ouers hul kind en interpreteer hulle die moontlikhede waaroor hy beskik sodat hulle hom kan bystaan om sy moontlikhede na die beste van sy vermoë te laat gedy (Casey & Peterson, 1985:11).

Die ouer moet die kind opvoed sodat hy die behoorlikheidseise kan begryp. Die kind kan verantwoordelikheidseise nie plotseling begryp nie. Die kind behoort toenemend verantwoordelikheid te verwerf sodat hy in die toekoms kan optree as 'n verantwoordelike volwassene (Sonnekus, et al., 1984:1).

Ouers moet self begryp aan watter behoorlikheidseise hulle in die samelewing moet voldoen en dit aan hul kinders oordra. Dit geld ook behoorlikheidseise ten opsigte van geslagtelikheid. Die Christenouer en die kind bly in die laaste instansie verantwoordelik teenoor God (De Jager, et al., 1985:56).

Volgens Van der Walt (1983:72) rig die kind as onontslote moontlikheid wat op opvoeding aangewese is, 'n appèl aan sy ouers om hom op te voed tot volwaardige volwassenheid. In die opvoedingstituasie staan die opvoeder teenoor die opvoedeling in 'n posisie van gesag. Die kind wil graag simpatieke gesagsleiding van sy ouers hê.

Die kind wil weet watter perke daar gestel is waarbinne hy met veiligheid kan beweeg, en daarom aanvaar hy dat hy deur sy ouers aangespreek word. Die ouers behoort deur hul houding en gedrag die gesag wat in hulle gestel is, waardig te wees (Sonnekus, 1983:5).

As gesagsdraers behoort ouers so volgens norme te leef dat die kind dit raaksien en homself vrywillig onderwerp aan die gesag van norme (Scales, 1981:22). Die kind is bereid om die gesag wat oor hom gestel is te aanvaar wanneer sy ouers self die gesag gehoorsaam en aan behoorlikheidseise voldoen. Ouers skep vertroue tussen hulle en die kind deur norme te gehoorsaam. Met vertroue kry die norme vir die kind betekenis en besef hy die sinvolheid van die onderwerping aan die normgesag. Uit normaanvaarding en gehoorsaamheid aan behoorlikheidseise verkry die kind sy eie lewensopvatting (De Vries, et al., 1986:37).

Dit baat niks as ouers hul norme ten opsigte van menslike geslagtelikheid op hul kinders op grond van hul gesag wil afdwing nie. Slegs wanneer hulle hulself aan die norme en behoorlikheidseise ten opsigte van geslagtelikheid onderwerp dien hulle as waardige navolgingswaardige opvoeders (Jurs, 1982:21).

## 2.3 HOUDING VAN OUERS

Ouers se positiewe of negatiewe houdings ten opsigte van geslagsopvoeding bepaal of hulle self pogings aanwend om geslagsopvoeding aan hul kinders aan te bied. Ouers se houding bepaal ook of hulle geslagsopvoedingsprogramme wat deur die skool of ander instansies aangebied word sal steun of teëwerk. Dit is eerstens noodsaaklik om te omskryf wat die begrip "houding" behels en hoe dit in die navorsing inpas. 'n Houding kan omskryf word as 'n neiging om op 'n positiewe of 'n negatiewe wyse teenoor 'n houdingsobjek te reageer (Gagne, 1977:236). As ouers se houding teenoor 'n objek soos geslagsopvoeding negatief is sal hulle hul daarvan distansieër, terwyl hulle hul tot diens daarvan sal stel as hul houding daarteenoor positief is (De Wet, et al., 1981:175).

Houdings toon gewoonlik 'n kognitiewe, 'n affektiewe en 'n gedragskomponent (Triandis, 1971:8). Die kognitiewe komponent van houding impliseer dat 'n persoon se houding teenoor 'n bepaalde houdingsobjek beïnvloed word deur die hoeveelheid inligting oor die houdingsobjek waaroor die persoon beskik asook sy oortuiginge en die gevoel wat hy oor die objek het (Klausmeier & Goodwin, 1975:155). Mense se vlak van kennis oor 'n houdingsobjek verander in baie gevalle maar min oor lang tydperke en daarom vind 'n mens dat mense se gedagtes, gelowe, houdings en gedrag ten opsigte van sake oor lang periodes ook min verander (Gagne, 1977:235).

Die affektiewe komponent van houding lê daarin dat houdings gepaard gaan met 'n positiewe of negatiewe gevoel oor 'n houdingsobjek. Dit bring mee dat 'n persoon 'n houdingsobjek aanvaar en dit steun of dit verwerp en dit vermy. Daar is dan ook sprake dat hy daarvan hou of dit afkeur (Gagne, 1977:236).

Die gedragskomponent van houding is die gevolg van die feit dat houding ook omskryf kan word as 'n neiging om op 'n positiewe of negatiewe wyse op 'n houdingsobjek te reageer (De Wet, et al., 1981:177). In sommige gevalle kan 'n houding 'n persoon beïnvloed om nie te reageer nie (Gagne, 1977:236). Al die aktiwiteite wat met 'n bepaalde houding in verband staan word omvat in die gedragskomponent van 'n houding. Die persoon wat 'n positiewe houding teenoor 'n

objek het sal kontak daarmee bewerkstellig en een of ander handeling verrig, terwyl 'n persoon met 'n negatiewe houding ten opsigte van 'n objek dit sal vermy of probeer verander (Triandis, 1971:12).

Allport (Gagne, 1977:231) definieer houding soos volg: "'n houding is 'n verstandelike en neurologiese toestand van gereedheid wat deur ondervinding opgebou word en wat 'n dinamiese rigtinggewende invloed uitoefen op die individu se reaksie op alle voorwerpe en omstandighede waarmee dit in verband staan." Die ouers se houdings word dus ook gevorm deur dit wat hulle in hul leeftyd beleef het. Op grond hiervan kan daar van die veronderstelling uitgegaan word dat die staat, kerk, samelewing en sosio-ekonomiese status 'n groot invloed het op die houdings van ouers. Collins (1970:71) haal die letterlike en eenvoudige definisie van Thurstone aan wat soos volg lui: "houding is die intensiteit van 'n positiewe of negatiewe gevoel vir of teen 'n psigologiese voorwerp." Die psigologiese voorwerp kan enige simbool, persoon, aanbiedingswyse of idee wees.

Thurstone se letterlike definisie is 'n bruikbare definisie om empiriese navorsing op te grond omdat daarin nie, soos in Allport se definisie, gevolgtrekkings in verband met houdings vervat is nie. 'n Bruikbare operasionele definisie kan dan uit die letterlike definisie opgestel word sodat houdings empiries deur middel van 'n vraelys bepaal kan word (Collins, 1970:72).

Twee stereotipe standpunte ten opsigte van geslagsopvoeding word by ouers aangetref, naamlik: geslagsopvoeding is noodsaaklik vir kinders of geslagsopvoeding het 'n moreel afbrekende invloed op kinders (Woody, 1973:5). Ouers se gedrag spreek van hul houdings wanneer hulle self probeer om hul kinders geslagtelik op te voed of ander instansies toelaat om dit te doen of wanneer hulle nalaat om geslagsopvoeding aan hul kinders te bied en ander instansies verbied om dit te onderneem.

## 2.4 OPVOEDING

Hierdie navorsing handel oor die ouer se houding ten opsigte van geslagsopvoeding. Dit vereis dat die begrip geslagsopvoeding omskryf moet word. Omdat geslagsopvoeding deel uitmaak van die totale opvoeding van die kind is dit nodig om aan te toon wat met die begrip opvoeding bedoel word.

Volgens Van der Walt (1983:31) is opvoeding 'n verskynsel of 'n gebeure of 'n werklikheid waar 'n volwasse persoon bemoeienis met 'n onvolwasse persoon maak om die onvolwasse persoon te lei tot volwaardige beskouingsvolwassenheid. Om die rede is opvoeding 'n tipies menslike aangeleentheid wat tussen mense plaasvind.

In opvoeding is daar sprake van 'n a-simetriese verhouding waar die volwasse persoon die onvolwasse persoon toerus en die kind 'n behoefte het aan die toerusting. Landman (Sonnekus <u>et al</u>., 1984:1) meld dat die kind steunbehoewend is omdat hy nie self sy moontlikhede kan verwerklik nie. Om die rede behoort volwassenes die kind se moontlikhede te begryp sodat hulle hom kan bystaan om sy moontlikhede na die beste van sy vermoë te laat gedy. Die volwassene is in staat om op te voed omdat hy oor die kennis en bevoegdheid beskik om dit te doen.

Opvoeding vind as reël plaas wanneer daar sprake is van 'n verhouding tussen die opvoeder en die kind, in die besonder 'n gespreksverhouding (Le Roux, 1978:5). Verder toon die opvoedingshandeling 'n verloop waar die opvoeder na 'n tyd terugvoering van die kind kry waarin die kind aandui of hy baat gevind het by die opvoeding.

Opvoeding is 'n bedrywigheid waar doelwitte en doelstellings nagestreef word. As verwyderde doel beoog die ouer om die kind betroubaarheid te leer, en om die kind so ver te bring dat hy hom gewilliglik aan die reëls en die verordeninge van die gemeenskap, sy ouers en van God self sal onderwerp. Nog verwyderde doelstellings is dat die kind sal inskakel by die gemeenskap, die gemeenskap se waardes sal huldig en dat hy met mense sal omgaan (Van der Walt <u>et al</u>., 1981:13).

Van der Walt (1983:56) meld dat ouers as opvoeders onmiddellike doelwitte met hul kinders se opvoeding wil bereik. Die ouers wil die kinders ondersteun dat hulle:

- kreatief kultuur sal skep;
- taal beheers;
- suiwer, doeltreffend en ekonomies dink;
- hul emosies beheers; en
- hulle liggaamlik goed versorg.

Opvoeding is verder 'n handeling waardeur ouers aan hul kinders 'n voorbeeld stel van hoe hulle later self in 'n soortgelyke situasie kan optree (Schoeman, 1979:209).

Die opvoeding toon bepaalde eienskappe wat die opvoeder in aanmerking moet neem wanneer hy die kind wil opvoed. Die kind is onder andere onselfstandig, onverantwoordelik, behoeftig aan opvoedingsbemoeienis en onmagtig om op te tree (Van der Walt, 1983:32). Tog is die kind 'n persoon wat self sy moontlikhede wil ontsluit en dit is die ouer se plig om hom aan te spoor om homself in te span om sy moontlikhede ten volle te ontplooi (Sonnekus et al., 1984:1).

Opvoeding kan op 'n deurlopende basis in alle situasies waarin die kind hom bevind, geskied. Dit vind veral in die gesinslewe plaas (Gadpaille, 1970:302).

Opvoeding kan intensioneel of onopsetlik geskied. Intensionele opvoeding geskied wanneer opvoeders met 'n spesifieke doel die kind wys op die regte, die behoorlike en die aanvaarde. Die opvoeder beplan die opvoedingshandeling dan bewustelik en skep 'n geleentheid waar hy die kind opvoed (De Klerk & Nieuwenhuis, 1983:20).

Onopsetlike opvoeding dui op die voorlewing van volwassenes as opvoeders. Die kind leef tussen mense en sien hoe hulle optree. Die lewenswyse van opvoeders beïnvloed die kind dan in 'n groot mate. Gadpaille (1970:302) noem dat ouers voortdurend aan hul kinders een of ander tipe geslagsopvoeding gee deur dit wat hulle van hulself dink, hoe hulle praat en optree asook hoe hulle as man en vrou in die huwelik reageer. Verder lig die karakter en persoonlikheid van ouers hul kinders in oor hoe mans en vrouens optree. Die kinders besef wat hulle van hulself moet verwag en hoe hulle later in hul lewens in die huwelik moet optree.

Opvoeding is altyd lewensbeskoulik bepaald. Opvoeders as kenners en interpreteerders van norme is verteenwoordigers van die norme (Schoeman, 1979:85). Veral die ouers speel hierin 'n belangrike rol as die primêre opvoeders van die kind (Van Zyl, 1975:94). Die kind behoort toenemend gehoor te gee aan die sedelik- normatiewe appèl wat tot hom spreek. Die lewensopvatting van die opvoeders word deur opvoeding die lewensopvatting wat die kind verstaan en aan homself toe-eien (Sonnekus et al., 1984:14).

...

Wanneer 'n volwassene tot ontmoeting kom met 'n onvolwasse kind en met liefde en gesag onder leiding van bepaalde beginsels en norme hulp aan die kind verleen sodat hy volwasse kan word, is daar sprake van opvoeding (Van der Walt, 1983:33). Vir die Christen is ware volwassewording, mondigwording in die koninkryk van God en die bereidheid om die roeping en taak wat God op die mens gelê het op te neem en daarmee te werk (Van der Walt, 1983:33).

## 2.5 GESLAG

Die begrip "geslag" dui op sake wat met seksualiteit of voortplanting te doen het. Verder dui dit op die verdeling van die menslike ras in twee groepe naamlik die manlike en vroulike geslag (De Villiers et al., 1983:164). Die verdeling berus enersyds op grond van anatomiese en fisiologiese eienskappe wat eie is aan elk van die twee geslagte en andersyds manifesteer verskille tussen die twee geslagte in die funksies wat die ma en die vrou in die samelewing verrig, asook in intra-psigiese eienskappe wat as eienskappe van mans en vroue beskou word (Goldman & Goldman, 1982:3).

Geslag dui ook op die sosiale etiket wat die twee groepe, naamlik mans en vrouens van mekaar onderskei (Goldman & Goldman, 1982:4).

## 2.6 GESLAGTELIKHEID EN SEKSUALITEIT

Geslagtelikheid dui op die psigologiese eienskappe wat by die twee geslagte op grond van hul geslag teenwoordig is. Dit dui op die wesenskenmerke van manlikheid en vroulikheid. Geslagtelikheid kan as 'n belangrike deel van die persoonlikheid van die mens gesien word (Bongers & De Klerk, 1980:6).

Volgens Brues & Greenberg (1981:18-20) impliseer die breë spektrum van man-wees en vrou-wees dat die volgende aspekte waarneembaar is:

- die anatomiese en fisiologiese kenmerke en funksies van die manlike en vroulike liggaam;

- die wyse waarop die persoon affektief en kognitief sy of haar geslagtelikheid beleef;

- die sin en betekenis wat die individu aan sy of haar liggaam heg;

- die waardes en norme wat die individu se gedrag as man of vrou bepaal;

- die houding wat die persoon teenoor hom of haar self openbaar, asook die houding teenoor die teenoorgestelde geslagte;

- die verhouding tussen die twee geslagte.

Geslagtelikheid dui dus op manlikheid en vroulikheid wat deel is van menswees. Dit is deur God gegee om by te dra tot die skeppende dryfkrag en vermoëns van die mens tot vervulling van sy unieke rol as man of vrou (TOD, 186:2).

Die omskrywing van die "Sex information and education Counsel of the United States" sluit hierby aan en lui soos volg:

"Sexuality is the end result of sexualization which establishes the whole human being as male or female, including all sex related thoughts, fantasies, information self-images, feelings,, behavior and experiences (Atwood <u>et al</u>., 1983:57).

Campbell (1986:301) noem nog 'n belangrike aspek van geslagtelikheid, naamlik dat die geslagtelikheid van mense nie net as hul gedrag gesien moet word nie, maar as 'n integrale deel van hul menslikheid wat al van voor geboorte af teenwoordig is.

Die begrippe "geslagtelikheid" en "seksualiteit" stem in 'n groot mate ooreen en word so in hierdie navorsing gebruik. Menslike seksualiteit kom deur die hele lewe van die mens tot uitdrukking. Seksualiteit word erken as 'n psigo-fisiologiese stelsel wat afsonderlik, maar nou verwant aan die voortplanting en urinestelsels van mans en vroue bestaan (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, 1987:1).

### 2.6.1 Die wese van seksualiteit

Seksualiteit is deel van al die aktiwiteite waaraan 'n persoon dwarsdeur sy normale lewensduur deelneem en is 'n uiting van persoonlikheid. Dit kan verder omskryf word as 'n integrasie van die fisiese, sosiale en intellektuele aspekte van die persoonlikheid van 'n individu wat uiting aan manlikheid of vroulikheid gee. Psigologies en sosiaal weerspieël 'n mens se seksualiteit die kulturle en etiese waardes en sosiale norme van die gemeenskap waarin hy leef (Departement van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, 1987:1). Bird (1983:27) meld dat seksualiteit deel uitmaak van die mens se fisieke, psigo-sosiale en geestelike dimensies. Atwood & Williams (1983:57) noem dat 'n kind se seksualiteit beïnvloed word deur sy fisiologie wat die endokrine en metaboliese sisteme insluit, asook sy kognitiewe en affektiewe vermoëns.

Seksuele identifikasie is 'n belangrike aspek van die selfbeeld van die kind en dit beïnvloed elke aspek van die kind se lewe. Dit beïnvloed onder andere die naam wat die pasgebore kind kry, watter speelgoed, klere en vriende die kind kry, asook watter studierigting hy op skool gaan volg, watter beroep gekies gaan word, en laastens hoe sy seksuele behoeftes beleef en bevredig gaan word (Bisschoff, 1972:108).

Nog 'n belangrike kenmerk van seksualiteit is dat dit nie 'n geïsoleerde saak is nie, maar dat dit deel is van die persoonlike ontplooiing in die omgang met ander persone (De Witt & Van der Veer, 1982:23).

### 2.6.2 Seksualiteit as opvoedingsaangeleentheid

Liggaamlike voorkoms, sosiale rolle en seksualiteit is 'n probleem vir kinders in hul ontwikkeling. Seuns en dogters het die taak om te leer hoe om manlik en vroulik op te tree. Die optrede verskil van kultuurmilieu tot kultuurmilieu. Die kind leer sy geslagsrol van geboorte af aan (Medinus & Johnson, 1969:671).

Ouers as volwassenes is voortdurend besig om hul kinders oor seksualiteit in te lig. Dit geskied bewustelik deur formele onderrig en onbewustelik deur houdings en gevoelens wat hul openbaar (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, 1987:1)

Samevattend kan gesê word dat die kind hom as kennende, willende, belewende, sosiale, sedelike en religieuse mens fisies binne 'n bepaalde kultuurmilieu bevind, wat ook die seksuele insluit. Die nie-volwassene roep om seksuele singewing. Dit blyk dat die seksuele en geslagtelike aspek nie geskei kan word van ander aspekte van menswees nie, omdat die mens as 'n lewende totaliteit gesien behoort te word (Bisschoff, 1977:108). Hieruit kan afgelei word dat een van die doelstellings met geslagsopvoeding seksuele volwassenheid is. Geslagsopvoeding behoort ook ten doel te hê om die kind in totaliteit tot volwaardige volwassenheid op te voed, nie net op seksuele vlak nie, maar op alle terreine.

### 2.6.3 Geslagsinligting

Die oordra van geslagsinligting is 'n belangrike aspek van geslagsopvoeding. Volgens Kruger (1980:1) sluit geslagsinligting die volgende in:

- biologies-fisiologiese feite in verband met seksualiteit,

- norme en gedragskodes van die gemeenskap.
  De Klerk & Nieuwenhuis (1983:4) noem dat geslagsinligting die volgende insluit:

- seksuele afwykings,

- sosiaal patologiese verskynsels ten opsigte van geslagtelikheid,

- higiëniese en gesondheidsaspekte met betrekking tot geslagtelikheid.

Die oordra van geslagsinligting alleen is nie geslagsopvoeding nie en die kanse is goed dat dit tot permissiwiteit en promiskuïteit by kinders sal lei. Geslagsopvoeding impliseer dat waardes en norme saam met geslagsinligting oorgedra moet word om die kind te lei tot ware volwassenheid (De Jager et al., 1985:56).

Seksualiteit en seksuele kan as sinonieme van geslag, geslagtelikheid en geslagtelike gesien word. As gevolg van die negatiewe konnotasie wat die begrip "seks" het sal die begrippe "geslag", "geslagtelikheid" en "geslagtelike" in hierdie navorsing gebruik word.

## 2.7 GESINSVOORLIGTING

Volgens Van der Merwe (1979:5) is "gesinsvoorligting" 'n omvattende begrip wat die fisiese, morele, en etiese aspekte van geslagsopvoeding omvat. Die begrip wys ook daarop dat hierdie voorligting ten doel het om gelukkige, ewewigtige en gebalanseerde huisgesinne wat as gestabiliseerde eenhede die ideale boustene vir 'n volk sal wees, te vorm. Gesinsvoorligting dui ook aan dat die gesin as die primêre opvoedingsinstansie erken word (Van der Merwe, 1979:5).

Volgens Le Roux (1977:19) vorm geslagsvoorligting 'n geïntegreerde deel van gesinsvoorligting en is dit so verweef daarmee dat dit nie geskei kan word nie. In gesinsvoorligting leer ken die kind die onderskeie geslagte en die geslagsrolle wat met die geslagte saamgaan. Hy leer ken ook die man en vrou se verantwoordelikhede, moontlikhede en beperkinge, sodat hy later binne die huwelik en gesin 'n volwaardige geslagsgenoot kan wees (Le Roux, 1977:19).

Le Roux (1978:2) meld verder dat gesinsvoorligting die interpersoonlike verhoudings in die gesin beklemtoon. Dit bied voorligting betreffende die kind se persoonlikheids- en liggaamlike ontwikkeling. Omdat karaktervorming 'n belangrike aspek van persoonlikheidsontwikkeling is bied die Christelike etiek 'n goeie basis vir gesinsvoorligting.

Die rol wat die ouer in die opvoeding van sy kind speel, en veral ten opsigte van geslagsvoorligting, word in die praktyk deurgaans in gesinsvoorligtingsprogramme beklemtoon (TOD, 1986:2). Daarom word beweer dat die benaming gesinsvoorligting gepas is.

Bisschoff (1977:107) is van mening dat geslagsopvoeding en gesinsvoorligting slegs verskillende benaminge vir dieselfde saak is. Hy haal definisies aan wat sy uitspraak staaf en waarin hy aantoon dat geslagsopvoeding die breë veld van gesinsvoorligting omvat. Hy meld verder dat geslagsopvoeding nie bloot geslagsinligting behels nie. Hy aanvaar nogtans die benaming gesinsvoorligting, omdat geslagsopvoeding so 'n negatiewe konnotasie het.

Uit die bespreking is dit duidelik dat gesinsvoorligting in wese voorligting aan die kind ten opsigte van sy geslagtelikheid is. Om die rede word gesinsvoorligting as 'n belangrike geïntegreerde afdeling van geslagsopvoeding gesién. In hierdie navorsing word die begrip "geslagsopvoeding" onderskryf omdat dit 'n beter aanduiding gee van wat die opvoeding behels, as gesinsvoorligting.

## 2.8 GESLAGSOPVOEDING

Geslagsopvoedng kan van opvoeding onderskei word, maar die begrippe is onlosmaaklik met mekaar verweef. Geslagsopvoeding is een van die aspekte van opvoeding wat bydra tot behoorlike volwassenheid by die kind. Dit is ook ten nouste verweef met die begrippe "opleiding" en "voorligting". Ten eerste word daar in die paragraaf 'n aanduiding gegee waarom daar op die benaming "geslagsopvoeding" besluit is en daarna word enkele ander aspekte wat daarmee in verband staan bespreek.

### 2.8.1 Die begrip "geslagsopvoeding"

Geslagsopvoeding kan nie van opvoeding geskei word nie, maar wel onderskei word. Volgens De Klerk & Nieuwenhuis (1983:95) is die essensiële wat nodig is vir opvoeding ook geldig ten opsigte van geslagsopvoeding. Geslagsopvoeding kan van opvoeding onderskei word op grond van bepaalde unieke inhoude.

Geslagsopvoeding dek komponente wat ook van groot belang is by opvoeding. Die komponente is:

- die kognitiewe komponent wat basiese kennis van geslagtelikheid behels;
- die emosionele komponent wat houdings, waardes en sensitiewe aspekte aangaande geslagtelikheid dek;
- die gedragskomponent dek die ontwikkeling en toepassing van kennis en vaardighede met betrekking tot seksualiteit (Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkinsontwikkeling, 1987:iv).

Die kind het behoefte aan opvoeding ten opsigte van sy geslagtelikheid omdat hy as onvolwasse mens in die wêreld bestaan as 'n persoon met 'n liggaam. Sy psige staan nie los van sy liggaam nie omdat hy sy liggaam voortdurend op affektiewe en kognitiewe vlak belewe (Van Zyl, 1977:225). Die mens se liggaam vorm die sentrum van sy bestaan as geslagtelike wese. Omdat die seun of dogter binne die raamwerk van sy of haar geslagtelikheid in die opvoedingsituasie staan, kan opvoeding nie losgemaak word van geslagtelikheid nie. Opvoeding tot volwaardige volwassenheid impliseer dan dat die kind ook volgens sy geslag tot volwaardige man of vrou opgevoed word (De Klerk & Nieuwenhuis, 1983:27). Volwaardige volwassenheid beteken hier dat die jongmens se geslagtelike gedrag ook gerig word deur sy lewens- en wêreldbeskouing en die norme wat daarmee gepaard gaan.

Daar kan van verskillende begrippe gebruik gemaak word om min of meer dieselfde gedagte weer te gee naamlik: seksuele voorligting, seksvoorligting, geslagsvoorligting, gesinsvoorligting, seksualiteitsvoorligting en seksopvoeding. Volgens De Klerk & Nieuwenhuis (1983:4) het die begrippe "seks" en "seksuele" dieselfde betekenis as "geslag" en "geslagtelike", maar omdat eersgenoemde begrippe in Afrikaans so 'n negatiewe konnotasie het word dit verkieslik nie gebruik nie.

Le Roux (1970:2) is van mening dat geslagsopvoeding slegs dui op 'n feitelike aanbieding van die geslagsfisiologie en voortplantingsproses by die mens. Hy kyk dus die bedoeling van die begrip opvoeding in sy breër verband mis en praat hier eintlik van geslagsdaadopleiding wat wel afgewys kan word. Campbell (1986:301) noem dat geslagsopvoeding soms verkeerd geïnterpreteer word, maar dat dit meer as net anatomie- en fisiologiefeite behels. Die begrip omvat onder andere ook gevoelen gedragspatrone, besluitnemingsvaardighede, norme, waardes en vaardighede vir probleemoplossing met betrekking tot intermenslike verhoudings.

Volgens Kruger (1980:3) dui geslagsopvoeding op 'n breë opvoedingsterrein wat opvoedingsaspekte in verband met manlikheid, vroulikheid en die uitlewing daarvan in die gesin kan akkomodeer. "Gesinsvoorligting" is die begrip wat algemeen deur die onderwysdepartemente in Suid-Afrika aanvaar word en wat ook geslagsopvoeding omvat.

Die siening van Kruger (1980:3) dat voorligting en opvoeding in verband met die begrippe "geslagtelike" en "geslags-" (opvoeding en voorligting) as sinonieme beskou kan word, word in die skripsie onderskryf. Daar word dan van die begrip "geslagsopvoeding" gebruik gemaak omdat dit deur skrywers in Suid-Afrika en oorsee aanvaar word (De Klerk & Nieuwenhuis, 1983:25; Campbell, 1986:22; Gordon *et al.*, 1979:4)

Volgens Vance (1985:275) behels geslagsopvoeding in die Verenigde State van Amerika nie net geslagsinligting of anatomiekennis nie, maar ook die oordra van aanvaarde norme en waardes. In Suid-Afrika behels die oordra van waardes en norme in die Christelike gemeenskap die plasing van geslagsopvoeding binne die kader van Christelike etiese beginsels, waardeur die mens as totale persoon as die kroon van God se skepping gesien word (Bird, 1983:26; Kruger, 1980:3).

Volgens Atwood & Williams (1983:56) is geslagsopvoeding ook karakteropvoeding. Geslagsopvoeding begin by geboorte en moedig die ontwikkeling van 'n persoonlike en sosiale identiteit aan. Die twee geslagte ontvang opvoeding om by hulle 'n positiewe selfbeeld te ontwikkel. Kinders leer ken hul idividuele begaafdhede as lid van 'n bepaalde geslag en dit wat daarmee saamgaan sodat hulle dit kan uitleef en ontwikkel.

Geslagsopvoeding sluit gesonde opvoeding in. Dit beteken: die oplossing van probleme wat die kind in sy ontwikkelingsgang ondervind, die bou van 'n gesonde volwasse seksualiteit, liefde en vertroue van beide ouers, die aanvaarding van sy liggaam, gesonde nuuskierigheid en openhartige kommunikasie rakende seksuele aangeleenthede. Die kind aanvaar dan sy geslagsidentiteit, geslagsrol en geslagsfunksionering wat deel uitmaak van die geheel van sy gesonde persoonlikheid (Gadpaille, 1970:303).

Ouers behoort geslagsopvoeding ook te sien as 'n ingryping, 'n formele poging om inligting te voorsien; om 'n struktuur te skep waarin 'n kind sy eie waardes omtrent seksualiteit kan vorm. Die rol wat ouers speel in die opvoeding en ook geslagsopvoeding van kinders moet nooit onderskat word nie, veral nie ten opsigte van die oordra van waardes en norme nie (Casey & Peterson, 1985:11).

### 2.8.2 Geslagsopleiding

Geslagsopvoeding behels ook die opleiding van die kind. Gunter (1972:24) omskryf opleiding as die voorbereiding deur onderrig, praktiese oefening en afrigting van kinders vir 'n spesifieke taak. Die taak waarvoor kinders in die geval van geslagsopvoeding opgelei word is die verantwoordelike uitlewing van hul geslagtelikheid as man en vrou.

### 2.8.3 Die doel met geslagsopvoeding

Volgens Le Roux (1978:1) is die doel met geslagsopvoeding om die kind op te voed sodat hy self 'n geslaagde huwelik en 'n gelukkige gesinslewe sal kan inisieer en onderhou; dat ongewenste tienerswangerskappe voorkom sal word, en dat die kind hom nie aan geslagtelik oordraagbare siektes sal blootstel nie.

Geslagsopvoeding het ook ten doel om akkurate anatomiekennis en 'n aanvaarbare woordeskat aan kinders oor te dra (Casey & Peterson, 1985:2).

Karakteropvoeding is ook 'n doel met geslagsopvoeding. Die twee geslagte behoort opgevoed te word sodat elk 'n eie karakter kan ontwikkel, veral ten opsigte van die individuele begaafdhede as man of vrou (Bird, 1983:27).

Geslagsopvoeding vanaf die kind se geboorte tot volwassenheid het ook ten doel dat die kind sy eie geslagsidentiteit, geslagsrol en geslagsfunksie sal aanvaar (Atwood <u>et al</u>., 1983:57).

'n Gesonde persoonlikheid wat die totaal van die kind se psige omvat is 'n verdere uitkoms van geslagsopvoeding. Dit sal die kind in staat stel om liefde te ontvang en te gee en om noue bande met mense te smee (Atwood <u>et al</u>., 1983:56).

Vance (1985:272) sluit by die gedagte aan as hy noem dat geslagsopvoeding onder andere ten doel het om die kind gevoelsmatig op te voed om self gevoelsbande te kan smee.

Kommunikasie tussen die ouer en die kind, veral oor geslags- aangeleenthede, is nie altyd na wense nie. Geslagsopvoeding behoort ook ten doel te hê om kommunikasie tussen ouers en kinders te laat verbeter (Brenan, 1981:30; Kenny & Orr, 1984:491).

Met geslagsopvoeding kan ouers voorkom dat die negatiewe assosiasies wat hulle as kinders in verband met geslagtelikheid ervaar het, ook by hul kinders posvat (Jurs, 1982:21).

Geslagsopvoeding behoort die vertrouensverhouding tussen ouers en kinders te versterk (Philliber & Tatum, 1981:147).

Nog 'n doelstelling wat met geslagsopvoeding nagestreef word is om geslagtelikheid op 'n eenvoudige verstaanbare wyse aan die kind te verduidelik sodat hy dit kan begryp (Atwood <u>et al</u>., 1983:59).

Die doel met geslagsopvoeding kan saamgevat word in die siening van De Klerk & Nieuwenhuis (1983:32)., Volgens die skrywers het geslagsopvoeding ten doel om inligting aangaande die volgende aspekte aan die kind oor te dra:

- fisiologiese aspekte van geslagtelikheid, wat kennis oor liggaamlike higiëne, veranderinge wat in die liggaam plaas- vind voortplanting en geboortes insluit;

- verhoudings met lede van die gesin, seuns- en dogters vriende en hegte verhoudings met die teenoorgestelde geslag voor die huwelik en in die huweliksverhouding;

- gevoelsaspekte wat verband hou met geslagtelikheid: liefde, vriendskap en jaloesie;

- norme wat in die samelewing deur opvoeders aanvaar word as die behoorlike en waardevolle;

- 'n positiewe houding en gesindheid ten opsigte van geslagtelikheid;

- en 'n raamwerk om die kind te laat optree volgens aanvaarbare norme.

### 2.8.4 Geslagsvoorligting

Soos reeds genoem is opvoeding en voorligting as begrippe nie van mekaar te skei nie; so ook geslagsvoorligting en geslagsopvoeding omdat dit dieselfde doel voor oë het naamlik om die kind te lei tot volwaardige volwassenheid. By geslagsvoorligting is daar sprake van kennisoordrag en die voorlewing van norme (Kruger, 1980:7).

Benewens die onderwys- en opvoedingstaak wat 'n opvoeder teenoor 'n kind het, het hy ook die taak om die kind voor te lig en aan hom leiding, rigting en hulp met betrekking tot sy geslagtelikheid te verskaf.

Volgens Kruger (1980:7) kan voorligting omskryf word as die verantwoordelike bemoeiing van 'n opvoeder met 'n kind om hom te ondersteun in die voorkoming en uitskakeling van faktore wat sy geestesgesondheid kan versteur, asook hulp tot die optimale ontplooiing van al sy moontlikhede. Die doel van voorligting stem ooreen met die doel van opvoeding en dit is om die kind te bring tot verantwoordelike mondige uitvoering van sy lewensroeping.

Volgens Sonnekus (1976:91) behels geslagsvoorligting spesifieke inligting en kennis omtrent seksuele dinge soos die herkoms van babas, die seksuele rypwording van die twee geslagte in die puberteit, die verhouding tot mekaar en die voortplanting van die mens. Dit is dus in breë trekke ook wat met geslagsopvoeding beoog word.

Ouers is geneig om hul opvoedingstaak ten opsigte van geslagtelikheid na te laat omdat hulle nie oor genoegsame kennis en vaardighede beskik om geslagsopvoeding na behore aan hul kinders te bied nie. Deur middel van geslagsvoorligting deur ander verantwoordelike volwassenes kan ouers voorgelig word om self die taak van geslagsopvoeding van hul kinders op te neem (Casey & Peterson, 1985:12).

## 2.9 GESLAGSAANGELEENTHEDE

Geslagsaangeleenthede dui op aangeleenthede wat in verband staan met geslagtelikheid en seksualiteit.

Volgens De Klerk & Nieuwenhuis (1983:4) dui geslagsaangeleenthede op die volgende:

- die anatomiese, fisiologiese en funksionele aspekte van die manlike en vroulike liggame met verwysing na onder andere voortplanting, konsepsie, swangerskap, asook geboorte en voeding van 'n baba;

- die psigiese, kognitiewe en affektiewe aspekte ten opsigte van geslagtelikheid;

- die norme en gedragskodes van die gemeenskap met betrekking tot geslagtelikheid;

- higiëniese en gesondheidsaspekte; en

- interpersoonlike verhoudinge tussen persone.

## 2.10 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar besin oor die ouers as opvoeders en wat hul aandeel in die opvoeding van hul kinders is. Die begrip houding is omskryf, omdat dit ouers se optrede teenoor geslagsopvoeding in 'n groot mate bepaal. Vervolgens is die begrip ge- slagsopvoeding uiteengesit deur aan te toon wat die begrippe geslag, geslagtelikheid, seksualiteit, opvoeding, opleiding en voorligting behels. Gesinsvoorligting maak deel uit van geslagsopvoeding wat nou verweef is met opvoeding wat nie moontlik is as dit nie normatief en lewensopvatlik van aard is nie.

In die volgende hoofstuk word daar gepoog om vas te stel wie verantwoordelik behoort te wees vir geslagsopvoeding. Die taak van die ouer, die skool, die kerk en ander instansies in Suid-Afrika en in die buiteland, ten opsigte van geslagsopvoeding, word ook bespreek.

# HOOFSTUK 3

## DIE NOODSAAKLIKHEID, PROBLEMATIEK EN AANBIEDING VAN GESLAGSOPVOEDING.

### 3.1 INLEIDING

In die vorige hoofstuk is die terme wat in die skripsie gebruik word verduidelik.

In hierdie hoofstuk word faktore wat geslagsopvoeding noodsaak bespreek. Daar word aandag geskenk aan samelewingstendense, toekomsverduistering, kontakinflasie, verstedeliking, sosio-ekonomiese omstandighede, vryetydsbesteding, geslagtelike bevryding, godsdiens, veranderlikheid van norme en permissiwiteit.

Die problematiek van geslagsopvoeding word behandel. Die volgende aspekte word van nader beskou: sonde, die wangebruik van kennis, die oormaat van geslagsinligting, geslagsopvoeding in die gesin, selfopvoeding en onkunde by ouers. Die onaanvaarbaarheid van die kitskursus word aangetoon.

As deel van die probleem word die taak ten opsigte van geslagsopvoeding van die ouers, die skool, die kerk en ander instansies bespreek.

### 3.2 FAKTORE WAT GESLAGSOPVOEDING NOODSAAK

Volgens Le Roux (1977:20) is geslagsopvoeding noodsaaklik omdat dit gelukkige gesinne en 'n standvastige volk tot gevolg het. Kinders raak in 'n toenemende mate bewus van sake soos egskeidings, verkragtings, kindermolestering, pornografie en homoseksualiteit (Goldman & Goldman, 1982:56). Van die belangrikste faktore wat geslagsopvoeding noodsaak word in die tendense in die samelewing gevind.

#### 3.2.1 Samelewingstendense

In die samelewing van 'n paar dekades gelede het daar nie so 'n groot noodsaaklikheid vir geslagsopvoeding bestaan as vandag nie. Die probleme rakende die geslagtelike kan nie as 'n geïsoleerde verskynsel op sigself behandel word nie. Dit moet gelees word teen die totale agtergrond van die hedendaagse maatskappy (Esterhuizen, 1980:8).

Die moderne tyd se ontwikkelings op ekonomiese, maatskaplike, staatkundige en kulturele gebied, asook die kommunikasiemedia het die Suid-Afrikaanse kind midde in die moderne tyd met sy besondere eise gebring (Kruger, 1980:8).

### 3.2.2 Toekomsverduistering

Die snelle verandering oorweldig die ouers en die kind so dat hulle toekomsskok opdoen. Toekomsskok dui op verpletterende spanning, onsteltenis en disoriëntasie wat die individu ervaar weens te veel verandering oor 'n kort tydperk (Pretorius, 1979:121).

Die hedendaagse mens is materialisties ingestel en die mens self word van min waarde geag. 'n Positiewe siening van die toekoms word onderdruk deur die feit dat die kind nie geloof in God en die ewige lewe het nie. Die kind sonder toekoms verval maklik in hedonisme omdat die sin van sy bestaan slegs in die hede lê omdat hy sy drange onmiddellik bevredig wil hê (Bird 1983:25). Dit lei tot permissiewe en promiskue geslagtelike gedrag. Die moderne kultuur dryf tieners tot seksuele eksperimentering want dit lyk vir hulle of hierdie prestasie aan hulle onafhanklikheid en kitsvolwassenheid bied (Pretorius, 1979:122).

Volgens Vance (1985:273) dwing armoede, verwaarlosing op kognitiewe vlak en swak affektiewe bande in die gesin die tiener ook om geen toekomsverwagtinge te koester nie.

### 3.2.3 Kontakinflasie

Welvaart het gelei tot 'n oppervlakkige materialistiese ingesteldheid onder mense. Daar is 'n patologiese najaging van besittings en genot ten koste van persoonlike kontak in die gesin te bemerk. Weens die drukte van sy ouers se program raak die kind dikwels vereensaam weens 'n gebrek aan werklike, diepgaande interpersoonlike kontak (T.O., 1987:10).

Die vereensaamde jeugdige het 'n sterk hunkering na liefde, aandag en 'n gevoel van belang en waarde wat hom beïnvloed om maklik in onverantwoordelike geslagsgemeenskap te verval (Vance, 1985:272). Die verhouding met gesinslede is gewoonlik op 'n onbevredigende vlak.

### 3.2.4 Verstedeliking

Kinders wat in 'n stedelike omgewing opgroei het die voordeel dat daar meer geleenthede en fasiliteite beskikbaar is vir die ontplooiing van hul persoonsmoontlikhede en hul uitgaan na die sosiale werklikheid (Pretorius, 1979:101). Daar is dan ook baie geleenthede waar kinders in onaanvaarbare geslagsaktiwiteite betrokke kan raak.

### 3.2.5 Sosio-ekonomiese omstandighede

Aan die een kant van die kapitalistiese samelewing in Suid-Afrika is daar 'n oorvloed van geld en besittings beskikbaar. Om die hoë lewensstandaard te kan handhaaf sloof ouers hulle tot die uiterste af om geld te verdien, ten koste van hul kinders. Materiële welvaart bring in baie gevalle opvoedingsverwaarlosing by kinders mee, asook 'n afstomping van godsdienstige waardes (Sonnekus, 1976:103).

Aan die ander kant bestaan daar sosio-ekonomiese omstandighede wat onder meer oorbesetting van wonings, armoede en werkloosheid insluit. Die toestande bring 'n verskraling van sosiale waardes en norme mee wat veral op die seksuele vlak die opvoeding van kinders verskraal (De Klerk & Nieuwenhuis, 1983:2).

### 3.2.6 Vryetydsbesteding

Die kind wat in die huidige samelewing nie aktief aan sport of ander aktiwiteite na die skooldag deelneem nie en wie se ouers albei werk misbruik in baie gevalle sy vryetyd (T.O., 1987:8). Die kinders verkeer algeheel passief in plaas van aktief in hul vryetyd of hulle verkwis dit deur negatiewe, sinlose aktiwiteite. Hulle bring hul tyd deur by maats wat 'n baie negatiewe invloed op hul geslagsopvoeding kan hê wat tot permissiewe gedrag kan lei.

### 3.2.7 Geslagtelike bandeloosheid

In die huidige samelewing raak pornografie in 'n toenemende mate beskikbaar terwyl druk op morele standaarde toegepas word. Die kind word hierdeur meer blootgestel aan seksuele drifte en drange (Barnard, 1989:5). Buite-egtelike verhoudinge met die gepaardgaande geslagsdaad neem

inderdaad toe in die praktyk (T.O. 1987:3). 'n Aanduiding hiervan is die toename van 4,1 buite egtelike geboortes in 1975 tot 4,5 buite egtelike geboortes in 1978 per duisend van die blanke bevolking van Suid-Afrika (Mostert, 1981:2).

Marcell (1982:146) meld "Sex centered advertising has taken over. The Press, Billboards, TV, Movies, Paperbacks, Comics, Postcards and so on, all use sex to attract attention and motivate behaviour".

Baie jongmense sien heteroseksuele gedrag nie meer uitsluitlik verbonde aan die huwelik nie, maar vind dit aanvaarbaar wanneer daar 'n langdurige gevoelsverbondenheid bestaan tussen twee persone. Hierdie houding is 'n uitvloeisel van die breë verandering in die kultuur (De Witt & Van der Veer, 1982:123).

Ouers is soms self in geslagsverhoudinge buite die huwelik betrokke. Die vraag is hoe die kind sy seksualiteit gaan uitleef met sulke rolmodelle wat hy as voorbeeld het? (Strouse & Fabes, 1985:258).

### 3.2.8 Godsdiens

Wêreldwyd is die tendens te bespeur dat die gesin toenemend liberaal en selfs permissief raak. Christelike beginsels word nie meer doelbewus by die kind tuisgebring nie en die kind word dikwels aan homself oorgelaat om die norme en waardes vir sy lewe vas te stel (Jurs, 1982:18).

Margaret Sanger, die stigter van die geslagsvoorligtingsorganisasie "Planned Parenthood Federation of Amerika" wat 'n groot invloed op die kinders in die VSA het, het dit onomwonde gestel dat sy die taboe's wat aan geslagtelike gedrag in die Christelike gemeenskappe kleef wil afbreek. Alle mense het vryheid tot die uitlewing van hul geslagtelikheid volgens hul eie morele waardes (Jurs, 1982:20).

Kenny & Orr (1984:495) noem dat vroue in die VSA van mening is dat opvoedkundige kursusse wat geslagsopvoeding behels neutraal in terme van godsdiens moet wees en dat hulle genoeg klem behoort te lê op al die metodes van kontrasepsie.

Nog 'n probleem wat in die hedendaagse samelewing te bemerk is, is die feit dat kerkgroepe die Bybel gebruik om hul politieke sienings en selfs revolusie te regverdig. Die Bybel word ook gebruik om liberale sienings van geslagtelikheid te regverdig. So noem Smith (1975:1) dat die kerk van rigiede reëls en breë etiese beginsels ten opsigte van geslagtelikheid bevry moet word. Die klem moet geplaas word op individuele vryheid en verantwoordelikheid. Verskillende lewenstyle soos die van die homoseksueles moet aanvaar word. Hierdie siening word deur die navorser op grond van 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing afgekeur.

### 3.2.9 Veranderlikheid van norme

Met die snelle veranderinge wat met die tegnologiese ontwikkeling en die goeie kommunikasiemedia gepaard gaan is daar veranderlikheid, vervaging, ambivalensie, nivellering en minimalisering van geslagsnorme te bespeur. Dit bring mee dat ouers en jeugdiges nie meer weet wat reg en wat verkeerd in bepaalde situasies is nie (De Klerk & Nieuwenhuis, 1983:9).

Die snelle verandering in die samelewing bring mee dat waardes uit die volkstradisie of die godsdiens verander of bevraagteken word. Dit is veral te bemerk op die terrein van die geslagtelike moraal (Esterhuizen, 1980:1).

Esterhuizen (1980:4) is verder van mening dat geslagtelikheid in ons tyd problematies geword het en dat daar 'n openheid in verband met die geslagtelike ingetree het. Digters, skrywers, dagblaaie, tydskrifte en die televisie deel in die openheid en die verwarring van waardes en norme.

### 3.2.10 Permissiwiteit

Jeugdiges en volwassenes word in die moderne samelewing voortdurend beïnvloed deur liberale invloede (T.O., 1987:6). Die liberale kultuur en lewensbeskouing van 'n permissiewe samelewing word deur middel van die kommunikasiemedia tot binne elke huis gedra. Die permissieweinvloed van die samelewing dra by tot sekularisme, liberalisme en hedonisme (Strouse & Fabes, 1985:257; Barnard 1989:5).

Televisieprogramme kan geslagtelike gedrag beïnvloed en anti-sosiale gedrag bevorder. As opvoedingsbron is dit nie net die eksplisiete uitbeelding van geslagtelikheid op televisie wat 'n groot invloed op kykers het nie maar ook implisiete seksuele boodskappe (Scales, 1981:24).

Jurs (1982:19) noem dat die "Planned Parenthood Federation of America", wat geslagsopvoeding aan ouers en kinders verskaf, die standpunt huldig dat geslagsgemeenskap binne die huwelik of buite die huwelik, homoseksualiteit of enige geslagsaktiwiteit aanvaarbaar is. Dit is slegs 'n saak van individuele keuse (Scales, 1981:23). Die "Sex information and education Council of the United States of America" (SIECUS) hou ook as credo voor dat die vryheid om persoonlike seksuele keuses te maak 'n fundamentele menslike reg is (Van der Merwe, 1979:30).

De Klerk & Nieuwenhuis (1983:8) noem dat die permissiewe persoon ook onverantwoordelik staan teenoor:

- kennis en begrip van die werking van sy eie en 'n ander se liggaam;

- sy eie geslagtelikheid as 'n persoon met 'n manlike of 'n vroulike rol in die samelewing;

- invloede wat as goed of sleg uit die samelewing op hom inwerk;

- foutiewe inligting, wanopvattings en verkeerde houdings jeens geslagtelikheid.

Ten slotte word weer daarop gewys dat spanning en verhou-houdingsprobleme in die gesin een van die hoofoorsake is wat tot permissiewe en onverantwoodelike geslagtelike gedrag by kinders lei (Vance ,1985:274).

Dit is dus duidelik dat die samelewing soos wat dit vandag daar uitsien die ouer en die opvoeder noop om geslagsopvoeding aan kinders te bied om hulle in staat te stel om hul geslagtelikheid op 'n verantwoordelike Christelike wyse uit te leef (Barnard, 1989:9).

## 3.3 DIE PROBLEMATIEK VAN GESLAGSOPVOEDING

Die meeste ouers is bewus van hul verantwoordelikheid om geslagsopvoeding aan hul kinders te bied. Weens probleme wat hulle ondervind kom hulle nie hul verantwoordelikheid na nie (Barnard, 1989:3).

Enkele sake wat in verband staan met die problematiek van geslagsopvoeding word vervolgens bespreek.

### 3.3.1 Sonde

Volgens Kruger (1980:6) is alles wat in verband met geslagtelikheid staan vir sommige mense sonde. Omdat dit sonde is moet dit verswyg word en selfs onskuldige vrae van kleuters word as 'n openbaring van boosheid beskou.

Jurs (1982:21) noem dat daar verkeerdelik net na die geslagsdaad gekyk word en dat dit as sonde beskou word. Verbondenheid, liefde, vertroue en respek in liefde, vertroue en respek in die seksuele verhouding word misgekyk.

### 3.3.2 Wangebruik van kennis

Ouers is bekommerd dat geslagsopvoeding geslagtelike eksperimentering en promiskuïteit tot gevolg sal hê (Scales, 1981:24). Volgens Vance (1985:275) word daar so ver gegaan dat bewerings gemaak word dat geslagsopvoeding ongewenste swangerskappe en die verspreiding van geslagtelik oordraagbare siektes tot gevolg het.

Jurs (1982:21) bring die saak in perspektief en noem dat as die geslagsinligting in die opvoedingskonteks aan die kind oorgedra word, word die bogenoemde gevare vermy. Indien die inligting in die lig van die Christelike etiek en die Westerse kultuurtradisie aan die hand van waardes en norme oorgedra word kan die effek net positief wees.

Gordon et al. (1979:22) gee ook 'n verduideliking waarom geslagsopvoeding nie so gevaarlik vir kinders is as wat sommige ouers meen nie. Hy noem dat daar in Swede waar kinders redelik goed ingelig is, 'n skerp afname in ongewenste swangerskappe bespeur is. Deur geslagsopvoeding word die wanopvattings wat deur die kommunikasiemedia en

leke versprei word geneutraliseer. Navorsing wat Gordon et al. gedoen het, het getoon dat kennis nie houdings en waardes laat verswak nie, maar dat dit verantwoordelike gedrag tot gevolg het. Onkunde of verkeerde inligting, soos in baie sfere van die lewe, kan baie probleme vir kinders veroorsaak (Gordon et al., 1979:10).

### 3.3.3 Oormaat van geslagsinligting

Ouers is met reg bekommerd dat kinders te veel eensydige, onakkurate en onvolledige geslagsinligting van hul maats en deur middel van die kommunikasiemedia ontvang. Strouse & Fabes (1985:254) noem dat baie ouers nalaat om voldoende en korrekte geslagsinligting aan hul kinders te verskaf en dat die kommunikasiemedia die taak van die ouers oorgeneem het en onnodig te veel onakkurate geslagsinligting aan kinders verskaf.

### 3.3.4 Voorouers se geslagsopvoeding

Ouers wat die houding openbaar dat hulle sonder geslagsopvoeding 'n goeie lewe kan lei, hou nie tred met die werklikheid nie, want hulle neem nie in ag dat die hedendaagse samelewing gekenmerk word deur ongelukkige huwelike, egskeidings, snelle ontwikkeling en dubbele standaarde nie (Dallas, 1972:23). Elke generasie het sy eie spanningsituasies wat hy moet verwerk en die kinders is op hul ouers aangewese om die norme en waardes van die Christelike etiek ook in geslagsopvoeding van hul ouers te leer (Bird, 1983:30).

### 3.3.5 Geslagsopvoeding ondermyn die gesin

Volgens Scales (1981:22) spruit die houding dat geslagsopvoeding deur persone van buite die gesin die gesin ondermyn voort uit die ouers se siening dat geslagsopvoeding uitsluitlik hul verantwoordelikheid is. Hulle wil verseker dat die geslagsopvoeding wat verskaf word met hul eie waardes strook. Volgens Scales (1981:22) is die oplossing dat ouers bereid moet wees om die skool, die kerk of ander instansies te help om 'n geslagsopvoedingsprogram saam te stel wat vir hulle aanvaarbaar is.

Parcel & Coreil (1985:10) verwerp ook die siening dat geslagsopvoeding die gesin ondermyn omdat daar uit navorsing wat hulle gedoen het blyk dat geslagsopvoeding nie probleme in die gesin veroorsaak nie, maar dit eerder oplos. Volgens hul bevindinge is dit ook die meeste ouers se gevoel.

### 3.3.6 Selfopvoeding

Die geslagtelike sosialiseringsproses is baie kompleks van aard en daar is baie faktore, behalwe die opvoeding deur die ouer self, wat die kind se geslagsopvoeding beïnvloed. Die kind word byvoorbeeld beïnvloed deur onwillekeurige opvoeding wat ander persone aan hom bied deur hul houdings en optrede.

As die ouer sy plig versaak, doen die kind self geslagskennis op deur gesprekke met sy maats en sy blootstelling aan die massakommunikasiemedia. Volgens Strouse & Fabes (1985:254) belemmer die seksinligting egter in die meeste gevalle die kind se morele ontwikkeling en begin hy verwronge en permissiewe waardes aanhang.

Gordon et al. (1979:10) is van mening dat die vraag nie is hoeveel kinders van geslagtelikheid behoort te weet nie maar of hulle voldoende korrekte geslagskennis verkry om geslagtelik verantwoordelik op te tree.

### 3.3.7 Onkunde by ouers

Ouers word self verwar deur die verskeidenheid van geslagswaardes en norme wat vandag bestaan en hulle is onseker oor watter inligting hulle aan hul kinders moet oordra (Casey & Petersen, 1985:12). Scales (1981:23) meen dat ouers self geslagsvoorligting wil ontvang omdat hulle nie seker is hoe om geslagsopvoeding aan hul kinders in die verskillende ontwikkelingstadia aan te bied nie. Kenny & Orr (1984:492) het bevind dat 81 % van 'n groot steekproef van ouers in die VSA graag ondersteuning wil hê in die geslagsopvoeding van hul kinders. Koblinsky & Atkinson (1982:35) stel voor dat geslagsvoorligtingsprogramme in gemeenskappe ingestel behoort te word om ouers van strategieë te voorsien om die vrae van hul kinders te kan beantwoord, en om waardes aan hul kinders oor te dra.

### 3.3.8 Die kitskursus in geslagsopvoeding

Die opvatting kom onder ouers voor dat hulle wanneer hul kinders puberteit bereik het en geslagsryp is, geslagsopvoeding op een dag gaan afhandel (Le Roux, 1977:19). Die ouers verkeer onder die wanindruk dat hul kinders niks van geslagsaangeleenthede af weet nie en dat hulle al die vrae van die kinders in een inligtingsessie sal kan beantwoord. Hulle kan beslis nie die wanopvattings en vals inligting in die enkelgesprek uitwis nie (Dennet, 1932:39).

Dallas (1972:9) noem dat die ouers ook nog opsien teen die onaangename taak wat hulle moet verrig, wat nog verder bydra tot die mislukking van die tipe geslagsopvoeding.

Om by geleentheid 'n boek in die kind se hand te stop om self gou al die geslagsinligting op te lees is beslis ook nie die oplossing nie, want die kind wil graag sy eie belewing van seksualiteit met iemand wat hy vertrou bespreek (Campbell, 1986:301).

## 3.4 WIE SE TAAK IS GESLAGSOPVOEDING?

Deel van die problematiek van geslagsopvoeding is die vraag of die ouer of die skool of die kerk of ander instansies die geslagsopvoeding van kinders moet behartig. Daar word nou eerstens na die taak van die ouer gekyk.

### 3.4.1 Geslagsopvoeding as taak van die ouer

Die ouer het 'n groot invloed op die opvoeding van sy kind. Ouers se voorbeeld en hul voorleef van aanvaarbare norme en waardes is rigtinggewend vir die kind. Die taak van die ouer as primêre opvoeder word vervolgens bespreek.

#### 3.4.1.1 Ouers as primêre opvoeders

Geslagsopvoeding is onteenseglik die voorreg en die plig van die ouer omdat geslagsopvoeding by geboorte reeds begin en dit die mens in al sy fasette en verhoudings met ander mense betrek (Van der Merwe, 1979:vi). Die ouers as primêre opvoeders word verantwoordelik gehou vir die opvoeding tot

verantwoordelike geslagtelike gedrag van hul kinders (Bongers & De Klerk, 1980:5). Geslagsopvoeding beteken vir die ouer dat die kind van geboorte af tot volwassenheid opgevoed word en dat daar aan hom norme voorgehou moet word aan die hand waarvan hy of sy kan onderskei tussen reg en verkeerd op seksuele gebied. Die kind moet opgroei in 'n atmosfeer waarin hy algaande onderrig word in wat behoorlik en toelaatbaar is (Sonnekus, 1976:91).

Kammijer (1978:10) noem dat ouers se voorbeeld, voorligting, leiding en opvoeding van die belangrikste faktore is in hul kinders se persoonlikheidsontwikkeling en karaktervorming. Met die geslagsopvoeding wat die ouers bied wil hulle die kind voorberei om self geslagtelik verantwoordelik op te tree.

Gadpaille (1970:302) noem dat die karaktertrekke en die persoonlikhede van elke ouer die kinders leer wat 'n man en wat 'n vrou is, wat om van hulself te verwag en wat om van 'n man of vrou te verwag wanneer hulle eendag getroud is.

Volgens Gadpaille (1970:303) vind die belangrikste seksuele leer in die kind se voorskoolse jare plaas. Kinders het al wanneer hulle drie jaar oud is 'n besef dat hulle manlik of vroulik is. Hierdie geslagsidentiteit bly die res van hul lewens onveranderd. Gordon et al. (1979:9) beaam hierdie stelling.

Mac Donald (1980:9) is van mening dat ouers verantwoordelik is vir die probleme wat kinders ten opsigte van hul geslagtelikheid ondervind. Hy grond sy aanname op die bevindings van 'n opname van die houdings van leerlinge. Gordon et al. (1979:15) het ook uit navorsingbevindinge afgelei dat kinders hul ouers as geslagsopvoeders verkies. Die meeste het aangetoon dat hul ouers die persone is wat hulle die meeste vertrou om geslagsinligting aan hulle oor te dra. Hulle het hul ouers bo hul maats, die skool, die kerk en mediese personeel verkies.

Strouse & Fabes (1985:260) noem dat baie navorsing wat gedoen is aangetoon het dat 'n dogter se ma die belangrikste invloed op haar het, wat haar daarvan weerhou om voorhuwelikse geslagsgemeenskap te hê of om voorbehoedmiddels te gebruik.

Navorsing wat op nasionale vlak in die VSA gedoen is het aangetoon dat 80 % van die volwasse Amerikaners van mening is dat ouers die primêre geslagsopvoeders van hul kinders moet wees. Die ander 20 % was ten gunste van enige ander instansie (Koblinksy en Atkinson, 1982:29). 'n Groot persentasie ouers aanvaar egter ook ander instansies as sekondêre geslagsopvoeders.

Die meeste ouers wil self hul kinders se geslagsopvoeding onderneem. Hulle besef ook dat skole, kerke, gemeenskapsinstellings en die kommunikasiemedia net aanvullende geslagsopvoeding kan aanbied omdat hulle nie die plek van die ouer kan inneem en die ouers se waardes oordra nie (Gordon et al. 1979:27). Om die rede is dit ook noodsaaklik dat ouers gekonsulteer word by die samestelling en aanbieding van geslagsopvoedingsprogramme deur bogenoemde instansies (Dallas, 1972:38). Ouers moet ook die reg hê om 'n keuse uit te oefen of hul kinders geslagsopvoedingsprogramme mag bywoon of nie.

Volgens Kenny en Orr (1984:494) word daar in die VSA deur wette en ordonnansies bepaal dat ouers en lede van die gemeenskap moet deelneem in die beplanning van geslagsopvoedingsprogramme en kurrikulums.

**3.4.1.2 Die aandeel van die moeder en vader aan geslagsopvoeding**

Die moeder het veral 'n besondere invloed op haar dogter en die vader op sy seun. Gadpaille (1970:302) noem dat die moeder wat gelukkig is as vrou haar vroulikheid so uitleef dat haar dogter graag haar geslagsrol sal wil aanvaar.

Die man wat hom afsloof in sy werk stel die voorbeeld dat die volwasse man sy gesin verwaarloos (Gadpaille, 1970:300). Bird (1985:26) het in navorsing wat in die VSA gedoen is gevind dat vaders minder op verbale en emosionele vlak met hul kinders kommunikeer as moeders. Dit kan nie net daaraan toegeskryf word dat hy baie meer by sy werk betrokke is nie, maar ook aan die tradisionele Westerse houding dat die moeders die kinders versorg en opvoed.

Gordon *et al*. (1979:16) haal gegewens aan wat verkry is van die United States Commission on obscenity and pornography waarin bevind is dat vaders slegs 10 % spesifieke inligting oor seksualiteit aan hul kinders verskaf. Daar is gevind dat dit hoofsaaklik moeders is wat geslagsinligting aan kinders verskaf.

3.4.1.3 Ouers voel nie opgewasse om self geslagsopvoeding aan te bied nie

Brenan (1981:28) het gevind dat ouers in Amerika in hierdie dae van "seksuele openheid" nie ernstige gesprekke met hul kinders voer oor seksuele houdings en gedrag nie.

Navorsingsresultate van Parcel & Coreil (1985:11) toon dat dit inderdaad so is. Hulle het gevind dat 73 % van die ouers voel dat hul kinders geslagsopvoeding moet ondergaan, maar slegs 45 % doen self iets op 'n lukrake wyse daaraan. Harris *et al*. (1983:18) het ook gevind dat ouers self hul kinders se geslagsopvoeding wil aanbied maar dat min van hulle iets daadwerkliks daaraan doen. Le Roux (1978:7) noem dat ouers in Suid-Afrika ook om verskeie redes nalaat om spesifieke geslagsopvoeding vir hul kinders aan te bied.

Bird (1985:26) is van mening dat ouers nie opgewasse is vir die taak van geslagsopvoeding nie, omdat die seksuele revolusie hulle self verwar. Ander het nie kennis van opvoedkundige metodes om dit oor te dra nie, terwyl sommige ouers nie 'n biblioteek tuis het waarin genoegsame akkurate inligting saamgevat is nie. Ouers is ook so emosioneel betrokke by hul eie seksuele houdings dat hulle moeilik objektief met hul kinders daaroor kan praat (Gadpaille, 1970:30).

Dit wil voorkom of dit nie die kinders is wat nie oor geslagsaangeleenthede wil praat nie, maar dat ouers te skaam is om daaroor te praat (Gordon *et al*., 1979:15). Volgens Le Roux (1978:7) en Van der Merwe (1979:5) is dit in Suid-Afrika ook die geval.

De Klerk & Nieuwenhuis (1983:10) is van mening dat ouers bang is dat hulle nie oor genoegsame korrekte inligting beskik nie of hulle beskou geslagsopvoeding as onnodig.

Ouers voel ongemaklik om met hul kinders oor geslagsaangeleenthede te praat omdat hulle self nie geslagsopvoeding ontvang het nie (Gordon *et al*., 1974:22).

### 3.4.1.4 Hulp aan ouers

Baie professionele persone is verbaas oor die onkunde wat by ouers bestaan ten opsigte van geslagsaangeleenthede (Gadpaille, 1970:302). Om geslagsopvoeding te kan aanbied sal ouers se houdings ten opsigte van geslagsopvoeding verander moet word en hulle sal self geslagsvoorligting moet ontvang om hul kinders geslagsopvoeding te kan aanbied.

Volgens Gadpaille (1970:302) noop die kompleksiteit en emosionaliteit van geslagsaangeleenthede die skool en gemeenskapsinstellings om die ouers van hulp te wees met hul kinders se geslagsopvoeding.

Voorligters behoort aan ouers te verduidelik hoe 'n groot invloed hulle op hul kinders se geslagtelike gedrag het (Gadpaille, 1970:302). Hulle het ook die taak om ouers daarvan bewus te maak dat hulle hul seksualiteit op so 'n wyse moet uitleef soos hulle wil hê hulle kinders dit moet doen. Ouers kan nie inkonsekwent en vyandig teenoor mekaar optree en verwag dat hul kinders gesonde seksuele gedrag in 'n geslagsopvoedingsprogram moet leer nie (Gadpaille, 1970:302).

Die meeste ouers erken self dat hulle nie ten volle voorbereid is om hul kinders geslagsopvoeding te gee nie en hulle verwelkom bystand met die voorwaarde dat dit normatief van aard moet wees (Gadpaille, 1970:304).

Enige instansie wat geslagsopvoeding aanbied moet geleenthede vir ouers skep om hulself te kan vergewis van wat geslagsopvoeding behels. Gadpaille (1970:305) en Van der Merwe (1979:29) is van mening dat die instansies wat geslagsopvoeding aanbied aan ouers literatuur en 'n literatuurlys oor die onderwerp beskikbaar moet stel sodat ouers self korrekte geslagsinligting kan bekom. Die boeke behoort ook breëre opvoedingsaangeleenthede te dek. In Amerika bied Sex Information and Education Council of the United States sulke literatuur, maar die strekking daarvan is nie altyd positief nie.

In Engeland het die BBC deur middel van die radio en die televisie programme aangebied om ouers ten opsigte van geslagsopvoeding in te lig. Videobande en films word ook vervaardig wat deur skole en ander instansies gebruik kan word om ouers voor te berei om self geslagsopvoeding aan hul kinders te bied (Van der Merwe, 1979:30).

In Suid-Afrika het die Departement van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling in 1987 'n program geloods om ouers en ander opvoeders oor geslagsopvoeding en geslagtelike oordraagbare siektes in te lig. Verskeie brosjures en boeke is gepubliseer en versprei (Departement van Gesondheid en Bevolkinsontwikkeling, 1987:iv).

Die meeste geslagsvoorligtingsprogramme vir ouers in die VSA word so opgestel dat dit ouers se bekommernisse probeer oplos. In die evaluering van die ouerleidingsprogramme het Casey & Peterson (1985:12) gevind dat dit gewoonlik die volgende doelwitte het:

- om ouers se kommunikasievaardighede te verbeter;
- om ouers voor te berei om die primêre geslagsopvoeders van hul kinders te wees;
- om akkurate inligting rakende seksualiteit oor te dra;
- om ouers se selfvertroue en gemak in die bespreking van seksualiteit op te bou.

Ouers behoort die kursusse by te woon as hul kinders nog klein is, omdat ouers dan so 'n groot invloed op hul kinders het (Casey & Peterson, 1985:15).

**3.4.1.5 Die ouer en hul kinders se maats**

Ouers is daarop teë dat hul kinders geslagsinligting van hul maats ontvang. Volgens Libby et al. (1974:79) het slegs 2 % van die ouers wat hulle in hul navorsing betrek het getoon dat hul maats in die geslagsopvoeding van hul kinders betrek moet word.

Volgens De Klerk & Nieuwenhuis (1983:8) is ouers gekant teen die feit dat maats hul kinders moet inlig in verband met geslagsake omdat hulle self deur hul maats ingelig is

en omdat ander kinders gewoonlik foutiewe en onvolledige inligting oordra. Volgens Goldman & Goldman (1982:392) kan kinders die verkeerdste mites onder mekaar versprei.

### 3.4.1.6 Norme en waardes

Die ouer se opvoedingstaak is nie net om norme en waardes aan 'n kind oor te dra nie, maar ook om hom te begelei sodat die norme vir hom sin verkry. Dan sal hy gehoor gee aan die norme en verantwoordelik optree (De Klerk & Nieuwenhuis, 1983:5). Volgens Van der Merwe (1979:37) tree die Christen kind in Suid-Afrika verantwoordelik op wanneer sy gedrag getuig van die aanvaarding van die waardes en norme soos vervat in die Christelike etiek.

Brenan (1981:30) is van mening dat ouers hul waardes en norme wat ten opsigte van geslagtelikheid geld slegs kan oordra as daar goeie kommunikasie tussen ouers en kinders is en as die kinders nie bedreig voel nie. Volgens Woody (1975:8) is die beste metode om norme en waardes oor te dra aktiewe en openhartige kommunikasie tussen ouers en kinders.

Nadat geslagsonderrig aanvanklik objektief aangebied is sonder die beklemtoning van norme noem Scales (1981:24) dat kontemporêre geslagsopvoeding in Amerika gebaseer is op die oordra van waardes wat gegrond is op morele standaarde. Scales (1982:33) omskryf norme egter as dit wat vir elke gemeenskap in die besonder aanvaarbaar is.

Volgens Libby (1970:24) wil die meeste ouers sien dat waardes in alle onderrig op skool bespreek moet word, maar veral as geslagsopvoeding aangebied word. Hy is ook van mening dat kuisheid voor die huwelik deur ouers en onderwysers aangemoedig moet word. Onderwysers wat geslagsopvoeding aanbied behoort objektief die siening van waardes van die ouers en die gemeenskap aan die kinders oor te dra. Hul eie siening mag dalk te liberaal wees.

Gadpaille (1970:303) is van mening dat ouers 'n belangrike rol kan speel in die geslagsopvoeding van hul kinders wanneer hulle die waardes waarin hulle glo duidelik identifiseer en konsekwent daarvolgens lewe. Op die wyse leer 'n kind oortuigings aan en leef daarvolgens.

**3.4.1.7 Ouers se houding ten opsigte van die inhoud van geslagsopvoedingsprogramme**

Ouers wil insae hê in die onderwerpe wat in geslagsopvoeding by die skool gedek gaan word. Hulle wil ook weet of die onderwyser vir hulle aanvaarbaar is (Kenny & Orr, 1984:493 en Koblinksy & Atkinson, 1982:31).

Ouers skram weg daarvan om aborsie, homoseksualiteit, menstruasie en masturbasie met hul kinders te bespreek (Koblinksy & Atkinson, 1982:31). Dieselfde skrywers het tot die gevolgtrekking gekom dat ouers die bespreking van sekere kontroversiële en waarde belaaide onderwerpe tot die adolessente jare van hul kinders uitstel en hul kinders op die manier aanmoedig om die inligting by hul maats te kry. Hierdie tendens verminder die ouer se sukses as geslagsvoorligter.

Omdat ouers nalaat om hul kinders oor geslagtelik oordraagbare siektes in te lig dra hulle daartoe by dat tienderjariges onverskillig optree en die siektes opdoen (Campbell, 1986:300).

**3.4.1.8 Kommunikasie tussen ouers en kinders**

Kommunikasie tussen ouers en kinders is van kardinale belang indien die ouers geslagsopvoeding wil laat slaag. Geslagsopvoedingsprogramme behoort ten doel te hê om kommunikasie tussen bogenoemde partye te laat verbeter.

Parcel & Coriel (1985:10) het gevind dat 79 % van die steekproef van ouers wat hulle in navorsing betrek het, laat blyk het dat Parcel en Coriel se geslagsvoorligtingskursus wat hulle deurloop het, kommunikasie met hul kinders laat verbeter het. Philliber & Tatum (1981:142) het reeds in 1979 dieselfde in hul navorsing aangetoon.

Volgens Mac Donald (1980:10) sal meer openlike kommunikasie tussen ouers en adolessente help om beter besluite te neem ten opsigte van hul seksuele gedrag. Brenan (1981:29) moedig ook openlike kommunikasie tussen ouers en kinders aan en noem dat dit die effektiefste wyse is om waardes oor te dra.

Campbell (1986:301) is weer van mening dat boeke wat handel oor geslagsopvoeding die aangewese hulpmiddel is om kommunikasie oor geslagsaangeleenthede aan te wakker.

Volgens Casey & Peterson (1985:13) toon ouers deur 'n openheid in hul kommunikasie met hul kinders dat hulle hul kinders as geslagtelike wesens aanvaar. Dit bied aan die kind die geleentheid om sy geslagtelikheid op 'n realistiese wyse uit te leef.

Woody (1973:9) meld dat openheid en onbelemmerde kommunikasie oor geslagsaangeleenthede van onskatbare waarde is in die skepping en instandhouding van betekenisvole verhoudings. Om kommunikasie met hul kinders te bevorder behoort ouers volgens Woody (1973:9) op die volgende te let:

- Ouers behoort van kleins af openhartig met hul kinders oor geslagsaangeleenthede te praat want dit rig hul houding daaroor.

- Die voorbeeld van albei ouers as persone wat op hul gemak oor geslagsaangeleenthede kan praat voorsien 'n model vir hul kinders dat hulle as mans en vrouens op hul gemak daaroor kan praat.

- Ouers behoort klem daarop te lê dat hul kinders eerlik en openhartig moei kommunikeer oor hul geslagtelikheid.

- Ouers behoort die idee oor te dra dat seksualiteit deel is van 'n persoon se totale persoonlikheid, en dat mense van alle ouderdomme wat besluit om seksueel by 'n ander persoon betrokke te raak moet besef dat hy of sy die persoon in sy totaliteit betrek.

Dallas (1972:22) noem ook dat een van die grootste probleme wat oorkom moet word in kommunikasie oor geslagtelikheid, is dat ouers en kinders 'n aanvaarbare woordeskat moet aanleer wat beide partye kan verstaan. Sodra kinders die korrekte benaminge geleer het ontstaan daar die besef by kinders dat geslagtelikheid 'n behoorlike saak is wat bespreek mag word en dat dit op volwasse en behoorlike wyse gedoen kan word.

Vir goeie kommunikasie is nie net geslagskennis en die gepaste woordeskat nodig nie maar ook die bereidheid en die sosiale vaardigheid aan te leer om oor geslagsaangeleenthede te praat (Dallas, 1972:22).

### 3.4.1.9 Sosio-ekonomiese status en geslagsopvoeding

Uit navorsingsbevindinge blyk dit dat onverantwoordelike geslagtelike gedrag veral onder gemeenskappe met swak sosio-ekonomiese toestande voorkom en dat ouers met 'n swak sosio-ekonomiese status onverskillig staan teenoor geslagsopvoeding (Gordon et al., 1979:35).

Volgens Libby (1970:243) neem middelklas ouers 'n positiewe houding in teenoor geslagsopvoeding in die gesin en ook waar dit deur ander instansies aangebied word.

Opvoeding en kennis wat deel uitmaak van 'n hoë sosio-ekonomiese status word geassosieer met 'n positiewe houding ten opsigte van geslagsopvoeding. Volgens Libby (1970:236) is dit deur navorsing bevestig dat hoër sosiale klasse 'n meer liberale houding teenoor geslagsopvoeding openbaar as laer sosiale klasse.

### 3.4.1.10 Houdings

Kundiges aanvaar die feit dat geslagshoudings reeds by baie jong kinders gevorm word en dat ouers baie nou daarby betrokke is. Gesonde houdings jeens geslagtelikheid by ouers gaan heel waarskynlik gesonde houdings by hul kinders te weeg bring indien sekere opvoedingspraktyke gevolg word (Koblinsky & Atkinson, 1982:30).

Die oordra van houdings behels positiewe verbale en nie-verbale versterking, aanmoediging, gebare, beloning en toegeneentheid, negatiewe versterking deur onttrekking van aandag of beloning, gedrag as rolmodelle deur ouers, die aanbied van informasie, toon van aanvaarding, empatie, warmte, en selfopenbaring (Strouse & Fabes, 1985:259).

Houdings toon gewoonlik 'n persoon se voorkeur of afkeur en hang van 'n persoon se waardes af. Ouers behoort 'n openlike benadering ten opsigte van geslagsopvoeding te hê en hulle behoort die nodige kennis van geslagsaspekte, norme en waardes en die onderrig van kinders te bekom (Woody, 1973:5).

Ouers behoort 'n middeweg te vind tussen die twee uiterste houdings, naamlik dat enige geslagsaktiwiteit goed is of dat alle, geslagsaktiwiteite sleg is.

Ouers behoort die houding te huldig dat geslagsorgane en hul funksies nie inherent vuil, onooglik of sondig is nie (Scales, 1981:24). Kinders behoort van geboorte af as seuns of dogters behandel te word. Geslagsopvoeding behoort gesien te word as 'n langdurige proses wat plaasvind tussen ouers en kinders, maar voordat die kind puberteit bereik behoort kinders akkurate en volledige inligting oor geslagsaangeleenthede te ontvang (Casey & Peterson, 1985:12).

Ouers kan bewustelik bydra tot vorming van die kind se houding ten opsigte van seksualiteit deur effektiewe metodes van opvoeding, wat op goeie kommunikasie steun (Casey & Peterson, 1985:13).

### 3.4.2 Geslagsopvoeding as taak van die skool

Soos reeds aangetoon bied ouers in baie gevalle en om verskeie redes nie voldoende of geen formele geslagsopvoeding aan hul kinders nie. Omdat die kind hom in die moderne samelewing bevind is dit noodsaaklik dat die skool ook die ouer sal bystaan in die opvoeding van die kind op geslagtelike gebied (Barnard, 1989:11).

#### 3.4.2.1 Geslagsopvoeding as taak van die skool

Die skool aanvaar die taak omdat dit ten doel het om die kind tot volwaardige volwassenheid as totale persoon op te voed. In Suid-Afrika impliseer dit dat die kind wanneer hy tot volwassenheid opgevoed is ook sy geslagtelikheid verantwoordelik volgens die riglyne van die Christelike etiek sal uitleef.

Volgens Vance (1985:275) vorm die invloede wat van die ouers uitgaan die kind se gevoelens oor homself en sy seksuele gedrag. Geslagsopvoeding is tradisioneel as taak van die gesin gesien, maar dit word al hoe meer die taak van die skool om die volgende redes:

- ouers is onwillig of onbevoeg om voldoende geslagsopvoeding aan aan hul kinders te verskaf;

- skole beskik oor akkurate inligting wat nie altyd aan ouers beskikbaar is nie;

- opgeleide geslagsopvoeders het hulpmiddels beskikbaar soos: films, kaarte, boeke en videobande.

**3.4.2.2 Ouerbetrokkenheid by die geslagsopvoedingsprogram van die skool**

Volgens verskeie skrywers word daar in die VSA gepoog om ouers by geslagsopvoedingsprogramme te betrek en hulle toon 'n paar belangrike aspekte van ouerbetrokkenheid aan.

Om ouers se seggenskap as primêre opvoeders oor hul kinders te erken behoort die skool altyd hul toestemming te vra om geslagsopvoeding aan hul kinders aan te bied (Norris, 1986:17; Scales, 1982:33 en Kenny & Orr, 1984:493). Om seker te maak dat die ouers die skool se geslagsopvoedingsprogram sal steun behoort die personeel die geslagsopvoedingskurrikulum saam met die ouers te beplan en behoort hulle die ouers oor die inhoud van die program in te lig (Libby, 1970:234; Scales, 1982:33 en Parcel & Careil, 1985:10).

**3.4.2.3 Geslagsopvoeding en skoolvakke**

Van der Merwe (1979:vii) het in sy uitgebreide sending na oorsese lande gevind dat geslagsopvoeding in Amerika en Engeland geïntegreerd met ander vakke in die skool aangebied word. Volgens Kenny & Orr (1984:493) word geslagsopvoeding in die VSA geïntegreer met vakke soos: Gesinsvoorligting, Wetenskap of Sosialewetenskap, Huishoudkunde, Biologie en Menslike bewegingsleer. Volgens 'n opname deur die Alan Guttmacher Instituut in die VSA word 92 % van die geslagsopvoeding wat in die skool aangebied word as deel van ander vakke aangebied. Brenan (1981:28) voel dat geslagtelikheid beslis in die Bybelonderrigklas bespreek kan word omdat dit aan die hand van Bybelse waarhede toegelig kan word.

In Engeland word geslagsopvoeding ook by die meeste skole geïntegreerd met vakke soos Gesondheisopvoeding, Biologie, Voorligting en Godsdiens aangebied (Van der Merwe, 1979:11). Dallas (1972:75) noem dat gesinsvoorligting met die doel om die huwelikslewe te bestendig as 'n aparte kursus by sommige skole aangebied word.

In Suid-Afrika het Van Rooyen (1985:133) gevind dat daar 'n aantal aspekte van geslagsopvoeding in die sillabus vir die vak voorligting op skool vervat is. Dit word ook gedek deur 'n program wat as Burgerlike en Kulturele verantwoordelikheid bekend staan. Geslagsopvoeding word deur al vier die provinsies van Suid-Afrika as komponent Geesteswerbaarheid aangebied (Van Rooyen, 1985:134). In die VSA en Engeland is dit gewoonlik onderwysers wat geslagsopvoeding in die verskillende ander vakke op skool aanbied (Van der Merwe, 1979:11). In Suid-Afrika word dit aangebied deur onderwysers wat Geesteswerbaarheid op skool aanbied en in Transvaal word dit aangevul deur programme van die adjunk-superintendent: Gesinsvoorligting wat die skole besoek (Van Rooyen, 1985:133).

Ten opsigte van aangeleenthede wat die onderwyser raak, word daar volstaan met Scales (1982:33) se siening dat onderwysers wat geslagsopvoeding aanbied behoorlik opgelei moet word. Die onderwysers moet ook geskool word in die verskeidenheid waardes waarmee hulle te doen gaan kry. Onderwysers moet ook tot die besef gebring word dat hulle ook ouers moet aanmoedig om hul taak as primêre geslagsopvoeders van hul kinders op te neem.

### 3.4.2.4 Multi-dissiplinêre benadering

Ten opsigte van geslagsopvoeding in die skool word daar volstaan met die gedagtes van Gadpaille (1970:306). Geslagsopvoeding is 'n koöperatiewe onderneming. Dit behels nie net die ouers, die skool en die kerk nie, maar ook die kommunikasiemedia en die hele gemeenskap. Geen skool kan ouerlike opvoeding vervang nie, omdat opvoeding deur sy ouers die belangrikste indruk op die kind maak. Skole kan belangrike dimensies tot geslagsopvoeding toevoeg, maar dit kan slegs suksesvol gedoen word as ouers met die skool saamwerk.

### 3.4.2.5 Die ouer en die skool

Die gesin sal voortgaan om 'n belangriker rol in geslagsopvoeding te speel as die skool of enige buite instansie. Dit geld veral as dit kom by die stel van 'n voorbeeld en die oordra van waardes aan kinders (Philliber & Tatum, 1981:142 en Kenny & Orr, 1984:496).

Casey & Peterson (1985:12) steun ook die gedagte dat ouers die skool se aanbieding van geslagsopvoeding moet steun en noem dat daar baie geleenthede bestaan vir ouers om betrokke te raak by geslagsopvoeding.

### 3.4.2.6 Geslagsopvoedingsprogramme in skole in Suid-Afrika

(a) Transvaal

Gesinsvoorligting soos wat die Transvaalse Onderwysdepartement dit aanbied het as primêre doel om 'n gelukkige, voorbeeldige gesinslewe in harmonie met gemeenskapsnorme te benader. Die uitlewing van die mens se geslagtelikheid as man of vrou hang ten nouste daarmee saam (TOD 1986:1).

Die Transvaalse Onderwysdepartement erken dat geslagsopvoeding onteenseglik die voorreg en plig van die ouer is en dat dit by geboorte begin en die mens in al sy fasette en verhoudings betrek (TOD, 1986:2).

In Transvaal funksioneer die gesinsvoorligtingsprogram vanweë die kompleksiteit daarvan as 'n selfstandige program. Ander skoolvakke ondersteun en bevestig die werk wat in die Gesinsvoorligtingsprogram gedoen word en lewer volgens eie aard en sillabus 'n belangrike deelbydrae tot Gesinsvoorligting (TOD, 1986:2).

Die Geesteswеerbaarheidskomponent wat deel uitmaak van die Jeugweerbaarheidsprogram op skole dek in die afdeling menseverhoudingsaspekte wat die gesin en geslagtelikheid oppervlakkig raak (TOD, 1987:2-33).

In elk van die verskillende streke in Transvaal is daar 'n adjunk-superintendent: gesinsvoorligting aangestel om gesinsvoorligting by al die pre-primêre, primêre en sekondêr skole in die streek aan te bied. Die persoon word deur die hoofde van skole genooi om 'n volledige

gesinsvoorligtingskursus na skoolure vir die ouers en die kinders van skole aan te bied. Alle leerlinge wat die kursus bywoon moet eers toestemming van hul ouers kry en die ouers word per brief breedvoerig ingelig oor wat die kursus behels (TOD, 1986:2).

Die adjunk-superintendent: gesinsvoorligting word streng gekeur en beskik oor goeie opleiding om die program behoorlik aan te bied.

Daar word op verantwoordelike wyse gebruik gemaak van opvoedkundige hulpmiddels by die aanbieding van die program. Individuele onderhoude word gevoer met ouers en kinders wat dit verkies (TOD, 1986:21).

3.4.2.6 (b) Kaapland

In skole onder beheer van die Kaaplandse Onderwysdepartement word 'n kernprogram in gesinsvoorligting aangebied wat die minder intieme aspekte van die gesinslewe dek en wat in die gewone klaskamersituasie aangebied word (Van Rooyen, 1985:161).

Die opsionele program handel oor die intieme aspek van Gesinsvoorligting. Kinders mag slegs met die skriftelike toestemming van hul ouers deelneem aan die opsionele program (Booyens & De Klerk, 1980:59). Die opsionele program is ontwikkel vir daardie groep kinders wat nie gesinsvoorligting tuis ontvang nie. Die program word met die grootste voorsorg, deur gekeurde onderwysers op 'n verantwoordelike wyse aan 'n bepaalde seun of dogter aangebied wat daarom vra (Van Rooyen, 1985:164).

Volgens die Departement van Onderwys van Kaapland (1978:1) behoort die skool ten opsigte van gesinsvoorligting deur middel van die bestuursraad, die ouer-onderwysersverenigings, oueraande en huisbesoek met die ouers te skakel.

Van Rooyen (1985:165) noem ook dat die Kaaplandse Onderwysdepartement vra dat die skole nou met die ouers sal skakel en die ouers sal betrek by die geslagsopvoedingsprogram (Van Rooyen, 1985:166).

Doelwitte wat met die skakeling met ouers gestel word is:

- om kommunikasie tussen ouers en leerlinge te bewerkstellig en laat voortduur,

- om ouers te motiveer om die geslagsopvoeding van hul kinders self te onderneem (Onderwysdepartement van Kaap die Goeie Hoop, 1978:12 & 13).

3.4.2.6 (c) Oranje-Vrystaat

In skole in die Oranje-Vrystaat word gesinsvoorligting by skole as 'n kernprogram en 'n opsionele program aangebied. Die kernprogram word aan alle leerlinge aangebied en dit handel nie oor geslagsonderrig of intiemer aspekte van gesinsvoorligting nie. Die opsionele program behels intiemer persoonlike- en geslagsvoorligting en word slegs na behoefte aan leerlinge met die skriftelike toestemming van die ouers of voogde aan klein groepies leerlinge aangebied (Departement van Onderwys Oranje-Vrystaat, 1983:1).

In die skool maak gesinsvoorligting 'n afdeling uit van die Geesteweerbaarheidskomponent van die Jeugweerbaarheidsprogram. Die hoof keur die onderwysers wat hulle self moet bekwaam om die kernprogram in die skool aan te bied (Departement van Onderwys Oranje-Vrystaat, 1983:2).

Volgens die Departement van Onderwys van die Oranje-Vrystaat (1983:4) kan die hoof enige personeellid wat aan sekere vereistes voldoen kies om die opsionele program aan te bied.

Die Departement van Onderwys van die Oranje-Vrystaat (1983:4) is ook van mening dat ouers self hul kinders behoort in te lig in verband met gesinsverhoudings en geslagsake. Skakeling met die ouers is baie belangrik en oueraande behoort gereël te word om ouers by die gesinsvoorligtingsprogramme te betrek.

3.4.2.6 (d) Natal

In Natal besluit die skoolhoof en sy adviserende bestuursraad of 'n gesinsvoorligtingskursus aangebied behoort te word of nie (Van Rooyen, 1985:33).

Van Rooyen (1985:133) noem verder dat aspekte van gesinsvoorligting in die skoolvak Voorligting se sillabus omvat word. In Natal word daar ook mikrokursusse in Gesinsvoorligting aangebied wat min of meer die inhoude dek wat in Geestesweerbaarheid in Transvaal aangebied word. Volgens Van Rooyen (1985:133) ontbreek die komponent Geslagsvoorligting egter in hierdie kursusse.

Ten opsigte van ouerbetrokkenheid word ouers vooraf in kennis gestel en toestemming word verkry om Geslagsvoorligting aan te bied. Die ouers het die reg om die leerlinge van die lesse te onttrek. Ouers word ook genooi om die kursus self by te woon (Van der Merwe, 1985:134).

CANCEL

### 3.4.2.7 Geslagsopvoeding as taak van die skool in die buiteland

(a) Die Verenigde State van Amerika

Die aanbieding van geslagsopvoeding in skole is al deeglik in die VSA nagevors, verskeie goeie programme is opgestel en meningsopnames toon dat die meeste ouers geslagsopvoeding in die skole aanvaar. Tog bly geslagsopvoeding in die skool 'n kontroversiële aangeleentheid. Kenny & Orr (1984:493) noem dat daar in 1982 in 'n opname deur die Urban Institute, gevind is dat by die meeste junior en senior hoërskole geslagsopvoeding aangebied word. In baie skole word geslagsopvoeding nie as 'n aparte vak aangebied nie. Die opname het ook getoon dat 92 %' van die skole wat wel geslagsopvoeding aanbied dit geïntegreerd met vakke soos Huishoudkunde, Gesinsvoorligting, Biologie en Menslike bewegingsleer aanbied. Gordon <u>et al</u>. (1979:49) ondersteun die bevindings en noem dat geslagsopvoeding ook as 'n onderafdeling van gesondheidsopvoeding aangebied word.

Volgens die statistiek van die Urban Institute (1982), aangehaal deur Kenny & Orr (1984:494), is ouers van mening dat die skool die volgende aspekte in geslagsinligting behoort te dek:

- fisiese verskille tussen geslagte,

- swangerskap en geboorte,

- geslagtelik oordraagbare siektes,

- die konsekwensies van swangerskap,

- persoonlike waardes.

Ouers is teë daarop dat aborsie, masturbasie en homoseksualiteit bespreek moet word. Die bespreking van die gebruik van voorbehoedmiddels en die verkryging daarvan word in 'n redelike mate aanvaar.

Dit is duidelik dat baie skole en skooldistrikte in die VSA nie geslagsopvoedingsprogramme aanbied nie omdat hulle nie die kritiek van ouers wil verduur nie, want geslagsopvoeding bly 'n kontroversiële saak. Scales (1982:33) het as oplossing die betrokkenheid van ouers by alle aspekte van die geslagsopvoedingsprogram wat die skool wil aanbied. Ouers het bepaalde houdings ten opsigte van sekere onderwerpe wat gedek word soos hierbo aangetoon. Hulle siening moet in aanmerking geneem word by die beplanning van die kurrikulum. Ouers wil ook geken word daarin dat hulle moet toestemming verleen aan hul kinders om die geslagsopvoeding te ontvang.

Scales (1982:33) beveel ook aan dat die aanbieders die ouers moet inlig oor die inhoud van die program. Dit kan tydens 'n oueraand gedoen word of briewe kan aan die ouers gestuur word. Daar word ook aanbeveel dat daar geslagsvoorligtingskursusse vir ouers aangebied moet word om ouers in staat te stel om self geslagsopvoeding in die gesin aan te bied (Kenny & Orr, 1984:492; Scales, 1982:33).

(b) Die Verenigde Koninkryk

Volgens Goldman & Goldman (1982:55) woed die stryd oor die aanbieding van geslagsopvoeding nog lustig. Phillips (1986:45) sluit hierby aan as hy bevindings aanhaal wat "This Week" gevind het in 'n opname wat hy onder ouers gemaak het. Daar is gevind dat ouers oor baie min akkurate

kennis oor geslagtelikheid beskik, maar dat 52 % van die ouers voel dat ouers moet besluit wat in geslagsopvoedingsprogramme ingesluit moet word. Twee-en-veertig persent van die ouers het gevoel dat onderwysers daaroor moet besluit.

Verder tree die plaaslike onderwysowerhede (Local Education Authorities) so outonoom op in die samestelling van geslagsopvoedingskurrikulums dat daar van gebied tot gebied groot verskille heers ten opsigte van die aanbiedingswyse en inhoud van geslagsopvoeding. Daar heers ook nie eenstemmigheid oor wie geslagsopvoeding moet aanbied en op watter ouderdom dit 'n aanvang moet neem nie (Goldman & Goldman, 1982:55).

Die plaaslike onderwysowerheid van die skool, wat die hoof en die ouers uit die skoolomgewing insluit, stel die sillabusse vir geslagsopvoeding op, stel sentrums vir inligting beskikbaar, roep die gespesialiseerde hulp van dokters en die plaaslike gesondheidsdepartement in en keur en lei onderwysers op om geslagsopvoeding aan te bied (Dallas, 1972:160). As gevolg van die individuele samestelling van geslagsopvoedingsprogramme in die gebiede bestaan daar nie 'n eenvormige benadering nie (Bongers & De Klerk, 1980:141). Dit is te wagte omdat daar 163 plaaslike onderwysowerhede in Engeland en Wallis is (Van der Merwe, 1979:33).

In die Verenigde Koninkryk en in die meeste plaaslike owerheidsdistrikte word die ouer as primêre geslagsopvoeder van sy kind beskou (Van Rooyen, 1985:92). Die probleem bestaan egter ook soos reeds aangetoon dat ouers nie hierdie verantwoordelikheid kan of wil aanvaar nie en dat die skool om die rede 'n bydrae moet maak (Van der Merwe, 1979:10 en Bongers & De Klerk, 1980:19).

### 3.4.3 Geslagsopvoeding as taak van die kerk

Die kerk het ook belang by geslagsopvoeding omdat goeie geslagsopvoeding in Suid-Afrika volgens die Christelike geloofsoortuiging veral eties normatiewe opvoeding is (Kruger, 1980:13). Omdat geslagsopvoeding so 'n emosiebelaaide onderwerp is het die kerk nog meer belang daarby as wat dit het by die ander vakke wat op skool aangebied word. Ouers is self verward oor die geldigheid en aanvaarbaarheid van waardes en norme in die moderne samelewing en het die ondersteuning van die kerk nodig om

norme en waardes wat spruit uit die Christelike etiek aan hul kinders voor te hou. Omdat die Tien Gebooie leer dat getroude mense nie mag skei nie, en dat kinders ook hul ouers in liefde moet respekteer het die kerk veral ook 'n taak te vervul ten opsigte van gesinsvoorligting (Bongers et al., 1980:56).

Volgens Pretorius (1950:18) het die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika reeds in 1942 besluit dat die kerk leiding en positiewe onderwysing in geslagsaangeleenthede op hom moet neem. Daar word veral klem gelê op die daarstelling van lektuur vir ouers en kinders. In "Programsketse vir jeugwerk" wat Kital van die Nederduits Hervomde Kerk van Afrika uitgee het, is ook besprekings ingesluit wat oor geslagsopvoeding handel (Kital, 1983:1).

In 1977 het die Direkteur van Onderwys van Transvaal 'n beroep op ouers en die Kerk gedoen om erns te maak met hul taak en verantwoordelikheid om aan kinders geslagsopvoeding te verskaf, omdat die tyd waarin hulle leef dit noodsaak. Die Sinodale Jeugkommissie van die Nederduits Gereformeerde Kerk het in samewerking met hooggeplaaste lede van die Transvaalse Onderwysdepartement, 'n handleiding vir ouers opgestel. Die doel was om vir die gemiddelde ouer 'n praktiese en uitvoerbare handleiding te bied van hoe om op te tree met betrekking tot die seksuele ontwikkeling in die lewe van normale kinders. Die agtergrond van die boekie "Seksonderrig aan kinders deur ouers" is 'n Bybelsgefundeerde Christelike lewensbeskouing van die ouers en die Kerk (Kammeijer, 1978:9). Dit is jammer dat 'n titel soos "seksonderrig" gekies is. Soos die navorser in hoofstuk twee aangetoon het, het die woord 'n negatiewe konnotasie. "Geslagsopvoeding" sou meer aanvaarbaar wees.

Hierdie poging is 'n goeie voorbeeld van konstruktiewe samewerking tussen die kerk en die skool om kinders deur middel van hul ouers van geslagsopvoeding te voorsien.

In die VSA bemoei die kerk hom grootliks met geslagsopvoeding. Die kerke kan egter in twee kampe verdeel word, naamlik die wat 'n liberale siening van menslike geslagtelikheid propageer en die wat die tradisionele Christelike etiese norme en waardes voorstaan.

Smith (1975:13) is een van die predikante wat deur middel van Sex Information and Education Council of the United States (SIECUS) die liberale siening van die United

Methodist Church van Amerika propageer. Hy noem dat daar 'n groot toename was in die betrokkenheid van die kerk by geslagsopvoeding. Baie kerkgenootskappe en gemeentes het komitees aangestel om geslagsopvoeding te behartig.

Volgens Smith (1975:14) moet daar van eng reëls na breër algemene etiese beginsels beweeg word wat meebring dat mense vryer kan besluite neem volgens hul eie verantwoordelikheid en dat alle maniere waarvolgens geslagtelikheid uitgeleef word, aanvaarbaar is. Pornografie toon die waardering vir die liggaam en die genot wat dit inhou en masturbasie is 'n aanvaarbare geslagtelike ondervinding wat aangemoedig kan word. Homoseksueles is sondaars soos enige ander mens en moet in liefde vergewe en aanvaar word, want hul gedrag is anders maar hul persoonlikhede toon nie patologiese simptome nie (Smith, 1975:14). In die geval van (SIECUS) betrek hulle die kerk by onaanvaarbare liberale seksonderrig wat op Bybelse gronde verwerp moet word.

Volgens Jurs (1982:21) onderskryf die Planned Parenthood Association of America dieselfde liberale sienings van geslagtelikheid as SIECUS soos hierbo aangehaal. Sy beveel daarteenoor aan dat waardes wat aanvaarbaar is vir die grootste godsdienstige en etniese groepe gevind moet word en aan kinders oorgedra moet word in geslagsopvoeding. Die kerk moet die kind ook leer dat hy tussen onbybelse sienings en die ware Bybelse waarhede kan onderskei. Die kerk moet kinders leer wat ware liefde is en hoe hulle die liefde as geslagtelike wesens kan uitleef (Jurs, 1982:21).

Die navorser wys soos Jurs (1982:21) die sienings van geslagtelikheid soos gehuldig deur SIECUS en die Planned Parenthood Association of America af. Volgens Kruger (1980:2) gee die Bybel voldoende leiding aan die mens om geslagtelik korrek op te tree en die navorser stem daarmee saam.

In 1986 noem Campbell (1986:300) dat daar in die VSA 'n sterk terugswaai na die tradisionele waardes te bespeur is. Die "Evangelical Christian publishing houses" publiseer 'n vloed inligtingstukke oor geslagsopvoeding wat onder andere kuisheid tot die huwelik vereis. Daar word druk uitgeoefen om geslagsopvoedingshandboeke wat te liberaal is te beperk. Wetenskaplikheid, outoriteit en objektiwiteit word nie meer geduld as die enigste kriteria om boeke goed te keur nie.

Morele en godsdienstige waardes moet 'n belangrike rol speel. Die kerke pleit dat aborsie verbied moet word en hulle wil hê dat dokters ouers in kennis moet stel as hulle voorbehoedmiddels aan kinders voorsien. Onder die Reagan administrasie is daar baie vermag om die aanbevelings te laat realiseer (Campbell, 1986:300).

Volgens Bird (1983:25) roep die probleme wat kinders ondervind die kerk op om geslagsopvoeding aan te bied. Die probleme is: voorhuwelikse geslagsgemeenskap wat toeneem onder tienderjariges, ongewenste swangerskappe, aborsies, geslagsiektes, en probleme van enkelouergesinne.

Bird (1983:25) noem verder dat die kerk en die ouers in die moderne samelewing die volgende gemeen het:

- Hulle aanvaar dieselfde waardesisteem, naamlik die Christelike.

- Hulle deel 'n band wat oor geslagte heen strek.

- Die kerk en die ouers het dieselfde bekommernisse.

- Ouers kry leiding van kerkleiers wat hulle ook met die kinders bemoei.

Uit al hierdie raakpunte tussen die gesin en die kerk spreek dit vanself dat die kerk ook 'n belangrike rol kan speel in die geslagsopvoeding van die kinders en hulpverlening aan ouers om geslagsopvoeding te onderneem.

Ouers is oor die algemeen bereid om met die kerk saam te werk. Navorsing wat Libby et al.(1970:76) gedoen het het getoon dat 94 % van die ouers in hul steekproef van mening was dat die gesin in samewerking met die kerk geslagsopvoeding moet aanbied.

### 3.4.4 Geslagsopvoeding as taak van ander instansies

#### 3.4.4.1 Die Staat

Die Staat het 'n plig teenoor sy burgers om ook geslagsopvoedingsprogramme saam te stel en aan te bied. Die moderne Staat soos die van Suid-Afrika het die verantwoordelikheid om geslagtelikoordraagbare siektes te voorkom, asook om die bevolkingsgroei te beheer omdat natuurlike hulpbronne uitgeput kan raak (De Klerk & Nieuwenhuis, 1983:8).

Gordon et al.(1979:50) is van mening dat die politieke gesag in 'n demokratiese land heel moontlik nie 'n beduidende invloed op die individu se gedrag sal hê nie omdat mense sal optree volgens wat hulle van belang vir hulself beskou. Verder noem Gordon et al.(1979:51) dat jongmense 'n negatiewe houding openbaar teenoor enigiets wat 'n amptelike stempel dra. Hulle is ook van mening dat 'n oplossing moontlik is as gesinsbeplanningsklinieke deur gemeenskapslede beman word.

Volgens Gordon et al.(1979:51) gaan permissiewe geslagtelike gedrag en 'n lae opvoedkundige en ekonomiese peil van mense hand aan hand. Die Staat se plig lê dan daarin dat hy deur middel van geslagsvoorligting beter opvoedkundige geleenthede asook beter ekonomiese toestande vir die armes moet skep om die probleem die hoof te bied.

In die VSA bestee die Department of Health and Human Services en in die besonder die Office of Family planning jaarliks miljoene dollar aan die ontwikkeling van geslagsopvoedingsprogramme om die probleem van voorhuwelikse geslagsgemeenskap onder adolessente op te los (Kenny & Orr, 1984:495). 'n Voorbeeld van die geslagsopvoedingsprogramme wat onderneem word is die van die Suffolk County in die VSA wat deur Harris et al. (1983:20) beskryf word. Die doel van die program was om ongewenste swangerskappe onder tienderjarige meisies te voorkom. Kursusse vir ouers en kinders is aangebied en 'n mediaveldtog is van stapel gestuur met die ondersteuning van die kantoor van gesinsbeplanning en die Departement van Gesondheid, Onderwys en Welsyn. Verder was die doel van die veldtog om aan die behoefte van tienderjariges aan geslagsinligting te voorsien en ook om die ouers van hulp te wees om die geslagsinligting aan kinders oor te dra.

Die Planned Parenthood organisasie in die VSA is deur die Staat van fondse voorsien om ongewenste swangerskappe te help beperk. Jurs (1982:21) trek te velde daarteen omdat ongekontroleerde verskaffing van voorbehoedmiddels teen Christelike beginsels indruis.

Norris berig dat daar in 1984 in die VSA 15 gesondheidsklinieke by skole was en dat dit in 1986 op 71 te staan gekom het. By hierdie klinieke is voorbehoedmiddels vryelik beskikbaar en by sommige word aborsies gereël (Norris, 1986).

Volgens Mc Cormick <u>et al</u>.(1982:581) is daar oral in die VSA gesinsbeplanningsklinieke van die Departement van Gesondheid waar tieners inligting en voorbehoedmiddels kan ontvang. Die meeste tieners wat die klinieke besoek doen dit eers nadat hulle geslagsgemeenskap gehad het en bekommerd raak oor swangerskap of geslagtelik oordraagbare siektes.

### 3.4.4.2 Planned Parenthood

Die Planned Parenthood organisasie in die VSA en Europa lê in die opleiding van sy voorligters sterk klem daarop dat hulle die ouers as die primêre geslagsopvoeders van hul kinders moet ondersteun. Scales (1981:231), Casey & Peterson (1985:13) toon aan dat die organisasie lesings aanbied vir ouers. In die lesings word ouers ingelig oor die groei en ontwikkeling van hul kinders. Hulle leer ook meer van hul rol as geslagsopvoeders en ook om hulle self te vergewis van hul eie seksuele waardes en houdings. Huiswerk vorm deel van die kursusse en die ouers moet openhartig gesprekke met hul kinders gaan voer oor hul belewing van geslagtelikheid.

### 3.4.4.3 SIECUS en ander soorgelyke organisasies

Die "Sex information and education council of the United States"(SIECUS) bied ouervoorligtingsprogramme aan met die doel om die ouers in staat te stel om met hul kinders oor geslagsaangeleenthede te kan praat. Geslagsopvoeding wat aan die kinders aangebied word het ten doel om die kind in staat te stel om verantwoordelike besluite te kan neem, en om die besluite uit te voer (Scales, 1981:23). Die

organisasie het 'n baie liberale siening van die uitlewing van geslagtelikheid. (Kyk ook paragraaf 3.4.3). Omdat baie van die verteenwoordigers van SIECUS geslagsgemeenskap voor die huwelik aanvaarbaar vind spits hulle hul eerder toe op seksopvoeding met meer klem op die geslagsdaad as op geslagsopvoeding.

Op grond van die hedonistiese siening wat lede van SIECUS huldig is die geslagsopvoeding wat hulle voorstaan vir die Suid-Afrikaanse ouer onaanvaarbaar omdat dit indruis teen die Christelike waardes en norme wat deur die meeste ouers gehuldig word.

In die Verenigde Koninkryk is organisasies werksaam soos die International Planned Parenthood Federation wat geslagsvoorligtingskurssusse vir ouers en onderwysers aanbied. Die organisasie stel inligtingstukke op en versprei dit aan ouers, skole en aan kinders. Van der Merwe (1979:33) en Dallas (1972:60) noem dat die organisasie oor groot biblioteke beskik en onderwyshulpmiddels voorsien.

Dallas (1972:61) meld ten opsigte van die Verenigde Koninkryk dat die Local Health Authorities in die onderskeie gebiede wat hulle bedien geslagsopvoeding aanbied deur hul gesondheidsopvoedingsafdeling. By sommige departemente bestaan daar inligtinsentrums wat geslagsinligting aan ouers, kinders en onderwysers voorsien.

Volgens Dallas (1972:62) stel die kinders in die geslagsopvoeding belang wat deur die voorligters van die gesondheidsdepartemente aangebied word omdat 'n persoon van buite die skoolopset dit aanbied. Skole maak gereeld gebruik van voorligters van die Gesondheidsdepartemente om lesings in geslagsopvoeding aan te bied.

**3.4.4.4 Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling**

In Suid-Afrika is dit veral die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling wat 'n groot rol speel in geslagsopvoeding. Suid-Afrika bevind hom aan die een kant midde in 'n bevolkingsontploffing wat gesinsbeplanning noodsaak en aan die ander kant kan VIGS en ander geslagtelik oordraagbare siektes epidemiese afmetings in Suid-Afrika aanneem.

Gesinsbeplanningsklinieke is in gebiede in werking gestel waar die nood die hoogste is. Voorbehoedmiddels is bekombaar by klinieke van die Departement van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling. Die Departement het in 1987 'n omvattende gids vir onderwysers, ouers en ander opvoeders gepubliseer om feitelike geslagsinligting aan hulle te voorsien om geslagsopvoeding aan te bied (Departement van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, 1987:1). Die gids, asook brosjures wat inligting oor VIGS bevat, is wyd in alle gemeenskappe versprei.

'n Televisieveldtog is ook geloods om veral die gevare van geslagtelik oordraagbare siektes uit te spel en die gebruik van kondome aan te moedig.

Die Mediese Vereniging van Suid-Afrika versprei inligting oor geslagsaangeleenthede deur middel van die media en brosjures wat onder andere handel oor geslagtelik oordraagbare siektes (Mediese Vereniging van Suid-Afrika, 1986:1).

## 3.5 SAMEVATTING

In die bespreking van die noodsaaklikheid, problematiek en aanbieding van geslagsopvoeding is daar aan drie hoofsake aandag gegee naamlik faktore wat geslagsopvoeding noodsaak, die problematiek van geslagsopvoeding en die vraag wie se taak geslagsopvoeding is.

'n Ontleding van die faktore soos samelewingstendense, toekomsverduistering, kontakinflasie, verstedeliking, sosio-ekonomiese omstandighede, vryetydsbesteding, geslagtelike bandeloosheid, godsdiens, norme en permissiwiteit dui daarop dat geslagsopvoeding noodsaaklik is.

Dit is nie maklik om almal tevrede te stel met geslagsopvoeding wat aangebied word nie. Die volgende probleme wat oorkom moet word is aangetoon: die sondebegrip wat aan geslagsaangeleenthede kleef en die vrees dat kennis wangebruik sal word. 'n Groep ouers is van mening dat geslagsopvoeding die ouers se gesag in die gesin sal ondermyn. Nog probleme is die feit dat ouers onkundig is oor geslagsaangeleenthede of dat hulle glo dat hulle met 'n enkele gesprek alle kennis kan oordra en hul opvoedingstaak afhandel.

Ten opsigte van die vraag, wie geslagsopvoeding behoort aan te bied, is die programme ten opsigte van gesinsvoorligting wat in Suid-Afrika in Transvaal, die Kaapprovinsie, die Oranje-Vrystaat en Natal gevolg word, bespreek. Daar is ook na die stand van sake in die VSA en die Verenigde Koninkryk gekyk.

Die plig van die kerk en die staat om kinders geslagtelik op te voed is bespreek. Instansies soos die Departement van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling en SIECUS in die VSA bemoei hulle ook met die opvoeding van die jongmens op geslagtelike vlak. Die bydrae van hierdie instansies is ook aangetoon.

# HOOFSTUK 4

# EMPIRIESE ONDERSOEK

## 4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die empiriese ondersoek teoreties begrond. Die vraelysmetode word as die mees toepaslike tegniek in die uitvoering van hierdie ondersoek gemotiveer. Vervolgens word die empiriese ondersoek en die samestelling van die vraelys bespreek. Ten slotte word die aandag gevestig op die begeleidende en opvolgbrief sowel as die terugonvangste van die vraelys.

## 4.2 DIE PROBLEEM VAN DIE ONDERSOEK

Die probleme van die ondersoek is:

4.1.1

Wie behoort volgens die ouers van standerd nege-leerlinge in Afrikaanse sekondêre skole in die Wes-Transvaalstreek geslagsopvoeding aan kinders aan te bied?

4.1.2

Wat is die houding van ouers van standerd nege-leerlinge in Afrikaanse sekondêre skole in die Wes-Transvaalstreek ten opsigte van geslagsopvoeding tuis, in die skool en as taak van die kerk en ander instansies.

## 4.3 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van die ondersoek is:

4.3.1

Om empiries te bepaal wie volgens ouers van leerlinge in standerd nege in Afrikaanse sekondêre skole in die Wes-Transvaalstreek geslagsopvoeding aan kinders behoort aan te bied.

4.3.2

Om empiries te bepaal wat die houding van ouers van standerd nege-leerlinge aan Afrikaanse sekondêre skole in die Wes-Transvaalstreek is ten opsigte van geslagsopvoeding tuis, in die skool en as taak van die kerk en ander instansies.

## 4.4 ONDERSOEKMETODES EN DIE KEUSE VAN 'N ONDERSOEKMIDDEL

Na aanleiding van die doel van die empiriese ondersoek wat in paragraaf 4.2 geformuleer is moet die bruikbaarste ondersoekmetode gevind word. Die ondersoekmetode moes beantwoord aan die geldigheid- en betroubaarheidsvereistes waarmee die verlangde inligting bekom kon word. Uit die aard van die navorsingskema en die populasie van wie response verkry moes word is oorweging geskenk aan die vraelys as navorsingsmetode. Ook die onderhoud as metode is oorweeg.

### 4.4.1 Die vraelys as navorsingsmetode

Vraelyste word algemeen gebruik om openbare reaksie te toets en om houdings vas te stel. De Wet et al. (1972:169) is van mening dat die vraelys doeltreffender en meer prakties is as die onderhoud omdat gestandaardiseerde instruksies gegee word sodat elke proefpersoon presies weet wat van hom of haar verwag word.

Die vraelys is 'n bruikbare metode om inligting te bekom omdat die response van die persone direk in data omgesit kan word sodat tendense aangetoon en afleidings gemaak kan word (Tuckman 1978:196).

Daar kan onderskei word tussen die ongestruktureerde en die gestruktureerde vraelys. Die ongestruktureerde vraelys bied 'n vrye keuse van antwoorde en geleenthede om menings te kry en houding te openbaar. Dit is egter moeilik om sulke response te analiseer en te kwantifiseer (De Wet, et al., 1981:163).

Die gestruktureerde vraelys kan uit vrae of stellings bestaan waarop die respondente aantoon of hulle saamstem of verskil of neutraal staan. (Tuckman, 1978:199). Tuckman (1978:199) noem verder dat daar veral by die bepaling van houdings van hierdie metode gebruik gemaak kan word.

Volgens De Wet et al. (1981:157) kan houdings nie direk gemeet word nie, maar dit kan uit die response van die persone afgelei word. 'n Verfyning van die gestruktureerde vraelysmetode is die samestelling van 'n skaal om die response op te verkry (Tuckman, 1978:202). Volgens Collins (1970:88) word daar van die respondent verwag om langs 'n aantal stellings of vrae aan te toon of hy of sy positief of negatief of neutraal daarteenoor staan. Op 'n Likert-tipe skaal word die response dan aangetoon in 'n stel numeriese waardes wat aan aspekte wat met die houdingsobjek in verband staan toegeken word (Collins, 1970:88). Neem die volgende stelling as voorbeeld: "pornografie is afstootlik". Die respons kan dan soos volg wees: 1 ja; 2 miskien en 3 nee.

Saam met die Likert-tipe houdingskaal kan 'n paar vrae ingesluit word om aspekte soos sosio-ekonomiese status en of ouers spesifieke geslagsopvoeding aanbied te bepaal.

'n Skaal is 'n instrument wat deur navorsers gebruik word om die response van proefpersone op 'n spesifieke veranderlike te kwantifiseer (Tuckman, 1978:212). Die skaal metode maak parametriese statistiese analise van die data moontlik.

**4.4.1.1 Die voordele van die vraelys as navorsingsmetode**

Ary et al. (1985:345) noem die volgende voordele van die vraelys:

- Die onkoste is relatief laag.

- Groot groepe kan betrek word .

- Informasie kan redelik maklik verwerk en geïnterpreteer word.

- Elke vraag word beantwoord.

- Tyd word bespaar.

Volgens Marais (1982:123) bied die gestruktureerde vraelys ook die volgende voordele:

- Die respondente word die geleentheid gebied om anoniem vryelik te respondeer.

- Persoonlike beïnvloeding deur die onderhoudvoerder word uitgeskakel.

**4.4.1.2 Die nadele van die vraelys as navorsingsmetode**

Ary et al. (1985:345) noem die volgende nadele:

- Die vrae is nie buigbaar nie.

- Die informasie besit nie diepte nie.

- Persone kan die vraelys ignoreer.

Marais (1982:183) noem die volgende nadele:

- Respondente mag die vrae oorhaastig voltooi.

- Respondente kan die vrae verkeerd of verskillend vertolk.

**4.4.1.3 Vereistes waaraan 'n vraelys moet voldoen**

Gibson & Mitchell (1981:210) verstrek die volgende kriteria vir die ontwerp van items:

- Items moet nie te gekompliseerd wees nie.

- 'n Item moet net een respons uitlok.

- Items moet so saamgestel word dat dit nie die respondent beïnvloed nie.

- Die items moet op taalvlak aanpas by die geantisipeerde respondente.

- Die inhoud van die items moet die inligting verkry wat verlang word.

- Sensitiewe items moet vermy word.

- Die vraelys moet nie te veel items bevat nie.

- Items moet in 'n logiese orde rangskik word (Youngman, 1978:15).

- Items moet so ontwerp word dat die data getabuleer kan word en vir die rekenaar bruikbaar is (Marais, 1982:190).

- Hoogdrawende taal en tegniese terme moet vermy word (Tuckman, 1978:210).

#### 4.4.1.4 Tegniese versorging

Die tegniese versorging van die vraelys is van besondere belang omdat dit 'n groot invloed op die respondent het. Die volgende punte is van belang:

- Die vraelys moet netjies en professioneel voorkom.

- Aanwysings vir die voltooiing van die vraelys moet duidelik wees (Gibson en Mitchell, 1981:221).

- Die antwoordskaal moet so gedruk word dat die merkies sonder verwarring gemaak kan word.

- Die vrae moet verkieslik in dubbelreël afstand gedruk word.

- Items en instruksies moet duidelik geskei word.

- Ruimte vir rekenaarkodering moet gelaat word.

- 'n Voorbeeld van hoe die vrae beantwoord moet word moet gegee word.

- Belangrike vrae moet na aan die begin van die vraelys geplaas word.

- Die respondente behoort aan die einde van die vraelys bedank te word vir hul samewerking (Youngman, 1978:20; Borg & Gal, 1979:298; Cohen & Manion, 1980:85).

#### 4.4.1.5 Anonimiteit

'n Persoon het die volste reg om te weier om aan navorsing mee te doen indien hy voel dat sy privaatheid bedreig word. Die vrae moet dus so gestel word dat dit nie die gevoel by die respondent laat posvat dat sy privaatheid bedreig word nie (Tuckman, 1978:4).

Volgens Tuckman (1978:16) het alle deelnemers aan geesteswetenskaplike navorsing die reg om anoniem te bly. Die deelnemers moet deur die navorser verseker word dat hul anomiteit gewaarborg is en dat die data van individue saamgevoeg word en as gemiddeldes hanteer sal word. Die deelnemers moet ook ingelig word dat hulle slegs as 'n nommer en nie deur hul name nie onderskei sal word.

Daar is na oorweging van al die moontlike metodes van navorsing op die vraelys as metode besluit omdat:

- Die ouers verspreid oor 'n groot area woon.

- Onderhoude baie tyd in beslag sou neem.

- Dit maklik is om die data te verwerk en interpreteer.

**4.4.2 Die ontwerp en konstruksie van die vraelys vir hierdie navorsing**

Na al die oorwegings is besluit om in hierdie ondersoek van die Likert-tipe skaal gebruik te maak omdat 'n opgesomde skatting van die houding van die proefpersone gemaak kan word. Die response word dadelik in data omgesit en die data kan verwerk en geïnterpreteer word. 'n Analise van houdings ten opsigte van individuele items of groepe items is ook moontlik. Die data kan ook redelik maklik deur die rekenaar verwerk word.

Om 'n gestruktureerde vraelys op te stel om data te bekom is daar van Anastasi (1969:479) se letterlike definisie van 'n houding uitgegaan, naamlik dat 'n houding 'n neiging is om op 'n gunstige of ongunstige wyse te reageer op bepaalde stimuli wat met 'n houdingsobjek in verband staan. Die doel was om die houding van ouers van 'n groep leerlinge in Afrikaanse skole in die Wes-Transvaalstreek ten opsigte van geslagsopvoeding te bepaal.

Die konstruksie van die vraelys word aan die hand van enkele hoofgedagtes uiteengesit:.

#### 4.4.2.1 Gestruktureerde items

Gestruktureerde vrae is gebruik omdat dit die proefpersoon in staat stel om self die vraelys te voltooi. Dit is'n bruikbare en erkende metode om data te bekom en omdat die data redelik maklik verwerk kan word. By een groep vrae is die vier afleiers naamlik: beslis ja, ja, nee en beslis nie, gebruik. By 'n ander groep vrae is die afleiers: besonder hoë mate, hoë mate, mindere mate en glad nie, gebruik. 'n Derde afdeling het twee stelle afleiers gehad naamlik: glad nie, in 'n mindere mate, in 'n redelike mate en in 'n hoë mate. Verder het die groep vrae ook die afleiers, predikant, mediese personeel, departement van gesondheid, onderwyser(es) by die skool, kundige Transvaalse Onderwysdepartement amptenaar, ouers en al die instansies gesamentlik, gehad. Die skole wat gebruik is, is so saamgestel dat 'n noukeurige bepaling van die ouers se houdings gedoen kan word.

#### 4.4.2.2 Samestelling van die vraelys

Biografiese besonderhede

Die eerste sewe vrae van die vraelys is ingesluit om biografiese gegewens van die respondente te bekom. Uit die literatuur blyk dit dat daar dalk verskille in houdings tussen die verskillende groepe ouers en kinders mag wees. Met behulp van die vrae kan die sewe groepe veranderlikes of sommiges daarvan getoets word. In die vraelys is dit gedek deur vrae B1 tot B7 (kyk vraelys).

Vrae om ouers se houding te bepaal

Na aanleiding van die bevindings wat uit die literatuurstudie voortvloei en met inagneming van die doelstellings van hierdie ondersoek is besluit om meer inligting in verband met geslagsopvoeding van ouers te verkry (kyk vrae V.1 tot V.36 van die vraelys). Die vrae is in twaalf groepe gerangskik vanaf (a) tot (l).
(a)

Ouers praat nie met hul kinders oor geslagsaangeleenthede nie om verskeie redes. (Kyk paragraaf 3.3 en 3.4.1.10). Vrae V.1, V.2, V.11, en V.12 probeer vasstel wat hierdie redes is.

(b)

Informele bronne soos tydskrifte, koerante, boeke, die televisie, films en videoprente bied baie geslagsinligting aan kinders (kyk paragraaf 3.3.5). Die kinders se maats is ook verskaffers van geslagsinligting. Die vraag is of ouers bewus is dat hul kinders wel die onvolledige onakkurate en normlose inligting bekom en of hulle dit in die regte perspektief stel (kyk paragraaf 3.4.1.5). Die standpunt van ouers hieroor word verkry in vrae V.3, V.4, V.28 en V.29.

(c)

Ouers as die primêre opvoeders behoort deur middel van die opvoeding wat hulle tuis aan hul kinders bied ook hul kinders geslagtelik op te voed. Die vraag is in watter mate ouers die taak uitvoer (kyk paragraaf 3.4.1). Die ouers dui hul opvoedingshouding aan in vrae V.5, V.6, V.15, V.16 en V.17.

(d)

Uit die literatuur blyk dit dat ouers graag van die baie publikasies wat in verband met geslagsopvoeding verskyn aan hul kinders voorsien en daarna voel hulle dat hulle hul plig gedoen het (kyk paragraaf 3.3.8). Die ouers se houding teenoor hierdie literatuur word getoets in vrae V.7(a) en V.7(b).

(e)

Ouers het in baie gevalle met geslagsopvoeding ten doel om ongewenste swangerskappe en geslagtelike eksperimentering te voorkom. Sommige ouers is van mening dat geslagsopvoeding wel in die doel slaag, maar baie is van mening dat dit permissiwiteit aanmoedig (kyk paragraaf 3.4.1.7 en 3.4.1.8). Ouers se houding teenoor geslagsopvoeding as voorkomende maatreël vir ongewenste swangerskappe of aanmoediging tot permissiwiteit word bepaal in vrae V.8, V.9 en V.10.

(f)

Ouers en kinders beskik in baie gevalle nie oor aanvaarbare woordeskat om oor geslagsake te praat nie (kyk paragraaf 3.4.1.10). Of hierdie saak 'n probleem is sal deur vrae V.13 en V.14 vasgestel word.

(g)

Baie ouers besef nie dat geslagsopvoeding van geboorte af tot volwassenheid geskied nie (kyk paragraaf 2.8.1 en 3.3.8). Daar word dus vrae in die vraelys ingesluit om te bepaal of ouers van mening is dat kinders geslagsopvoeding behoort te ontvang en of ouers van mening is dat kinders voor die ouderdom van 13 jaar geslagsopvoeding behoort te ontvang of wanneer hulle 13-15 jaar oud is, of wanneer hulle geslagtelike rypheid bereik het. Hierdie menings van ouers word verkry deur vrae V.18, V.19, V.20, V.21, V.22 en V.23.

(h)

Die ouers is die belangrikste geslagsopvoeders van die kind en hulle is verantwoordelik om geslagsopvoeding aan hul kinders te bied. Die vraag is of hulle van mening is dat kinders wel geslagtelik opgevoed moet word en indien hulle dit nie self doen nie wie hulle van mening is dit moet doen (kyk paragraaf 3.4.4). Hierdie mening van ouers word verkry deur vrae V., V. en ook V.26.

(i)

Indien geslagsopvoeding wel aangebied word is die vraag watter inhoude volgens ouers oorgedra moet en deur wie dit aangebied moet word (kyk paragraaf 3.4.1.7 en 3.4.1.8). Die ouer se houding hieroor word getoets deur vraag V.26.

(j)

Die Onderwysdepartemente ag dit noodsaaklik om geslagsvoorligting aan te bied. Die vraag is of ouers die reëling aanvaar of nie (kyk paragraaf 3.4.2.2). Of hierdie saak 'n probleem is sal vasgestel word deur vrae V.27, V.30, en V.31.

(k)

Baie ouers wat die geslagsopvoeding van hul kinders wil hanteer voel hulself nie opgewasse om dit te doen nie. Die vraag ontstaan of ouers bereid sal wees om hulself te skool sodat hulle hul kinders kan inlig (kyk paragraaf 3.4.1). Die mening van ouers word bepaal deur vrae V.32, V.33, V.34, V.36 en V.37.

(1)

Uit die literatuur blyk dit dat dit noodsaaklik geword het om geslagsopvoeding aan kinders aan te bied omdat huidige samelewingstendense dit vereis (kyk paragraaf 3.2 en 3.4). Daar moet dus vrae gestel word om vas te stel of ouers bewus is dat persone buite die gesin al geslagsopvoeding aan hul kinders gebied het. Hierdie aspek word gedek deur vrae V.35 en V.36.

**4.4.2.3 Samestelling van die vraelys**

Na die bewoording van die verskillende vrae gedoen is, is die vraelys in sy geheel saamgestel.

Die eerste redaksie van die vraelys is met die studieleier bespreek en daarna verbeter. 'n Tweede redaksie is opgestel en weer krities bestudeer.

Daarna is die vraelys aan die Transvaalse Onderwysdepartement voorgelê en goedkeuring vir die verspreiding van die vraelys is verkry.

Die finale vraelys het in sy gedrukte vorm soos volg daar uitgesien:

# OUERS SE HOUDING TEN OPSIGTE VAN GESLAGSOPVOEDING IN DIE SEKONDêRE SKOOL

SLEGS
VIR
KANTOOR
GEBRUIK

VRAELYSNO.: [ | | ] (1-3)

KAART [1] (4)

BIOGRAFIESE BESONDERHEDE

Merk met 'n kruisie waar van toepassing

B.1. U kind is 'n: seun 1 [ ] dogter 2 [ ] (5)

(5)

B.2. Wie vul die vraelys in? moeder 1 [ ] vader 2 [ ] gesamentlik 3 [ ] (6)

B.3. Akademiese kwalifikasie van vader: (7)

nie matriek 1 [ ] matriek 2 [ ] naskoolse of tersiêre opleiding 3 [ ]

B.4. Akademiese kwalifikasie van moeder: (8)

nie matriek 1 [ ] matriek 2 [ ] naskoolse of tersiêre opleiding 3 [ ]

B.5. Ouderdom van vader: 30-40 jaar 41-50 jaar 51-60 jaar

| | 1 | 2 | 3 | |
|---|---|---|---|---|
| | [ ] | [ ] | [ ] | (9) |

B.6. Ouderdom van moeder: 30-40 jaar 41-50 jaar 51-60 jaar

| | 1 | 2 | 3 | |
|---|---|---|---|---|
| | [ ] | [ ] | [ ] | (10) |

B.7. Waar woon u?

| Grootdorp/stad | Kleindorp/platteland | |
|---|---|---|
| 1 | 2 | |
| [ ] | [ ] | (11) |

| | 1 BE-SLIS JA | 2 JA | 3 NEE | 4 BE-SLIS NIE | SLEGS VIR KANTOOR-GEBRUIK |
|---|---|---|---|---|---|
| **VOORBEELD:**<br><br>**VRAAG:** Behoort kinders geslagsopvoeding te ontvang? | X | | | | |
| **Vul asseblief die res van die vraelys op dieselfde wyse in:**<br><br>V.1. Kan u kind met gemak met u praat oor onsekerhede of probleme van 'n algemene aard wat hy of sy ondervind? | | | | | (12) |
| V.2. Kan u kind met gemak met u praat oor geslagsaangeleenthede? | | | | | (13) |
| V.3. Is u daarvan bewus dat tydskrifte, koerante en die televisie geslagsinligting aan u kind bied? | | | | | (14) |
| V.4. Is dit vir u aanvaarbaar dat u kind geslagsinligting by sy of haar maats bekom? | | | | | (15) |
| V.5. Verskaf u geslagsinligting aan u kind slegs wanneer hy of sy daarom vra? | | | | | (16) |
| V.6. Verskaf u geslagsinligting aan u kind wanneer u meen dat dit van pas is? | | | | | (17) |
| V.7. (a) Het u 'n boek/boeke oor geslagsaangeleenthede aan u kind verskaf? | | | | | (18) |
| (b) Indien wel, het u die inhoud van so 'n boek/boeke met u kind bespreek? | | | | | (19) |

| | BESONDER HOë MATE | HOë MATE | MINDERE MATE | GLAD NIE | SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK |
|---|---|---|---|---|---|
| V.8. In watter mate dink u sal kennis van geslagsake geslagtelike eksperimentering aanmoedig? | | | | | (20) |
| V.9. In watter mate, meen u is onkunde oor geslagsaangeleenthede 'n oorsaak van ongewenste swangerskappe? | | | | | (21) |
| V.10. In watter mate bring goeie dissipline en reëls in die huis verantwoordelike geslagtelike gedrag by kinders mee? | | | | | (22) |
| V.11. In watter mate meen u sal geslagsinligting wat u aan u kind oordra hom of haar verkeerd beïnvloed? | | | | | (23) |
| V.12. In watter mate dra u akkurate feitekennis van geslagsaangeleenthede by tot gesprekvoering met u kinders? | | | | | (24) |
| V.13. In watter mate beskik u en u kinders oor die korrekte aanvaarbare woordeskat om oor geslagsaangeleenthede te kan praat? | | | | | (25) |
| V.14. In watter mate doen kinders self geslagskennis op? | | | | | (26) |
| V.15. In watter mate is ouers verantwoordelik om geslagsopvoeding aan hul kinders te bied? | | | | | (27) |

| | 1 BE-SLIS JA | 2 JA | 3 NEE | 4 BE-SLIS NIE | SLEGS VIR KANTOOR-GEBRUIK |
|---|---|---|---|---|---|
| V.16. Bied ouers genoegsame leiding met betrekking tot geslagsaangeleenthede aan hul kinders? | | | | | (28) |
| V.17. As u voel dat u nie opgewasse is om die geslagsopvoeding van u kind na behore te kan aanbied nie, sou u kursusse bywoon wat ten doel het om ouers hiermee van hulp te wees? | | | | | (29) |
| V.18. Behoort kinders en jeugdiges hoegenaamd geslagsopvoeding te ontvang? | | | | | (30) |
| V.19. Is u van mening dat kinders voor die ouderdom 13 jaar geslagsopvoeding behoort te ontvang? | | | | | (31) |
| V.20. Behoort kinders van 13 tot 15 jaar oud geslagsopvoeding te ontvang? | | | | | (32) |
| V.21. Behoort kinders van 16 en 17 jaar oud geslagsopvoeding te ontvang? | | | | | (33) |
| V.22. Is u van mening dat geslagsopvoeding eers noodsaaklik word wanneer kinders liggaamlike geslagtelike rypheid bereik het? | | | | | (34) |
| V.23. Het u al geslagsaangeleenthede vertroulik met u kind bespreek? | | | | | (35) |
| V.24. Behoort kinders self geslagsinligting te bekom? | | | | | (36) |
| V.25. Behoort kinders geslagsopvoeding van hul maats te ontvang? | | | | | (37) |

| | WIE BEHOORT BETROKKE TE WEES EN IN WELKE MATE? | | | | | | | SLEGS VIR KANTOOR-GEBRUIK |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | PREDIKANT | MEDIESE PERSONEEL | DEPARTEMENT VAN GESONDHEID | ONDERWYSER(ES) BY DIE SKOOL | KUNDIGE TOD AMPTENAAR | OUERS | AL DIE INSTANSIES GESAMENTLIK | |
| VOORBEELD | | | | | | | | |
| VRAAG: Meen u dat kinders oor die volgende geslagsaangeleenthede inligting behoort te ontvang, en indien wel, van wie? | | | | | | | | |
| Kindermolestering: | | | | | | | | |
| Glad nie | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | |
| In 'n mindere mate | 2 | 2 (X) | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 (X) | |
| In 'n redelike mate | 3 (X) | 3 | 3 | 3 (X) | 3 | 3 (X) | 3 | |
| In 'n hoë mate | 4 | 4 | 4 (X) | 4 | 4 (X) | 4 | 4 | |
| V.26. Meen u dat kinders oor die volgende geslagsaangeleenthede inligting behoort te ontvang, en indien wel, van wie? | | | | | | | | |
| (a) Liggaamlike verskille tussen mans en vrouens. | | | | | | | | |
| Glad nie | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | |
| In 'n mindere mate | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | |
| In 'n redelike mate | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | |
| In 'n hoë mate | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | (38-44) |

| | WIE BEHOORT BETROKKE TE WEES EN IN WELKE MATE ? | | | | | | | SLEGS VIR KANTOOR-GEBRUIK |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | PREDIKANT | MEDIESE PERSONEEL | DEPARTEMENT VAN GESONDHEID | ONDERWYSER(ES) BY DIE SKOOL | KUNDIGE TOD AMPTENAAR | OUERS | AL DIE INSTANSIES GESAMENTLIK | |
| V.26. Meen u dat kinders oor die volgende geslagsaangeleenthede inligting behoort te ontvang, en indien wel, van wie? | | | | | | | | |
| (b) Die benaminge van die verskillende liggaamsdele. | | | | | | | | |
| Glad nie | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | |
| In 'n mindere mate | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | |
| In 'n redelike mate | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | |
| In 'n hoë mate | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | (45-51) |
| (c) Wat manlikheid en vroulikheid is. | | | | | | | | |
| Glad nie | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | |
| In 'n mindere mate | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | |
| In 'n redelike mate | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | |
| In 'n hoë mate | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | (52-58) |
| (d) Geslagtelik oordraagbare siektes. | | | | | | | | |
| Glad nie | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | |
| In 'n mindere mate | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | |
| In 'n redelike mate | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | |
| In 'n hoë mate | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | (59-65) |

| | WIE BEHOORT BETROKKE TE WEES EN IN WELKE MATE ? | | | | | | | SLEGS VIR KANTOOR-GEBRUIK |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | PREDIKANT | MEDIESE PERSONEEL | DEPARTEMENT VAN GESONDHEID | ONDERWYSER(ES) BY DIE SKOOL | KUNDIGE TOD AMPTENAAR | OUERS | AL DIE INSTANSIES GESAMENTLIK | |
| V.26. Meen u dat kinders oor die volgende geslagsaangeleenthede inligting behoort te ontvang, en indien wel, van wie ? | | | | | | | | |
| (e) Swangerskappe. | | | | | | | | |
| Glad nie | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | |
| In 'n mindere mate | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | |
| In 'n redelike mate | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | |
| In 'n hoë mate | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | (66-72) |
| (f) Bybelse waardes en norme ten opsigte van geslagtelikheid. | | | | | | | | |
| Glad nie | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | |
| In 'n mindere mate | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | |
| In 'n redelike mate | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | |
| In 'n hoë mate | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | (73-79) |

| | WIE BEHOORT BETROKKE TE WEES EN IN WELKE MATE ? | | | | | | | SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | PREDIKANT | MEDIESE PERSONEEL | DEPARTEMENT VAN GESONDHEID | ONDERWYSER(ES) BY DIE SKOOL | KUNDIGE TOD AMPTENAAR | OUERS | AL DIE INSTANSIES GESAMENTLIK | |
| V.26. Meen u dat kinders oor die volgende geslagsaangeleenthede inligting behoort te ontvang, en indien wel, van wie ? | | | | | | | | KAART |
| (g) Voorbehoedmiddels. | | | | | | | | |
| Glad nie | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 |
| In 'n mindere mate | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | (1) |
| In 'n redelike mate | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | |
| In 'n hoë mate | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | (2-8) |
| (h) Aangetrokkenheid tussen seuns en dogters. | | | | | | | | |
| Glad nie | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | |
| In 'n mindere mate | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | |
| In 'n redelike mate | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | |
| In 'n hoë mate | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | 4 | (9-15) |

| | BESONDER HOë MATE | HOë MATE | MINDERE MATE | GLAD NIE | SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK |
|---|---|---|---|---|---|
| V.27. In watter mate sal u geslagsopvoeding op skool aanvaar indien dit: | | | | | |
| (a) as deel van die skoolvakke aangebied sou word? | | | | | (16) |
| (b) as aparte vak aangebied word? | | | | | (17) |
| (c) deur onderwysers van die skool aangebied word? | | | | | (18) |
| (d) deur 'n persoon van buite die skool aangebied word? | | | | | (19) |
| (e) vir seuns en dogters gesamentlik aangebied word? | | | | | (20) |
| (f) vir seuns en dogters apart aangebied word? | | | | | (21) |
| (g) slegs met die ouer se toestemming aangebied word? | | | | | (22) |
| (h) eers aan die ouers vir goedkeuring aangebied is? | | | | | (23) |
| V.28. In watter mate meen u het die advertensies en brosjures, wat deur die Departement van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling vrygestel is, 'n positiewe invloed op kinders? | | | | | (24) |
| V.29. In watter mate meen u dra tydskrifartikels oor geslagsaangeleenthede tot 'n beter begrip van geslagsaangeleenthede by kinders by? | | | | | (25) |

| | 1 BE-SLIS JA | 2 JA | 3 NEE | 4 BE-SLIS NIE | SLEGS VIR KANTOOR-GEBRUIK |
|---|---|---|---|---|---|
| V.30. Sal u u kind toelaat om 'n gesinsvoorligtingsprogram by die skool by te woon? | | | | | (26) |
| V.31. Het u kind of kinders al die gesinsvoorligtingsprogram by die skool bygewoon? | | | | | (27) |
| V.32. Sal u 'n gesinsvoorligtingsprogram vir ouers by u kind of kinders se skool bywoon as u uitgenooi word? | | | | | (28) |
| V.33. Het u al self die gesinsvoorligtingsprogram vir ouers by die skool bygewoon? | | | | | (29) |
| V.34. Sal u meehelp om 'n geslagsopvoedingskursus vir kinders op te stel? | | | | | (30) |
| V.35. Het 'n mediese dokter of ander mediese personeel al geslagsinligting aan u kind verskaf? | | | | | (31) |
| V.36. Het die predikant al oor geslagsaangeleenthede met u kind gepraat? | | | | | (32) |

**Baie dankie vir u samewerking.**

## 4.5 DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

### 4.5.1 Keuse van proefpersone

#### 4.5.1.1 Die populasie

Die populasie vir die empiriese navorsing is die ouers van standerd nege-leerlinge in Afrikaanse sekondêre skole in die Wes-Transvaalstreek van die Transvaalse Onderwysdepartement.

Volgens die Transvaalse Onderwysdepartement (1990) is daar 2 800 standerd nege-leerlinge in Afrikaanse sekondêre skole in die Wes-Transvaalstreek.

Daar is op standerd nege-leerlinge besluit omdat hulle as jongmense in hul adolessente jare baie bewus word van geslagsaangeleenthede. Hulle het 'n behoefte aan kennis van geslagsaangeleenthede en norme ten opsigte van die verhouding tussen man en vrou (TOD, 1986:8). Veral standerd nege-leerlinge het 'n behoefte aan leiding ten opsigte van aspekte van die volwasse lewe waarin hulle nou begin belangstel soos: hofmakery, verlowing, die huwelik en ouerskap.

#### 4.5.1.2 Steekproef

Bepaling van die steekproefgrootte

Aangesien die populasie te groot is as al die ouerpare van standerd nege-leerlinge in Afrikaanse sekondêre skole in die streek Wes-Transvaal betrek sou word, is daar besluit om ~~op~~ 'n verteenwoordigende steekproef uit die populasie te neem. Na aanleiding van die grootte van die populasie is besluit om 'n 10% steekproef te trek. ~~istelike Hoër Onderwys is 10 % van die populasie 'n verteenwoordige steekproefgrootte.~~ Volgens Hopkins (1976:145) is dit bevredigend as 50 % van die persone wat vraelyste ontvang het positief daarop reageer. Dit bring mee dat meer as 10 % van die populasie by die navorsing betrek behoort te word. Tien persent van 2 800 leerlinge is 280 leerlinge. Daar is nogtans besluit om seker te maak dat minstens 10 % van die leerlinge se ouers by die ondersoek betrokke sal wees en daar is toe op 400 ouerpare besluit. Dit het beteken dat een uit elke sewe ouerpare in die steekproef opgeneem sou word.

Metode van steekproefneming

- Gestratifiseerde steekproefneming

In hierdie ondersoek word gebruik gemaak van 'n gestratifiseerde steekproefneming. Die Wes-Transvaal word vir die doel van hierdie navorsing verdeel in twee strata, naamlik plattelandse kleiner dorpe en stedelike gebiede. Die gebiede is proposioneel verteenwoordig in die steekproef. 'n Voorbeeld van die kleiner dorpe is Coligny. Klerksdorp is 'n voorbeeld van die groter stedelike gebiede.

- Sistematiese steekproefneming

In die strata sou die leerlinge wie se ouers in die steekproef betrek is ewekansig deur middel van sistematiese steekproefneming gekies word. Hoofde van skole en departementshoofde van opvoedkundige leiding sou versoek word om die name van leerlinge wat alfabeties op hul klaslyste voorkom te neem en dan volgens hul eie voorkeur 'n leerling tussen 001 en 007 te kies, en daarna elke sewende leerling op die naamlyste. Hierdie kinders se ouers sou die steekproef vorm.

**4.5.2. Die administrasie van die vraelyste**

Die vraelyste is by sentrale publikasies van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys gedruk. Die vraelyste is saam met die begeleidende brief aan die respondente in 'n oop koevert geplaas. Die koeverte is saam in 'n pakkie gemaak en aan die hoofde van die verskillende skole gestuur. 'n Afskrif van die brief van toestemming van die Transvaalse Onderwysdepartement is ook ingesluit (kyk bylaes A en B en C).

**4.5.2.1 Verspreiding**

Navorsingsassistente wat volledig oor die navorsing ingelig is het na die verskillende skole gery om die vraelyste en briewe aan die betrokkenes by skole te gee, en om die prosedure aan hulle te verduidelik. Die navorser het self na twee weke die voltooide vraelyste by die skole gaan haal.

#### 4.5.2.2 Toepassing van die vraelyste

Die toepassing van die vraelyste het sonder probleme verloop. Daar is 'n vraelys aan elke betrokke leerling oorhandig met die versoek dat dit per hand aan hulle ouers besorg moes word. Die leerlinge is ook versoek om die voltooide vraelyste in 'n verseelde koevert na die departementshoof opvoedkundige leiding terug te bring.

Elke ouerpaar kon kies of hulle gesamentlik die vraelys wou voltooi en of net een van hulle dit wou doen. Die ouers sou 'n week gegun word om die vraelyste aan die departementshoof opvoedkundige leiding terug te stuur.

#### 4.5.2.3 Terugontvangste

Die navorser het self die vraelyste by die skole afgehaal. Van die 400 vraelyste wat uitgestuur is, is 327 terug ontvang. Dit verteenwoordig 'n terugvoer van 81,8 %.

Die getal van 327 vraelyste van ouers wat terug ontvang is verteen- woordig 'n respons van 11,8 % van die totale populasie. Dit blyk dus dat 'n verteenwoordigende steekproef betrek is.

### 4.6 Samevatting

In die hoofstuk is die besonderhede van die empiriese ondersoek bespreek. Die probleem wat ondersoek word is weer gestel en die doel van die ondersoek is aangetoon.

Die vereistes waaraan 'n bruikbare vraelys moet voldoen, die voor- en nadele asook die ontwerp en konstruksie van die vraelys vir die navorsing is uiteengesit.

Detail van die empiriese ondersoek, soos die ewekansige- en gestratifiseerde steekproefneming, is verskaf. Daar is ook aangetoon hoe die steekproefgrootte bepaal en die respondente verkry is. Ook die toepassing van die vraelys is bespreek.

In hoofstuk 5 word die resultate van die empiriese navorsing aangebied.

# HOOFSTUK 5

## 5. AANBIEDING VAN RESULTATE, INTERPRETASIE EN GEVOLGTREKKINGS

### 5.1 INLEIDING

Nadat die data ingewin is en in die rekenaar ingelees is, is daar met behulp van die SAS-rekenaarprogram frekwensietabelle, persentasies en rekenkundige gemiddeldes verkry. (SAS Institute Inc. 1985. SAS user's guide: Basics. 5th ed. Cary, NC: SAS Institute.)
In hoofstuk vyf word die response aangebied op elke vraag wat in die vraelys aan ouers van standerd nege-leerlinge in Afrikaanse sekondêre skole in die streek Wes-Transvaal gestel is. Na die aanbieding van die resultate van elke vraag volg die interpretasie daarvan en gevolgtrekkings wat daaruit gemaak kan word.

### 5.2 AANBIEDING VAN RESULTATE, INTERPRETASIE EN GEVOLGTREKKING

Biografiese inligting

By vraag B.1 moes die ouers aantoon of hulle 'n seun of 'n dogter in standerd nege het.

Tabel B.1

| | Frekwensie | % |
|---|---|---|
| Seuns | 144 | 44 |
| Dogters | 183 | 56 |
| Totaal | 227 | 100 |

Interpretasie

Die rede waarom daar meer dogters se ouers in die steekproef betrek is, is waarskynlik omdat standerd nege-leerlinge wat in Tegniese skole skoolgaan nie betrek is nie weens die feit dat die Tegniese skole in die streek Wes-Transvaal Afrikaans en Engels as voertaal gebruik. Die steekproef is beperk tot Afrikaanse sekondêre skole in die Transvaalse Onderwysdepartement streek Wes-Transvaal.

Gevolgtrekking

Die feit dat effens meer ouers van dogters as van seuns die vraelyste voltooi het behoort nie die totale beeld van die ouers se respons te beïnvloed nie.

Vraag B.2 "Wie vul die vraelys in?"

Die volgende inligting is op die vraag ontvang.

Tabel B.2

| | Frekwensie | % |
|---|---|---|
| Moeder | 196 | 59,9 |
| Vader | 45 | 13,8 |
| Gesamentlik | 86 | 26,3 |
| Totaal | 327 | 100,0 |

Interpretasie

Die feit dat leerlinge meer dikwels hulle moeders genader het om die vraelys te voltooi kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat kinders oor die algemeen groter vrymoedigheid het om oor sake soos geslagsopvoeding met hulle moeders as met hulle vaders te praat. Dit klop met wat Gadpaille (1970:300) en Bird (1985:26) gevind het. Dit kan ook wees dat die vaders weens hulle beroepsverpligtinge nie so geredelik beskikbaar was om die vraelys te voltooi nie.

Gevolgtrekking

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die meeste van die leerlinge se moeders meer betrokke is by die algemene opvoeding en geslagsopvoeding van hul kinders as die vaders.

Vraag B.3 "Akademiese kwalifikasie van vader."

Tabel B.3

| | Frekwensie | % |
|---|---|---|
| Nie matriek | 99 | 31,7 |
| Matriek | 98 | 31,4 |
| Naskoolse of tersiêre opleiding | 115 | 36,9 |
| Totaal | 312 | 100,0 |

Vraag B.4 "Akademiese kwalifikasie van moeder."

Tabel B.4

| | Frekwensie | % |
|---|---|---|
| Nie matriek | 104 | 31,7 |
| Matriek | 131 | 39,9 |
| Naskoolse of tersiêre opleiding | 93 | 28,4 |
| Totaal | 327 | 100,0 |

Interpretasie van vrae B.3 en B.4

Die respondente is taamlik eweredig versprei oor die drie groepe van akademiese geskooldheid.

Gevolgtrekking

Die navorsingsresultate weerspieël nie die siening van 'n spesifieke sosio-ekonomiese statusgroep nie.

Vraag B.5 en B.6 "Die ouderdomme van die vader en die moeder."

Tabel B.5 en B.6

| Vader<br>Ouderdom | Frekwensie | % |
|---|---|---|
| 30-40 | 42 | 13,4 |
| 41-50 | 204 | 65,6 |
| 51-60 | 68 | 21,7 |
| Totaal | 314 | 100,0 |
| Moeder<br>Ouderdom | | |
| 30-40 | 113 | 34,6 |
| 41-50 | 186 | 56,9 |
| 51-60 | 28 | 8,6 |
| Totaal | 327 | 100,0 |

Interpretasie

Uit die data kan daar afgelei word dat die meeste respondente tussen 41 en 50 jaar oud is.

Gevolgtrekking

Daar word verwag dat daar 'n groot ooreenkoms van houdings by 'n sekere ouderdomsgroep sal wees. Die jongste groep en die oudste groep sal heel waarskynlik die meeste verskil.

Vraag B.7 "Waar woon u?"

Tabel B.7

| | Frekwensie (N) | % |
|---|---|---|
| Grootdorp/stad | 106 | 32,5 |
| Platteland/kleindorp | 220 | 67,5 |
| Totaal | 326 | 100,0 |

Interpretasie

Die siening soos weerspieël in die response op vrae van die vraelys sal oorwegend die siening van die plattelandse ouers wees, omdat 67,5 % van die ouers aangetoon het dat hulle in klein dorpies of op die platteland woon, terwyl 32,5% in groot dorpe of stede woon.

Gevolgtrekking

Daar is in vroeëre navorsing in die VSA gevind dat plattelandse ouers 'n meer konserwatiewe houding ten opsigte van geslagsopvoeding openbaar as stedelike ouers (Koblinsky & Atkinson, 1982:19). Dit kan dus verwag word dat dit ook in hierdie studie die geval sal wees.

Vrae waarin die ouers se houding bepaal word.

Tabel V.1

Vraag V.1 Kan u kind met gemak met u praat oor onsekerhede of probleme van 'n algemene aard wat hy of sy ondervind?

| Beslis ja | Ja | Nee | Beslis nie | |
|---|---|---|---|---|
| 143 | 146 | 31 | - | N |
| 44,7 | 45,6 | 9,7 | - | % |

Interpretasie

Volgens die response kommunikeer die meeste ouers en kinders wel met mekaar. Van die ouers het 90,3% laat blyk dat hul kinders met gemak met hulle kan praat oor onsekerhede of probleme van 'n algemene aard wat hulle ondervind. Tog is daar 9,7% ouers wat van mening is dat hul kinders nie gemaklik met hulle kan kommunikeer nie.

Gevolgtrekking

Aangesien 90,3% van die ouers aangetoon het dat hul kinders wel met hulle oor algemene sake kan praat, kan daar afgelei word dat daar wel kommunikasie tussen ouers en kinders in die streek Wes-Transvaal bestaan.

Tabel V.2

Vraag V.2 Kan u kind met gemak met u praat oor geslagsaangeleenthede?

| Beslis ja | Ja | Nee | Beslis nie | |
|---|---|---|---|---|
| 89 | 160 | 72 | 2 | N |
| 27,6 | 49,5 | 22,3 | 0,6 | % |

Interpretasie

Dit blyk uit die tabel dat 77,1 % van die ouers van mening is dat hulle kinders met gemak met hulle kan praat oor geslagsaangeleenthede. Tog is die 22,9 % wat meen dat hulle kinders nie met gemak met hulle kan praat nie, wel 'n aansienlike persentasie.

Gevolgtrekking

Uit die response van die ouers kan afgelei word dat daar by baie ouers en hul kinders skynbaar 'n gemaklike kommunikasie-atmosfeer heers ten opsigte van geslagsaangeleenthede.

Tabel V.3

Vraag V.3
Is u daarvan bewus dat tydskrifte, koerante en die televisie geslagsinligting aan u kind bied?

| Beslis ja | Ja | Nee | Beslis nie | |
|---|---|---|---|---|
| 129 | 183 | 11 | 2 | N |
| 39,7 | 56,3 | 3,4 | 0,6 | % |

Interpretasie

Dit blyk uit die tabel dat 96 % van die ouers wat by die navorsing betrek is daarvan bewus was dat tydskrifte, koerante en die televisie geslagsinligting aan hul kinders bied.

Gevolgtrekking

Die feit dat 96 % van die ouers bewus is daarvan dat hulle kinders deur sekere kommunikasiemedia geslagsinligting ontvang kan dalk 'n invloed hê op hulle eie opvoedingswerk ten opsigte van geslagsake.

Tabel V.4

Vraag V.4
Is dit vir u aanvaarbaar dat u kind geslagsinligting by sy of haar maats bekom?

| Beslis ja | Ja | Nee | Beslis nie | |
|---|---|---|---|---|
| 9 | 64 | 173 | 78 | N |
| 2,8 | 19,8 | 53,4 | 24,1 | % |

Interpretasie

Van die respondente het 77,5 % getoon dat hulle daarteen gekant is dat hul kinders geslagsinligting van hul maats bekom. Slegs 22,6 % van die respondente was daarvoor.

Gevolgtrekking

Dit is nie vir ouers aanvaarbaar dat hulle kinders geslagsinligting by hulle maats bekom nie. In lyn hiermee het Libby <u>et al</u>.(1974:79) in navorsing bevind dat slegs 52 % van die ouers getoon het dat hul kinders se maats in die geslagsopvoeding van hul kinders betrek moet word.

Tabel V.5

Vraag V.5
Verskaf u geslagsinligting aan u kind slegs wanneer hy of sy daar om vra?

| Beslis ja | Ja | Nee | Beslis nie | |
|---|---|---|---|---|
| 18 | 150 | 148 | 8 | N |
| 5,6 | 46,3 | 45,7 | 2,5 | % |

Interpretasie

Op die vraag of die respondente slegs geslagsinligting aan hulle kinders verskaf as hulle daarom vra het 51,9 % ja gesê. Die res van die respondente (48,1 %) het ontkennend geantwoord.

Gevolgtrekking

Daar is nie 'n groot verskil tussen die persentasie ouers wat laat blyk het dat hulle slegs geslagsinligting aan hul kinders verskaf as hulle kinders daarom vra, en die ouers wat dit nie so doen nie. Die 51,9 % van die ouers wat nie self die gesprek met hulle kinders inisieer nie, is tog kommerwekkend hoog.

Tabel V.6

Vraag V.6
Verskaf u geslagsinligting aan u kind wanneer u meen dat dit van pas is?

| Beslis ja | Ja | Nee | Beslis Nie | |
|---|---|---|---|---|
| 69 | 215 | 36 | 3 | N |
| 27,4 | 66,6 | 11,1 | 0,9 | % |

Interpretasie

Die respondente is van mening dat geslagsinligting aan kinders verskaf moet word wanneer die ouers meen dat dit van pas is. Die feit blyk uit die 88 % van die respondente wat "Ja" op vraag V.6 geantwoord het. Slegs 12 % van die respondente stem nie saam nie.

Gevolgtrekking

Die meeste respondente het aangetoon dat hulle self wil oordeel wanneer hulle geslagsinligting aan hul kinders behoort te verskaf.

Tabel V.7 (a) & (b)

| Vraag V.7 | Beslis ja | Ja | Nee | Beslis Nie | |
|---|---|---|---|---|---|
| (a) Het u 'n boek/boeke oor geslagsaangeleenthede aan u kind verskaf? | 60<br>18,4 | 149<br>45,7 | 109<br>33,4 | 8<br>2,5 | N<br>% |
| (b) Indien wel, het u die inhoud van so 'n boek/boeke met u kind bespreek? | 31<br>10,7 | 95<br>32,8 | 154<br>53,1 | 10<br>3,4 | N<br>% |

Interpretasie

Daar is bevind dat 64,1 % van die ouers 'n boek of boeke oor geslagsaangeleenthede aan hulle kinders verskaf het, terwyl 35,9 % nie 'n boek of boeke aan hul kinders voorsien het nie. Uit tabel V.7(a) & (b) kan ook afgelei word dat 43,5 % van die respondente die boek wat hulle aan hul kinders vir lees verskaf het met hulle bespreek het terwyl 56,5 % nie die boek met hul kinders bespreek het nie.

Gevolgtrekking

Geslagsopvoeding word nie deeglik aangebied deur slegs vir die kind 'n boek te gee nie. Die meeste ouers (56,5 %) het ook nie die boek met hul kinders bespreek nie. Campbell (1986:301) noem in die verband dat die kind graag die boek se inhoud wil bespreek want hy wil graag sy eie belewing van seksualiteit met iemand wat hy vertrou bespreek.

Tabel V.8

Vraag V.8
In watter mate dink u sal kennis van geslagsake geslagtelike eksperimentering aanmoedig?

| Besonder hoë mate | Hoë mate | Mindere mate | Glad nie | |
|---|---|---|---|---|
| 14 | 56 | 178 | 73 | N |
| 4,4 | 17,4 | 55,5 | 22,7 | % |

Interpretasie

Uit die response van die steekproefpersone blyk dit dat 78,2 % dink dat kennis van geslagsake geslagtelike eksperimentering in 'n mindere mate of glad nie sal aanmoedig nie.

Gevolgtrekking

Die mening dat kennis van geslagsake nie geslagtelike eksperimentering sal aanmoedig nie word gestaaf deur Gordon (1979:10) wat bevind het dat kennis van geslagsake verantwoordelike gedrag tot gevolg het.

Tabel V.9

Vraag V.9
In watter mate meen u is onkunde oor geslagsaangeleenthede 'n oorsaak van ongewenste swangerskappe?

| Besonder hoë mate | Hoë mate | Minder mate | Glad nie | |
|---|---|---|---|---|
| 115 | 128 | 59 | 21 | N |
| 35,6 | 39,6 | 18,3 | 6,5 | % |

Interpretasie

Die meeste respondente (75,2 %) meen dat onkunde oor geslagsaangeleenthede 'n oorsaak van ongewenste swangerskappe is. Slegs 24,8 % is nie die mening toegedaan nie.

Gevolgtrekking

Jurs (1982:21) noem dat geslagskennis wat aan die hand van waardes en norme oorgedra word 'n invloed op kinders se gedrag het en dien om ongewenste swangerskappe te beperk. Uit Tabel V.9 blyk dit dat ouers ook die mening huldig.

Tabel V.10

Vraag V.10

In watter mate bring goeie dissipline en reëls in die huis verantwoordelike geslagtelike gedrag by kinders mee?

| Besonder hoë mate | Hoë mate | Mindere mate | Glad nie | |
|---|---|---|---|---|
| 145 | 156 | 19 | 2 | N |
| 45 | 48,4 | 5,9 | 0,6 | % |

Interpretasie

Die response het getoon dat 93,4 % van die respondente van mening is dat goeie dissipline en reëls in die huis verantwoordelike geslagtelike gedrag by kinders meebring. Van die respondente was net 6,5 % van mening dat dit nie die geval is nie.

Gevolgtrekking

Dit kan aanvaar word dat ouers wat meen dat goeie dissipline en reëls in die huis verantwoordelike geslagtelike gedrag by kinders meebring, goeie dissipline sal handhaaf ter wille van verantwoordelike geslagtelike gedrag by hulle kinders.

Tabel V.11

Vraag V.11
In watter mate meen u sal geslagsinligting wat u aan u kind oordra hom of haar verkeerd beïnvloed?

| Besonder hoë mate | Hoë mate | Mindere mate | Glad nie | |
|---|---|---|---|---|
| 11 | 33 | 111 | 169 | N |
| 3,4 | 10,2 | 34,3 | 52,2 | % |

Interpretasie

Volgens die tabel het 86,5 % van die respondente getoon dat hulle van mening is dat die geslagsinligting wat hulle aan hul kinders oordra hul kinders in 'n mindere mate of glad nie verkeerd sal beïnvloed nie. Verder het 13,6 % die mening uitgespreek dat kinders wel verkeerd beïnvloed word deur die geslagsinligting wat deur hulle ouers verskaf word.

Gevolgtrekking

Die bevinding dat ouers meen dat die geslagsinligting wat hulle aan hul kinders oordra hul kinders in 'n mindere mate of glad nie verkeerd sal beïnvloed nie, word gestaaf deur die navorsingsresultate van Parcell & Coriel (1985:10), wat bevind het dat geslagsopvoeding nie probleme in die gesin veroorsaak nie, maar dit eerder oplos.

Tabel V.12

Vraag V.12
In watter mate dra u akkurate feitekennis van geslagsaangeleenthede by tot gesprekvoering met u kinders?

| Besonder hoë | Hoë mate | Mindere mate | Glad nie | |
|---|---|---|---|---|
| 35 | 175 | 89 | 22 | N |
| 10,9 | 54,5 | 27,7 | 6,9 | % |

Interpretasie

Ouers het in antwoord op vraag V.12 getoon dat 65,4 % van hulle reken dat akkurate feitekennis van geslagsaangeleenthede in 'n hoë mate bydra tot gesprekvoering met hul kinders. Van die ouers was 34,6 % van mening dat dit in 'n mindere mate of glad nie 'n bydrae lewer nie.

Gevolgtrekking

Hierdie data is in ooreenstemming met die van Bird (1985:26), wat ook in die Verenigde State van Amerika bevind het dat ouers wat oor akkurate feitekennis van geslagsaangeleenthede beskik, maklik gesprekke daaroor met hul kinders voer.

Tabel V.13

Vraag V.13
In watter mate beskik u en u kinders oor die korrekte aanvaarbare woordeskat om oor geslagsaangeleenthede te kan praat?

| Besonder hoë | Hoë mate | Mindere mate | Glad nie | |
|---|---|---|---|---|
| 27 | 174 | 111 | 11 | N |
| 8,4 | 53,9 | 34,4 | 3,4 | % |

Interpretasie

Uit die response blyk dit dat 62,2 % van die ouers reken dat hulle en hul kinders in 'n hoë mate oor die korrekte en aanvaarbare woordeskat beskik om oor geslagsaangeleenthede te kan praat. 'n Beduidende aantal ouers, naamlik 37,8 %, het aangetoon dat hulle en hulle kinders oor die korrekte aanvaarbare woordeskat beskik.

Gevolgtrekking

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die meerderheid ouers en kinders oor geslagsaangeleenthede behoort te kan praat, omdat die ouers en kinders wel oor die korrekte aanvaarbare woordeskat beskik. Die woordeskat behoort minstens nie 'n belemmering vir gesprek te wees nie.

Tabel V.14

Vraag V.14
In watter mate doen kinders self geslagskennis op?

| Besonder hoë | Hoë mate | Mindere mate | Glad nie | |
|---|---|---|---|---|
| 28 | 150 | 120 | 15 | N |
| 8,9 | 47,9 | 38,3 | 4,9 | % |

Interpretasie

Die respondente het getoon dat 58,8 % van hulle dink dat hul kinders in 'n hoë mate self geslagskennis opdoen, terwyl 43,2 % van die respondente dink dat hul kinders in 'n mindere mate self geslagskennis opdoen.

Gevolgtrekking

Volgens Strouse & Fabes (1985:254) verskaf baie ouers nie self geslagskennis aan hul kinders nie omdat hulle van mening is dat die kinders self geslagskennis opdoen. In hierdie navorsing het die ouers moontlik te kenne gegee dat hulle wel bewus is dat hul kinders geslagskennis self opdoen maar in vraag V.24 het hulle duidelik aangetoon dat hulle eintlik self geslagsinligting aan hul kinders wil oordra.

Tabel V.15

Vraag V.15
In watter mate is ouers verantwoordelik om geslagsopvoeding aan hul kinders te bied?

| Besonder hoë | Hoë mate | Mindere mate | Glad nie | |
|---|---|---|---|---|
| 175 | 130 | 16 | 1 | N |
| 54,3 | 40,4 | 5,0 | 0,3 | % |

Interpretasie

Dit blyk uit Tabel V.15 dat 94,7 % van die respondente van mening is dat ouers in 'n hoë mate verantwoordelik is om geslagsopvoeding aan hul kinders aan te bied. 'n Minderheid van 5,3 % het getoon dat ouers in 'n mindere mate of glad nie verantwoordelik is om geslagsopvoeding aan hul kinders te bied nie.

Gevolgtrekking

Dit blyk dus dat die meeste ouers hul verantwoordelikheid besef om geslagsopvoeding aan hul kinders te bied. Koblinksy & Atkinson (1982:19) bevestig die gevolgtrekking deur hul bevinding dat 80 % van die volwasse Amerikaners van mening is dat ouers die primêre geslagsopvoeders van hul kinders moet wees. Uit die response op vraag 15 sou die afleiding gemaak kan word dat die ouers wel praktiese gestalte aan hulle verantwoordelikheid sou gee.

Tabel V.16

Vraag V.16
Bied ouers genoegsame leiding met betrekking tot geslags-aangeleenthede aan hul kinders?

| Beslis ja | Ja | Nee | Beslis nie | |
|---|---|---|---|---|
| 24 | 93 | 177 | 28 | N |
| 7,5 | 28,9 | 55,0 | 8,7 | % |

Interpretasie

Volgens die response bied ouers nie genoegsame leiding met betrekking tot geslagsaangeleenthede aan hul kinders nie. Slegs 36,4 % het getoon dat ouers genoegsame leiding bied, terwyl 63,6 % nie so dink nie.

Gevolgtrekking

Ouers besef hulle verantwoordelikheid om geslagsopvoeding aan hul kinders te bied (vraag 15) maar die meeste (63,6 %) kom dit nie na nie.

Tabel V.17

Vraag V.17
As u voel dat u nie opgewasse is om die geslagsopvoeding van u kind na behore te kan aanbied nie, sou u kursusse bywoon wat ten doel het om ouers hiermee van hulp te wees?

| Beslis ja | Ja | Nee | Beslis nie | |
|---|---|---|---|---|
| 91 | 172 | 51 | 8 | N |
| 28,3 | 53,4 | 15,8 | 2,5 | % |

Interpretasie

Die meeste ouers (81,7 %) besef hulle tekortkoming en is bereid om kursusse by te woon wat ten doel het om ouers te help om die geslagsopvoeding van hul kinders na behore te kan aanbied.

Gevolgtrekking

Hierdie bevinding is in ooreenstemming met die van Gadpaile (1970:304) wat bevind het dat ouers self opleiding wil ontvang om hul plig na behore na te kom.

Tabel V.18

Vraag V.18
Behoort kinders en jeugdiges hoegenaamd geslagsopvoeding te ontvang?

| Beslis ja | Ja | Nee | Beslis nie | |
|---|---|---|---|---|
| 189 | 123 | 9 | 3 | N |
| 58,3 | 38,0 | 2,8 | 0,9 | % |

Interpretasie

Die feit dat 93,3 % van die respondente meen dat kinders en jeugdiges geslagsopvoeding behoort te ontvang is in ooreenstemming met die response op vraag V.15 waar die meeste ouers aangetoon het dat hulle hul self verantwoordelik ag om geslagsopvoeding aan hul kinders aan te bied.

Gevolgtrekking

Die meeste van die respondente (96,3 %) is van mening dat kinders en jeugdiges geslagsopvoeding behoort te ontvang maar in die response op vraag V.16 laat blyk hulle dat ouers nie hul plig doen nie. Dit mag moontlik ander instansies noodsaak om met geslagsopvoeding behulpsaam te wees.

Tabel 5.1

| | Beslis ja | Ja | Nee | Beslis nie | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vraag V.19<br>Is u van mening dat kinders voor die ouderdom 13 jaar geslagsopvoeding behoort te ontvang? | 100<br>31,0 | 128<br>39,6 | 82<br>25,4 | 13<br>4,0 | N<br>% |
| Vraag V.20<br>Behoort kinders van 13 tot 15 jaar oud geslagsopvoeding te ontvang? | 157<br>48,5 | 149<br>46,0 | 14<br>4,3 | 4<br>1,2 | N<br>% |
| Vraag V .21<br>Behoort kinders van 16 en 17 jaar oud geslagsopvoeding te ontvang? | 205<br>64,1 | 109<br>34,1 | 4<br>1,3 | 2<br>0,6 | N<br>% |
| Vraag V.22<br>Is u van mening dat geslagsopvoeding eers noodsaaklik word wanneer kinders liggaamlike geslagtelike rypheid bereik het? | 22<br>6,8 | 79<br>24,4 | 147<br>45,4 | 76<br>23,5 | N<br>% |

Interpretasie

Tabel 5.1. Van die respondente het 70,6 % getoon dat hulle van mening is dat kinders voor die ouderdom van 13 jaar geslagsopvoeding behoort te ontvang, terwyl 94,5 % verkies dat kinders van 16 en 17 jarige ouderdom geslagsopvoeding behoort te ontvang. Verder het 68,8 % respondente getoon dat hulle nie van mening is dat geslagsopvoeding eers noodsaaklik word wanneer kinders liggaamlike geslagtelike rypheid bereik het nie.

Gevolgtrekking

Uit Tabel 5.1 blyk dit dat die meeste respondente van mening is dat kinders van kleins af geslagsopvoeding behoort te ontvang en dat geslagsopvoeding nie eers noodsaaklik word wanneer kinders liggaamlike geslagtelike rypheid bereik het nie. Die meeste (98,2 %) van die respondente was van mening dat kinders van 16 en 17 jaar oud geslagsopvoeding behoort te ontvang. Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat hul kinders van hierdie ouderdomsgroep is, of dat jongmense van hierdie ouderdom verhoudings begin aangaan.

Tabel 5.2

| | Beslis ja | Ja | Nee | Beslis nie | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vraag V.23<br>Het u al geslagsaangeleenthede vertroulik met u kind bespreek? | 79<br>24,5 | 167<br>51,7 | 63<br>19,5 | 14<br>4,3 | N<br>% |
| Vraag V.24<br>Behoort kinders self geslagsinligting te bekom? | 7<br>2,2 | 65<br>20,1 | 176<br>54,5 | 75<br>23,2 | N<br>% |
| Vraag V.25<br>Behoort kinders geslagsopvoeding van hul maats te ontvang. | 1<br>0,3 | 20<br>6,2 | 166<br>51,4 | 136<br>42,1 | N<br>% |

Interpretasie

Tabel 5.2. In vraag V.15 het ouers getoon dat die meeste van hulle besef dat hulle verantwoordelik is vir hul kinders se geslagsopvoeding. In antwoord op vraag V.16 het die respondente getoon dat hulle van mening is dat ouers in die algemeen nie genoeg leiding met betrekking tot geslagsaangeleenthede aan hul kinders bied nie. Met vraag V.23 wou die navorser bepaal wat die ouer self ten opsigte van geslagsopvoeding gedoen het. In antwoord op vraag V.23 het 76,2 % van die respondente getoon dat hulle geslagsaangeleenthede met hul kinders bespreek het.

Verder blyk dit uit Tabel 5.2 dat 77,7 % dit afkeur dat kinders self geslagsinligting bekom.

In vraag 4 het 77,5 % van die respondente getoon dat dit nie vir hulle aanvaarbaar is dat hul kinders geslagsinligting van hul maats bekom nie, uit hul response op vraag V.24 blyk dit dat 77,7 % van mening is dat hul kinders nie geslagsopvoeding van hul maats behoort te ontvang nie. Daar is dus 'n baie goeie korrelasie tussen die response op die twee vrae.

Gevolgtrekking

Uit die interpretasie van Tabel 5.2 blyk dit dat ouers self geslagsopvoeding aan hul kinders wil bied en dat hulle iets daadwerkliks daaromtrent doen. Hulle keur dit nie goed dat hul kinders self geslagsinligting bekom of dit van hul maats ontvang nie. Hulle wys ook geslagsopvoeding van hul kinders deur maats af. De Klerk & Nieuwenhuis (1983:8) onderskryf die bevinding en noem dat ouers teen hul kinders se maats as geslagsopvoeders gekant is omdat hulle self deur hul maats in verband met geslagsake ingelig is en omdat kinders gewoonlik foutiewe en onvolledige inligting oordra.

Tabel 5.3

WIE BEHOORT BETROKKE TE WEES EN IN WELKE MATE?

| Vraag V.26<br><br>Meen u dat kinders oor die volgende geslagsaangeleenthede inligting behoort te ontvang, en indien wel, van wie? | PREDIKANT | MEDIESE PERSONEEL | DEPARTEMENT VAN GESONDHEID | ONDERWYSER(ES) BY DIE SKOOL | KUNDIGE TOD AMPTENAAR | OUERS | AL DIE INSTANSIES GESAMENTLIK |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| (a) Liggaamlike verskille tussen mans en vrouens | | | | | | | % |
| 1. Glad nie | 33,1 | 7 | 5,9 | 7,8 | 4,5 | 0,7 | 10,6 |
| 2. In 'n mindere mate | 32 | 35,7 | 25,7 | 22,8 | 9,0 | 3,3 | 15,6 |
| 3. In 'n redelike mate | 27,6 | 31,7 | 51,3 | 47,9 | 30,2 | 17,7 | 26,1 |
| 4. In 'n hoë mate | 7,2 | 25,6 | 17,1 | 21,5 | 56,3 | 78,3 | 47,7 |
| (b) Die benaminge van die verskillende liggaamsdele | | | | | | | % |
| 1. Glad nie | 61,0 | 5,9 | 6,8 | 10,6 | 8,8 | 2,5 | 9,3 |
| 2. In 'n mindere mate | 25,7 | 23,9 | 28,9 | 35,8 | 20,2 | 6,2 | 25,1 |
| 3. In 'n redelike mate | 9,9 | 35,6 | 42,6 | 34,9 | 29,1 | 29,3 | 39,3 |
| 4. In 'n hoë mate | 2,3 | 34,6 | 21,6 | 18,8 | 46,9 | 62,0 | 26,2 |
| (c) Wat manlikheid en vroulikheid is | | | | | | | % |
| 1. Glad nie | 25,6 | 7,4 | 7,1 | 6,6 | 4,1 | 1,5 | 10,3 |
| 2. In 'n mindere mate | 37,2 | 26,5 | 23,4 | 20,6 | 9,5 | 3,3 | 12,9 |
| 3. In 'n redelike mate | 25,6 | 39,7 | 41,8 | 41,7 | 31,5 | 19,5 | 39,9 |
| 4. In 'n hoë mate | 11,6 | 26,5 | 27,7 | 31,1 | 55,0 | 75,7 | 37,6 |

| V.26 | WIE BEHOORT BETROKKE TE WEES EN EN IN WELKE MATE? | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | PREDIKANT | MEDIESE PERSONEEL | DEPARTEMENT VAN GESONDHEID | ONDERWYSER(ES) BY DIE SKOOL | KUNDIGE TOD AMPTENAAR | OUERS | AL DIE INSTANSIES GESAMENTLIK |
| (d) Geslagtelik oordraagbare siektes | | | | | | | % |
| 1. Glad nie | 32,4 | 1,8 | 1,9 | 6,2 | 3,2 | - | 6,5 |
| 2. In 'n mindere mate | 35,9 | 7,1 | 4,7 | 16,7 | 9,0 | 4,6 | 9,5 |
| 3. In 'n redelike mate | 15,9 | 18,1 | 24,6 | 31,4 | 22,6 | 14,7 | 29,0 |
| 4. In 'n hoë mate | 15,9 | 73,0 | 68,7 | 45,7 | 65,2 | 80,7 | 55,0 |
| (e) Swangerskappe | | | | | | | % |
| 1. Glad nie | 17,1 | 1,9 | 3,1 | 6,6 | 1,9 | - | 7,2 |
| 2. In 'n mindere mate | 34,8 | 11,8 | 11,5 | 15,2 | 10,6 | 2,6 | 10,3 |
| 3. In 'n redelike mate | 28,2 | 26,4 | 34,9 | 37,9 | 29,2 | 15,0 | 32,8 |
| 4. In 'n hoë mate | 19,9 | 59,9 | 50,5 | 40,3 | 58,3 | 82,4 | 49,7 |
| (f) Bybelse waardes en norme ten opsigte van geslagtelikheid | | | | | | | % |
| 1. Glad nie | 1,9 | 16,8 | 12,3 | 3,8 | 4,3 | 0,4 | 7,4 |
| 2. In 'n mindere mate | 3,8 | 42,8 | 43,6 | 15,6 | 12,0 | 3,4 | 15,4 |
| 3. In 'n redelike mate | 15,2 | 21,4 | 25,8 | 35,5 | 34,8 | 17,2 | 35,6 |
| 4. In 'n hoë mate | 79,2 | 19,1 | 18,4 | 45,0 | 48,9 | 78,9 | 41,5 |
| (g) Voorbehoedmiddels | | | | | | | % |
| 1. Glad nie | 47,2 | 9,6 | 11,3 | 21,4 | 11,7 | 9,0 | 19,4 |
| 2. In 'n mindere mate | 32,1 | 11,5 | 12,4 | 25,8 | 17,8 | 9,8 | 16,6 |
| 3. In 'n redelike mate | 8,8 | 22,1 | 29,0 | 26,9 | 27,8 | 27,3 | 28,0 |
| 4. In 'n hoë mate | 11,9 | 55,7 | 47,3 | 25,8 | 42,8 | 53,9 | 36,0 |
| (h) Aangetrokkenheid tussen | | | | | | | % |
| seuns en dogters | | 3,2 | 3,1 | 2,5 | 3,0 | 3,2 | 2,8 |
| 1. Glad nie | 6,9 | 13,2 | 13,1 | 2,5 | 2,1 | 0,4 | 9,8 |
| 2. In 'n mindere mate | 15,4 | 32,3 | 28,1 | 19,8 | 12,9 | 1,9 | 16,1 |
| 3. In 'n redelike mate | 38,8 | 30,5 | 33,1 | 39,1 | 35,1 | 21,5 | 35,1 |
| 4. In 'n hoë mate | 38,8 | 24,0 | 25,6 | 38,6 | 50,0 | 76,2 | 39,1 |

Met Vraag V.26 soos saamgevat in Tabel 5.3 wou die navorser bepaal watter persoon of instansie die respondente sou verkies om inligting oor spesifieke geslagsaangeleenthede aan kinders oor te dra.

Vraag V.26(a)

Liggaamlike verskille tussen mans en vrouens.

Interpretasie

Ten opsigte van liggaamlike verskille (Vraag 26(a)) tussen mans en vrouens het 65,1 % van die respondente aangedui dat die predikant glad nie of in 'n mindere mate die persoon is om hierdie geslagsinligting aan kinders oor te dra.

Ses-en-negentig persent van die respondente het getoon dat ouers self die inligting oor liggaamlike verskille tussen mans en vrouens behoort oor te dra. Slegs 0,7 % van die steekproef was geheel teen ouerbetrokkenheid by die onderwerp gekant.

Volgens Tabel 5.3 was 86,5 % van die respondente van mening dat die kundige Transvaalse Onderwysdepartement amptenaar en wel die adjunk-superintendent: gesinsvoorligting die inligting aan hul kinders behoort oor te dra. Die onderwyser of onderwyseres by die skool is deur 69,4 % van die respondente aangedui om inligting oor liggaamlike verskille tussen mans en vrouens aan kinders te verskaf. Verder het 68,4 % die Departement van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling verkies terwyl 57,3 % mediese personeel verkies het.

Van die respondente het 73,8 % getoon dat al die instansies saam inligting oor die onderwerp behoort te verskaf.

Gevolgtrekking

Die ouer word allerweë beskou as die primêre opvoeder van sy kind. Dit is dan ook gepas dat ouers aangedui het dat hulle van mening is dat ouers in 'n hoë mate verantwoordelik is om hul kinders in te lig oor liggaamlike verskille tussen seuns en dogters.

Voordat hierdie navorsing gedoen is was dit nog nie duidelik of ouers die geslagsopvoeding wat deur die adjunk-superintendent: gesinsvoorligting as kundige Transvaalse Onderwysdepartement amptenaar aangebied word aanvaar nie. Uit die response (86,5 % ten gunste van die kundige Transvaalse Onderwysdepartement amptenaar) blyk dit dat ouers moontlik die gesinsvoorligtingsprogram in die skool aanvaar.

Vraag V.26(b): Benaminge van die verskillende liggaamsdele.

Interpretasie

Dit blyk uit vraag V.26(b) in Tabel 5.3 dat 91,3 % van die respondente in 'n redelike en 'n hoë mate aangetoon het dat ouers self die benaminge van die verskillende liggaamsdele aan hul kinders behoort te leer. Ten opsigte van die kundige Transvaalse Onderwysdepartement amptenaar het 76 % van die respondente getoon dat diè persone die taak moet verrig. Verder was 70,2 % van die respondente daarvoor dat die inligting deur mediese personeel aan kinders verskaf word en 64,2 % het die Departement van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling verkies.

Slegs 2,3 % van die respondente het in 'n hoë mate verkies dat die onderwerp deur die predikant behandel moet word en slegs 18,8 % het in 'n hoë mate onderwysers aangedui.

Gevolgtrekking

Ouers is nie ten gunste daarvan dat onderwysers en predikante inligting oor die benaminge van die verskillende liggaamsdele aan kinders verskaf nie.

Vraag V.26(c): Wat manlikheid en wat vroulikheid is.

Interpretasie

Volgens die gegewens soos uiteengesit in Tabel 5.3 het 95,2 % van die respondente aangedui dat ouers in 'n redelike tot 'n hoë mate inligting oor manlikheid en vroulikheid aan hul kinders behoort te verskaf.

/Dit blyk ook dat 86,3 % van die respondente aangedui het
dat die kundige Transvaalse Onderwysdepartement amptenaar in 'n redelike tot 'n hoë mate betrokke behoort te wees by die oordra van hierdie geslagsinligting. Die volgende persentasies van die respondente het ook 'n redelike tot 'n hoë mate aangedui ten opsigte van persone wat die onderwerp aanbied: 77,5 % ten opsigte van al die instansies gesamentlik, 72,8 % ten opsigte van onderwysers of onderwyseresse by die skool, 69,5 % ten opsigte van die Departement van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling en 66,2 % ten opsigte van mediese personeel.

Dit is interessant om daarop te let dat 62,8 % van die respondente in 'n mindere mate en glad nie aangedui het ten opsigte van die predikant as verskaffer van inligting oor manlikheid en vroulikheid.

Gevolgtrekking

Die feit dat ouers in 'n mindere mate verkies dat die predikant geslagsinligting aan kinders verskaf korreleer met die bevindings in die eerste twee onderafdelings van vraag V.26. (Kyk Tabel 5.3). Die groot persentasie ouers wat aangetoon het dat inligting oor manlikheid en vroulikheid aan kinders verskaf behoort te word kan moontlik daarop dui dat dit een van die onderwerpe is wat volgens hul mening van belang vir hul kinders is.

Vraag V.26(d): Geslagtelik oordraagbare siektes

Interpretasie

Ten opsigte van die verskaffing van inligting oor geslagtelik oordraagbare siektes het die oorgrote meerderheid van die respondente (80,7 %) aangedui dat ouers self in 'n hoë mate hul kinders behoort in te lig.

Verder blyk dit uit Tabel 5.3 dat 73,0 % van die respondente in 'n hoë mate aangedui het dat mediese personeel ook in 'n inligting oor geslagtelik oordraagbare siektes behoort te verskaf, 68,9 % ten opsigte van die Departement van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling en 65,2 % ten opsigte van die kundige Transvaalse Onderwysdepartement amptenaar.

Dit is weer eens insiggewend om daarop te wys dat 32,4 % glad nie ten gunste van die predikant was nie.

Gevolgtrekking

Die tweede hoogste persentasie van respondente wat hul menings in vraag V.26 aangedui het, was in 'n hoë mate oortuig dat ouers inligting oor geslagtelik oordraagbare siektes aan hul kinders behoort te voorsien. Hierdie houding kan moontlik daaraan toegeskryf word dat ouers vrees dat hul kinders Vigs sal opdoen of dat hulle met hierdie inligting ongewenste geslagsaktiwiteite kan beperk.

Vraag V.26(e): Swangerskap

Interpretasie

Volgens Tabel 5.3 het die hoogste persentasie respondente in vraag V.26 (82,4 %) in 'n hoë mate aangedui dat ouers inligting oor swangerskap aan hul kinders behoort te voorsien. Van die ouers het 59,9 % in 'n hoë mate by mediese personeel en 58,3 % by die kundige Transvaalse Onderwysdepartement amptenaar aangetoon.

Van die respondente het net 19,9 % in 'n hoë mate aangedui dat die predikant verantwoordelik is om inligting oor swangerskap aan kinders te verskaf.

Gevolgtrekking

Hierdie navorsing bevestig wat in die literatuur bevind is naamlik dat ouers met geslagsopvoeding ongewenste swangerskappe wil voorkom en dat hulle graag die inligting self aan hul kinders verskaf. (Kyk ook paragraaf 3.4.4.1).

Vraag V.26(f): Bybelse waardes en norme ten opsigte van geslagtelikheid

Interpretasie

Volgens die gegewens soos uiteengesit in Tabel 5,3 is die meerderheid van die respondente (79,2 %) in 'n hoë mate ten gunste daarvan dat die predikant Bybelse waardes en norme ten opsigte van geslagtelikheid aan kinders verskaf. Dit blyk verder dat 78,9 % van die respondente in 'n hoë mate aangedui het dat ouers ook hierby betrokke behoort te wees.

Gevolgtrekking

Die aanname is gemaak dat geslagsopvoeding normatief van aard sal moet wees en dat die kerk die ouers in die verband sal moet steun. (Kyk paragraaf 3.4.3).

Uit die interpretasie blyk dit dat die aanname gegrond is omdat ouers verkies dat hulle self en die predikant Bybelse waardes en norme ten opsigte van geslagtelikheid behoort te verskaf. Gordon et al. (1979:27) het dieselfde houding by ouers in die Verenigde State van Amerika aangetoon.

Vraag V.26(g): Voorbehoedmiddels

Interpretasie

Ouers keur die gebruik van voorbehoedmiddels deur jongmense af. Dit blyk in hierdie navorsing uit die lae persentasie respondente wat van mening was dat daar in 'n hoë mate inligting oor voorbehoedmiddels aan kinders verskaf behoort te word. Volgens Tabel 5.3 was net 55,7 % in 'n hoë mate van mening dat mediese personeel die inligting behoort te verskaf terwyl 53,9 % "ouers" as verskaffers aangedui het. 'n Redelike persentasie respondente (47,3 %) het die Departement van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling en 42,8 % het die kundige Transvaalse Onderwysdepartement amptenaar in 'n hoë mate gekies.

Gevolgtrekking

In vergelyking met die response op die ander onderwerpe in vraag V.26 het die minste respondente getoon dat inligting oor voorbehoedmiddels aan kinders verskaf behoort te word. Die afleiding kan moontlik gemaak word dat ouers nie die kontroversiële onderwerp wil aanroer nie en dat ouers nie die gebruik van voorbehoedmiddels en voorhuwelikse gemeenskap goedkeur nie.

Vraag V.26(h): Aangetrokkenheid tussen seuns en dogter

Interpretasie

Ouers is sterk ten gunste daarvan dat ouers self inligting oor aangetrokkenheid tussen seuns en dogters verskaf. Dit blyk uit die Tabel 5.3 dat 97,7 % van die respondente in 'n redelike tot 'n hoë mate aangedui het dat ouers die inligting aan hul kinders behoort te verskaf. Dit blyk ook dat 85,1 % die kundige Transvaalse Onderwysdepartement amptenaar, 77,7 % die onderwyser of onderwyseres by die skool, 77,6 % die predikant en 74,2 % al die instansies gesamentlik in 'n redelike tot 'n hoë mate aangedui het.

Gevolgtrekking

Die hoë persentasie respondente wat aangedui het dat kinders inligting oor die aangetrokkenheid tussen seuns en dogters behoort te ontvang dui moontlik aan dat ouers van mening is dat dit 'n onderwerp is waaroor kinders inligting behoort te ontvang, en dat die onderwerp nie negatiewe reaksies by hulle ontlok nie. Hierdie bevinding strook met die van Koblinsky & Atkinson (1982:31) wat bevind het dat ouers eerder oor minder kontroversiële geslagsaangeleenthede met hul kinders wil praat as oor emosiebelaaide onderwerpe. Uit die vorige afdeling van die vraag blyk dit dat voorbehoedmiddels so 'n kastaiing is.

Uit die response blyk dit dat ouers by al die geslagsaangeleenthede wat in vraag V.26 genoem is in 'n hoë mate van mening was dat ouers by die geslagsopvoeding van hul kinders betrokke behoort te wees.

Die respondente was ook in 'n hoë mate ten gunste van geslagsopvoeding wat deur die kundige Transvaalse Onderwysdepartement amptenaar, by name van die adjunk-superintendent: gesinsvoorligting, aangebied word.

Uit die response blyk dit ook dat ouers verkies dat die predikant nie geslagsinligting aan hul kinders voorsien nie behalwe wanneer Bybelse waardes en norme geraak word.

Wat die fisieke van die kind aanbetref het die ouers in 'n hoë mate getoon dat die mediese personeel en die Departement van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling die kinders behoort in te lig. Hulle behoort ook inligting oor voorbehoedmiddels te versprei.Die respodente het in 'n

redelike mate getoon dat hulle van mening is dat die onderwysers en onderwyseresse by die skool geslagsinligting aan leerlinge behoort te voorsien. Hulle het aangetoon dat hulle van mening is dat onderwysers/esse die benaminge van die verskillende liggaamsdele en voorbehoedmiddels behoort te vermy.

Tabel 5.4

Geslagsopvoeding deur die skool aangebied.

| Vraag V.27 In watter mate sal u geslagsopvoeding op skool aanvaar indien dit: | Besonder hoë mate | Hoë mate | Mindere mate | Glad nie | |
|---|---|---|---|---|---|
| (a) as deel van die skoolvakke aangebied sou word? | 69<br>21,8 | 115<br>36,8 | 78<br>24,6 | 55<br>17,4 | N<br>% |
| (b) as aparte vak aangebied word? | 61<br>19,7 | 103<br>33,2 | 103<br>33,2 | 43<br>13,9 | N<br>% |
| (c) deur onderwysers van die skool aangebied word? | 34<br>11,0 | 96<br>31,1 | 126<br>40,8 | 53<br>17,2 | N<br>% |
| (d) deur 'n persoon van buite die skool aangebied word? | 70<br>22,2 | 121<br>38,3 | 73<br>23,1 | 52<br>16,5 | N<br>% |
| (e) vir seuns en dogters aangebied word? | 16<br>5,1 | 34<br>10,9 | 88<br>28,2 | 174<br>55,8 | N<br>% |
| (f) vir seuns en dogters apart aangebied word? | 116<br>36,5 | 129<br>40,6 | 48<br>15,1 | 25<br>7,9 | N<br>% |
| (g) slegs met die ouer se toestemming aangebied word? | 55<br>17,8 | 75<br>24,3 | 95<br>30,7 | 84<br>27,2 | N<br>% |
| (h) eers aan die ouers vir goedkeuring aangebied word? | 64<br>20,6 | 73<br>23,5 | 94<br>30,2 | 80<br>25,7 | N<br>% |

Vraag V.27.(a)

Interpretasie

Volgens die gegewens soos uiteengesit in Tabel 5.4 het 58,6 % respondente getoon dat dit vir hulle in 'n hoë tot 'n besonder hoë mate aanvaarbaar is dat geslagsopvoeding as deel van die skoolvakke aangebied word.

Gevolgtrekking

Volgens Van der Merwe (1979:vii) word geslagsopvoeding in die meeste oorsese lande as deel van skoolvakke aangebied. In Transvaal word dit egter hoofsaaklik as 'n aparte kursus deur die adjunk-superintendent: gesinsvoorligting aangebied.

Vraag V.27(b)

Interpretasie

Geslagsopvoeding wat as aparte vak aangebied is was vir 52,9 % van die respondente in 'n besonder hoë en in 'n hoë mate aanvaarbaar en vir 47,1 % in 'n mindere mate of glad nie aanvaarbaar nie.

Gevolgtrekking

Volgens die gegewens soos uiteengesit in die Tabel 5.4 en in die interpretasie is dit nie beslis afleibaar of ouers geslagsopvoeding as 'n skoolvak aanvaar nie. Daar kan dus nie 'n besliste afleiding gemaak word ten opsigte van die vraag of ouers geslagsopvoeding as 'n aparte vak of as deel van die skoolvakke (vraag V.27(a)) aangebied verkies nie.

Vraag V.27.(c)

Interpretasie

Agt-en-vyftig persent van die respondente was van mening dat onderwysers by die skool in 'n mindere mate of glad nie geslagsopvoeding behoort aan te bied.

Gevolgtrekking

Uit Tabel 5.4 kan afgelei word dat ouers nie 'n besondere voorkeur of afkeur openbaar teenoor geslagsopvoeding wat deur onderwysers by die skool aangebied word nie. Hierdie navorsing bevestig wat Koblinsky & Atkinson (1982:29) in die Verenigde State van Amerika gevind het.

Verder korreleer die gevolgtrekking met die bevindings in vraag V.26 a-h waar die meeste respondente in 'n hoë mate aangedui het dat die ouer self of die kundige amptenaar van die Transvaalse Onderwysdepartement geslagsopvoeding behoort aan te bied. Hulle was in 'n redelike mate van mening dat die onderwysers behulpsaam mag wees.

Vraag V.27(d)

Interpretasie

Volgens die response soos aangebied in Tabel 5.4 verkies die meeste ouers (60,5 %) in 'n besonder hoë mate dat 'n persoon van buite die skool geslagsopvoeding daar kan aanbied.

Gevolgtrekking

Die houding wat die ouers openbaar, naamlik dat 'n persoon van buite die skool geslagsopvoeding daar kom aanbied, stem ooreen met die bevindings in vraag V.26 waar 'n hoë persentasie van die respondente aangetoon het dat hulle verkies dat die adjunk-superintendent: gesinsvoorligting geslagsopvoeding by die skool aanbied.

Vraag V.27(e)

Interpretasie

Vier-en-tagtig persent van die respondente het aangedui dat leerlinge nie in 'n gemengde groep van seuns en dogters geslagsopvoeding behoort te ontvang nie.

Gevolgtrekking

Dit blyk dat die meeste ouers verkies dat geslagsopvoeding aan seuns en dogters apart aangebied word. Dit korreleer egter nie met die gebruike in die buiteland nie. Kenny & Orr (1984:493) het aangetoon dat geslagsopvoeding in die Verenigde State van Amerika meestal aan gemengde seuns en dogters groepe geïntegreerd in hul skoolvakke aangebied word.

Vraag V.27(f)

Interpretasie

Van die respondente het 77,1 % aangedui dat hulle in 'n hoë mate verkies dat geslagsopvoeding aan seuns en dogters apart aangebied behoort te word.

Gevolgtrekking

Die ouers verkies dat geslagsopvoeding apart aan seuns en dogters aangebied word. Dit stem ooreen met die wyse van aanbieding wat in die gesinsvoorligtingsprogram van die Transvaalse Onderwysdepartement gevolg word. (Kyk paragraaf 3.4.2.6).

Vraag V.27(g)

Interpretasie

Ten opsigte van die vraag of geslagsopvoeding slegs met die ouer se toestemming aangebied mag word het 42,1 % aangedui dat hulle dit so verkies, terwyl 57,9 % aangedui het dat geslagsopvoeding sonder hulle toestemming aangebied mag word.

Gevolgtrekking

Uit Tabel 5.4 blyk dat ouers geslagsopvoeding by die skool sal aanvaar al het hulle nie toestemming daartoe verleen nie. Volgens Parcel & Coreil (1985:10) dring ouers in die Verenigde State van van Amerika daarop aan dat hulle kinders slegs geslagsopvoeding met hul toestemming mag ontvang.

Vraag V.27(h)

Interpretasie

Uit die resultate blyk dit dat 44,1 % van die ouers van mening was dat die inhoud van 'n geslagsopvoedingsprogram vir goedkeuring aan hulle voorgelê behoort te word. Van die respondente het 55,9 % aangedui dat hulle van mening is dat die geslagsopvoedingsprogram nie aan hulle vir goedkeuring voorgelê hoef te word nie.

Gevolgtrekking

Kenny & Orr (1984:492) het in die Verenigde State van Amerika van die standpunt uitgegaan dat ouers die geslagsopvoedingsprogramme wat hul kinders ondergaan moet goedkeur sodat ongewenste inhoude of norme nie aan hul kinders oorgedra word nie.

Uit die response van die steekproef ouers op vrae V.27(g) en V.27(h) blyk dit dat hulle volle vertroue het in die gesinvoorligtingsprogram van die Transvaalse Onderwysdepartement ten opsigte van inhoud en norme.

Tabel V.28

Vraag V.28

In watter mate meen u het die advertensies en brosjures, wat deur die Departement van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling vrygestel is, 'n positiewe invloed op kinders?

| Besonder hoë | Hoë mate | Mindere mate | Glad nie | |
|---|---|---|---|---|
| 45 | 151 | 86 | 23 | N |
| 14,8 | 49,5 | 28,2 | 7,5 | % |

Interpretasie

Uit die Tabel V.28 blyk dit dat 64,3 % van die respondente aangedui het dat die inligtingsaksies van die Departement van Gesondheid en Bevolingsontwikkeling in 'n hoë mate 'n positiewe invloed op kinders het.

Gevolgtrekking

Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat die eksplisiteit van die advertensies en die brosjures nie vir die steekproef aanvaarbaar sou wees nie. Die ondersoek het egter aan die lig gebring dat hulle dit goed vind.

Tabel 29

Vraag V.29
In watter mate meen u dra tydskrifartikels oor geslagsaangeleenthede tot 'n beter begrip van geslagsaangeleenthede by kinders by?

| Besonder hoë mate | Hoë mate | Mindere mate | Glad nie | |
|---|---|---|---|---|
| 36 | 148 | 106 | 28 | N |
| 11,3 | 46,5 | 33,3 | 8,8 | % |

Interpretasie

Uit die literatuur het geblyk dat ouers van mening is dat daar te veel geslagsinligting aan kinders verskaf word en dat die media tot permissiwiteit onder die jeug bydra. Uit die tabel V.29 blyk dit egter dat 46,5 % van die respondente in 'n hoë mate en 11,3 % in 'n besonder hoë mate meen dat tydskrifartikels oor geslagsaangeleenthede bydra tot 'n beter begrip van geslagsaangeleenthede by kinders.

Gevolgtrekking

Dit is interessant om daarop te let dat ouers nut in tydskrifartikels vind. Uit die literatuur blyk dit egter volgens Marcel (1982:46) dat die media in die Verenigde State van Amerika die verkeerde inligting en waardes rakende geslagsaangeleenthede opdis.

Tabel V.30

Vraag V.30
Sal u u kind toelaat om 'n gesinsvoorligtingsprogram by die skool by te woon?

| Beslis ja | Ja | Nee | Beslis nie | |
|---|---|---|---|---|
| 177 | 134 | 11 | 3 | N |
| 54,5 | 41,2 | 3,4 | 0.9 | % |

Interpretasie

Op die vraag of ouers hul kinders sal toelaat om 'n gesinsvoorligtingsprogram by die skool by te woon het 95,7 % "ja" en "beslis ja" aangedui. Slegs 0,9 % het beslis nie aangedui.

Gevolgtrekking

Daar is voorheen nog nie navorsing gedoen om in Wes-Transvaal te bepaal of die ouers die gesinsvoorligtingsprogram van die Transvaalse Onderwysdepartement aanvaar nie. Hierdie navorsing toon dat ouers dit beslis aanvaar.

Tabel V.31

Vraag V.31
Het u kind of kinders al die gesinsvoorligtingsprogram by die skool bygewoon?

| Beslis ja | Ja | Nee | Beslis nie | |
|---|---|---|---|---|
| 35<br>11,0 | 103<br>32,4 | 151<br>47,5 | 29<br>9,1 | N<br>% |

Interpretasie

Volgens die gegewens in Tabel 5.5 het 56,6 % respondente aangedui dat hul kinders nog nie die gesinsvoorligtingsprogram by die skool bygewoon het nie.

Gevolgtrekking

In respons op vraag 30 het ouers getoon dat hulle die gesinsvoorligtingsprogram in skole aanvaar. Daar kan moontlik afgelei word dat die leerlinge wat nog nie die program bygewoon het nie dit nie weens hul ouers se afkeur gedoen het nie maar eerder weens die feit dat die adjunk-superintendent te veel skole moet bedien en nog nie by almal opgetree het nie. 'n Ander moontlikheid is dat die skole nie heelhartig saamwerk om die gesinsvoorligtingsprogram te laat slaag nie.

Tabel V.32

Vraag V.32
Sal u 'n gesinsvoorligtingsprogram vir ouers by u kind se skool bywoon as u uitgenooi word?

| Beslis ja | Ja | Nee | Beslis nie | |
|---|---|---|---|---|
| 117 | 167 | 35 | 5 | N |
| 36,1 | 51,5 | 10,8 | 1,5 | % |

Interpretasie

Teen die veronderstelling in dat ouers in Wes-Transvaal skepties staan teenoor geslagsopvoeding (kyk paragraaf 3.3) het 36,1 % "beslis ja" en 51,5 % "ja" aangedui ten opsigte van die vraag of hulle gewillig is om 'n gesinsvoorligtingsprogram vir ouers by hul kinders se skole by te woon as hulle genooi word. Die skrale persentasie van 12,3 % het aangedui dat hulle dit nie sal bywoon nie.

Gevolgtrekking

Uit die literatuur het dit geblyk dat ouers in baie gevalle self nie oor genoegsame feitekennis oor geslagsaangeleenthede beskik om geslagsopvoeding aan hul kinders te verskaf nie en dat hulle graag self opleiding vir hul taak wil ontvang (Kenny & Orr, (1984:492) (kyk paragraaf 3.3.7).

Hierdie navorsing bevestig die feit dat ouers self opleiding wil ontvang om behoorlike geslagsopvoeding aan hul kinders te kan bied.

Uit vorige vrae het dit geblyk dat ouers self geslagsopvoeding aan hul kinders wil verskaf. Hulle besef hul onvermoë om dit te doen en wil graag hulp in die verband hê.

Tabel V.33

Vraag V.33
Het u al self die gesinsvoorligtingsprogram vir ouer by die skool bygewoon?

| Beslis ja | Ja | Nee | Beslis nie | |
|---|---|---|---|---|
| 14 | 37 | 221 | 51 | N |
| 4,3 | 11,5 | 68,4 | 15,8 | % |

Interpretasie

Uit die tabel blyk dit dat 84,2 % van die respondente nog nie 'n gesinsvoorligtingsprogram vir ouers by hul kinders se skool bygewoon het nie.

Gevolgtrekking

Hoewel die gesinsvoorligtingsprogram van die Transvaalse Onderwysdepartement ten doel het om gesinsvoorligting aan ouers en kinders te verskaf is dit jammer dat so min ouers nog die geleentheid gehad het om die program by te woon. Uit die response op vrae 3 en 33 is dit duidelik dat ouers graag 'n gesinsvoorligtingsprogram sal wil bywoon.

Tabel V.34

Vraag V.34
Sal u meehelp om 'n geslagsopvoedingskursus vir kinders op te stel?

| Beslis ja | Ja | Nee | Beslis nie | |
|---|---|---|---|---|
| 42 | 162 | 111 | 9 | N |
| 13 | 50 | 34,3 | 2,8 | % |

Interpretasie

Uit die vorige vrae en die gegewens soos uiteengesit in tabel 5.5 is dit duidelik dat die ouers van die steekproef 'n positiewe gesindheid teenoor gesinsvoorligting by die skool openbaar. Dit is dan ook nie ongewoon dat 63 % van die respondente aangedui het dat hulle bereid is om mee te werk om 'n gesinsvoorligtingskursus vir kinders op te stel nie.

Gevolgtrekking

Die bevinding in die navorsing word gesteun deur die siening van Kenny & Orr (1984:494). Hulle het aangetoon dat dit wenslik is om ouers by die geslagsopvoedingsprogramme wat vir hul kinders beplan word te betrek.

Tabel V.35

Vraag V.35
Het 'n mediese dokter of ander mediese personeel al geslagsinligting aan u kind verskaf?

| Beslis ja | Ja | Nee | Beslis nie | |
|---|---|---|---|---|
| 3 | 38 | 250 | 32 | N |
| 0,9 | 11.8 | 77,4 | 9,9 | % |

Interpretasie

In vraag 26 het van die respondente ten opsigte van inligting oor sekere geslagsaangeleenthede aangedui dat hulle dit aanvaarbaar vind dat 'n mediese dokter of ander mediese personeel die inligting aan hul kinders verskaf. Slegs 12,7 % van die respondente se kinders het volgens tabel V.35 geslagsinligting van hierdie bron ontvang.

Gevolgtrekking

Hoewel die Departement van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling en die Mediese Vereniging van Suid-Afrika inligtingsaksies loods, en hul lede in praktyke en klinieke dwars oor die land versprei het, blyk dit volgens hierdie navorsing of hulle maar min kinders bereik het.

Tabel V.36

Vraag V.36
Het die predikant al oor geslagsaangeleenthede met u kind gepraat?

| Beslis ja | Ja | Nee | Beslis nie | |
|---|---|---|---|---|
| 15 | 65 | 197 | 47 | N |
| 4,6 | 20,1 | 60,8 | 14,5 | % |

Interpretasie

Dit blyk uit tabel V.36 dat 60,8 % van die respondente "nee" en 14,5 % "beslis nie" aangedui het ten opsigte van die vraag of die predikant al oor geslagsaangeleenthede met hul kinders gepraat het.

Gevolgtrekking

Uit die litaratuur blyk dit dat die kerk in die Verenigde State van Amerika hom grootliks met geslagsopvoeding bemoei. (Kyk paragraaf 3.4.3). Volgens die literatuur blyk dit dat die Susterskerke in Suid-Afrika hulle nie in besonderhede oor geslagsopvoeding uitlaat nie en volstaan met die boeke wat deur teoloë vir ouers en kinders oor die onderwerp geskryf is. (Kyk paragraaf 3.4.3) Volgens die response van ouers in vraag V.26 is ouers van mening dat die predikant oor norme en waardes inligting aan kinders behoort te verskaf, maar dat predikante nie ander geslagsaangeleenthede behoort te behandel nie. Dit wil dus voorkom of predikante optree soos die ouers van hulle verwag.

SAMEVATTING

In hoofstuk 5 is die data van die empiriese ondersoek aangebied. Vir elke vraag is die data verskaf, die interpretasie gedoen en tot 'n gevolgtrekking gekom.

In hoofstuk 6 volg die samevatting van die navorsing asook die gevolgtrekkings en aanbevelings.

# HOOFSTUK 6

## SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

### 6.1 SAMEVATTING

Hoofstuk een is gewy aan oriëntering ten opsigte van die probleem van ouers se houding in verband met geslagsopvoeding in die sekondêre skool, die probleemstelling en die beskrywing van die doel en die metode van die ondersoek.

Ter oriëntering is daarop gewys dat ouers as die primêre opvoeders die belangrikste rol speel in die geslagsopvoeding van die kind en dat geslagsopvoeding die hele opvoeding van die kind omvat.

Die twee probleme wat gestel was is: " Wie behoort geslagsopvoeding aan kinders aan te bied?" en "Wat is die ouers se houding ten opsigte van geslagsopvoeding aangebied deur die ouer self, die skool, die kerk en ander instansies?"

Na aanleiding van die probleemvrae is die doel van die ondersoek soos volg geformuleer:

- om bogenoemde twee probleemvrae uit die literatuur toe te lig,

- om die houding van 'n verteenwoordigende groep ouers van leerlinge in standerd nege in Afrikaanse sekondêre skole in die streek Wes-Transvaal ten opsigte van die vraag "Wie behoort geslagsopvoeding aan kinders aan te bied?" empiries te bepaal,

- om empiries te bepaal wat die steekproef se houding is in verband met geslagsopvoeding aan standerd nege-leerlinge, aangebied deur ouers, onderwysers, predikante, amptelike vakkundiges en ander instansies.

In hoofstuk twee is pertinent daarop gewys dat ouers die primêre opvoeders van hul kinders is en dat kinders aangewese is op opvoeding om selfstandigheid en volwaardige volwassenheid te bereik. Geslagsopvoeding maak deel uit van die breë veld van opvoeding deur die ouer.

Gesinsvoorligting maak deel uit van geslagsopvoeding wat
nou verweef is met opvoeding wat nie moontlik is as dit nie normatief en lewensopvatlik van aard is nie.

Hoofstuk drie behels die toeligting van die probleemvrae uit die literatuur. In die bespreking van die noodsaaklikheid, problematiek en aanbieding van geslagsopvoeding is daar aan drie hoofsake aandag gegee, naamlik faktore wat geslagsopvoeding noodsaak, die problematiek van geslagsopvoeding en die vraag wie se taak geslagsopvoeding is.

'n Ontleding van samelewingstendense, toekomsverduistering, kontakinflasie, verstedeliking, sosio-ekonomiese omstandighede, vryetydsbesteding, geslagtelike bandeloosheid, godsdiens, norme en permissiwiteit dui daarop dat geslagsopvoeding noodsaaklik is.

Uit die literatuur het dit geblyk dat dit nie maklik is om alle betrokkenes tevrede te stel met geslagsopvoeding wat aangebied word nie. Probleme soos die sondebegrip wat aan geslagsaangeleenthede kleef en die vrees dat geslagskennis verkeerd gebruik sal word is bespreek. Nog probleme is dat ouers van mening is dat geslagsopvoeding ouers se gesag in die gesin sal ondermyn en dat ouers onkundig is oor geslagsaangeleenthede of dat hulle in 'n enkelgesprek hul opvoedingstaak ten opsigte van geslagsopvoeding wil afhandel.

In antwoord op die vraag "Wie behoort geslagsopvoeding aan te bied?" is die skoolprogramme ten opsigte van gesinsvoorligting wat in Suid-Afrika in Transvaal, die Kaapprovinsie, die Oranje-Vrystaat en Natal gevolg word, bespreek. Daar is ook na die stand van sake in die VSA en die Verenigde Koninkryk gekyk waar geslagsopvoeding in 'n groot mate as deel van ander skoolvakke aangebied word.

Daar is op die plig van die kerk en die staat om kinders geslagtelik op te voed gewys. Instansies soos die Departement van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling in Suid-Afrika en SIECUS in die VSA bemoei hulle ook met die opvoeding van jongmense op geslagtelike vlak.

In hoofstuk vier is die besonderhede van die empiriese ondersoek bespreek. Die rasionaal van 400 respondente as verteenwoordigende steekproef is bespreek. Vier honderd vraelyste is aan ouers van standerd nege leerlinge in Afrikaanse sekondêre skole in die streek Wes-Transvaal gestuur. Die 327 vraelyste wat terugontvang is maak 11,7 % van die populasie uit wat as 'n verteenwoordigende steekproef beskou kan word.

Die navorsingsresultate weerspieël hoofsaaklik die houdings van ouers wat in klein dorpies of op die platteland woon. Die ouers het aangedui dat hulle van mening is dat geslagsopvoeding aangebied moet word, en dat dit 'n positiewe invloed op hul kinders se opvoeding het.

Ten opsigte van die probleemvraag "Wie behoort geslagsopvoeding aan te bied?" is bevind dat die ouers van standerd nege leerlinge in Afrikaanse sekondêre skole in die streek Wes-Transvaal verkies dat ouers self geslagsopvoeding aan hul kinders moet aanbied. Daarna volg in orde van voorkeur die kundige T.O.D. amptenaar (adjunk-superintendent: gesinsvoorligting), mediese personeel, die Departement van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, onderwysers en onderwyseresse by die skool en al die instansies gesamentlik. Ouers beskou die predikant nie as die aangewese persoon om geslagsopvoeding aan te bied nie.

In antwoord op die probleemvraag "Wat is ouers se houding ten opsigte van die geslagsopvoeding wat deur instansies aangebied word?" is bevind dat ouers graag self geslagsopvoeding aan hul kinders wil aanbied, maar dat hulle nalaat om dit te doen. Die skool, die adjunk-superintendent: gesinsvoorligting, die Departement van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, mediese personeel en die predikant het volgens die ouers in die bepaalde streek aan min leerlinge geslagsopvoeding verskaf. Ouers keur die geslagsopvoedingsprogram by skole goed en hulle het aangedui dat hulle self graag die inligtingsprogram vir ouers van die adjunk-superintendent: gesinsvoorligting wil bywoon. Ouers het ook aangedui dat die inligtingsbrosjures en advertensies van die Departement van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling 'n positiewe invloed op hul kinders het.

Uit die response blyk dit verder dat ouers van mening is dat hul kinders goed inglig behoort te word oor swangerskap en geslagtelik oordraagbare siektes.

## 6.2 GEVOLGTREKKINGS

### 6.2.1

Ouers as die primêre opvoeders van hul kinders vind dit nodig dat hul kinders geslagsopvoeding moet ontvang en hulle wil graag geslagsopvoeding aan hul kinders bied, maar hulle laat dit na om die taak uit te voer. Die ouers het dan ook aangedui dat hulle graag geslagsopvoedingskursusse sal wil bywoon om hulle beter toe te rus om geslagsopvoeding na behore aan hul kinders te kan bied.

### 6.2.2

Ouers verkies dat die kerk en die predikant nie by ander aspekte as die moreel-etiese van geslagsopvoeding betrokke moet raak nie.

### 6.2.3

As die ouers in die streek Wes-Transvaal geslagsopvoeding aanvaar om verantwoordelike geslagtelike gedrag te weeg te bring, behoort dit ook by ander gemeenskappe byval te vind.

### 6.2.4

Uit die analise van die response blyk dit dat die ouers verkies dat hulle self geslagsopvoeding aan hul kinders aanbied omdat dit strook met hul lewens- en wêreldbeskouing en dat hulle soveel vertroue het in die adjunk-superintendente: gesinsvoorligting dat hulle verkies dat hierdie persone hulle hiermee help.

## 6.3 AANBEVELINGS

### 6.3.1

Daar is gevind dat ouers geslagsopvoeding aanvaar, maar dat hul kinders nie behoorlike geslagsopvoeding ontvang nie. Omdat die ouers self geslagsopvoeding aan hul kinders wil aanbied, word daar aanbeveel dat handleidings oor geslagsopvoeding vir ouers deur die onderwysdepartement gepubliseer word en dat inligtingsprogramme soos die van die adjunk-superintendent: gesinsvoorligting meer gereeld vir ouers aangebied word.

6.3.2

Die ouers het aangetoon dat hulle van mening is dat die predikant hom nie met geslagsopvoeding behoort te bemoei nie, behalwe om op die etiese en morele aspekte te wys. Daar word aanbeveel dat aan die wens van die ouers voldoen moet word.

6.3.3

Geslagsopvoeding behoort aan alle bevolkingsgroepe in Suid-Afrika aangebied te word, sodat verantwoordelike geslagtelike gedrag by almal aangekweek kan word wat tot kleiner, goedversorgde gesinne sal lei.

6.3.4

Ouers het aangedui dat hulle die adjunk-superintendent: gesinsvoorligting bo onderwysers by die skool verkies om geslagsopvoeding aan hul kinders aan te bied. Die betrokke personeel behoort uitgebrei te word om die belangrike opvoedingstaak uit te voer.

# BRONNELYS

ANNASTASI, ANNE. 1969. Psychological testing. London : Mac Millan.

ARY, D., JACOBS, LUCY C. & RAZAVIEH, A. 1985. Introduction to research in education. 3rd ed. New York: Holt, Rinehart en Winston.

ARY, D., JACOBS, LUCY C. & RAZAVIEH, A. 1972. Introduction to research in education. New York: Holt, Rinehart en Winston.

ATWOOD, MARY E. & WILLIAMS, J. 1983. Human sexuality: an important aspect of self-image. Young Children, 38(2):56-61, Jan.

BARNARD, M.C. 1989. Gesinsvoorligting op skool - 'n poging tot begronding. Bloemfontein: N.G. Sendingpers.

BIRD, P.L. 1983. Why the Church should teach teens about sex. Christianity today, 32(3): 24-31, November.

BISSCHOFF, J.C. 1977. Gesinsvoorligting op skool - die praktiese implikasies daarvan. Die Unie, 74(4):107-111, Oktober.

BONGERS, C.J. & DE KLERK, J.T. 1980. Opvoeding tot verantwoordelikheid met betrekking tot geslagsaangeleenthede. Deel I. Pretoria: RGN.

BORG, W.R. & GALL, M.D. 1979. Education research. London: Longman.

BRENAN, S.J. 1981. Teaching Sexuality: A model for parental involvement. Momentum, 12(3): 28-30, Oktober.

BRUESS, C.E. & GREENBERG, J.S. 1981. Sex Education, Theory and practice. Belmont: Wadsworth.

BYBEL. 1957. Die Bybel: dit is die ganse Heilige skrif wat al die Kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

CAMPBELL, P. 1986. A sex guiding: A library imperative. Top of the news, 42(3),: 298-303, Spring.

CASEY, S. & PETERSON, LYNN. 1985. Sex education for parents. Children today, 14(4): 11-15, July/August.

COLLINS, B.E. & ASHMORE, R.D. 1974. Social psychology. Massachusetts: Addison - Wesley Publishing Company.

COLLINS, B.E. & ASHMORE, R.D. 1970. Social psychology. Massachusetts: Addison - Wesley Publishing Company.

COHEN, L. & MANION, L. 1980. Research methods in education. London: Croom Helm.

DALLAS, DOROTHY, M. 1972. Sex Education in school and society. Windsor: National foundation for education research in England and Wales.

DE JAGER, P.L., OBERHOLZER, M.O. & LANDMAN, W.A. 1985. Fundamentele pedagogiek: Wetenskap, inhoud en praktyk. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

DE KLERK, J.T. & NIEUWENHUIS, F.J. 1983. Opvoeding tot verantwoordelikheid met betrekking tot geslagsaangeleenthede. Deel II. Pretoria: RGN.

DENNET, MARY, W. 1932. The sex education of children. A book for parents. London: George Routledge and Sons.

DEPARTEMENT van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling kyk SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS, PROVINSIALE ADMINISTRASIE VAN KAAP DIE GOEIE HOOP, Gesinsvoorligting: wenke aan die skoolhoof, 1978, Januarie.

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT. 1983. Gesinsvoorligtingsprogram vir skole. Bloemfontein.

DEPARTEMENT van Statistiek. kyk SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Statistiek.

DE VILLIERS, M., SMUTS, J. & EKSTEEN, L.C. 1983. Nasionale Woordeboek. Vyfde uitgawe. Goodwood: Nasionale Boekhandel.

DE VRIES, C.G., BASSON, A.J. & STEYN, J.C. 1986. Aktuele temas in die fundamentele opvoedkunde. Durban: Butterworth.

DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. DE K. & VAN DER WESTHUIZEN, G.J. 1981. Opvoedende leer. Durban: Butterworth.

DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. de K., STEYN, H.S. & VENTER,P.A. 1981. Navorsingsmetodes in die Opvoedkunde 'n inleiding tot empiriese navorsing. Durban - Pretoria: Butterworth.

DE WET, J.J., VAN ZYL, P.J. & DU TOIT, P.J.S. 1980. Inleiding tot Die psigologiese opvoedkunde. Johannesburg. Mc Graw-Hill boekmaatskappy.

DE WITT, J. & VAN DER VEER, G. 1982. Psychologie van de adolescentie. Nijkerk: Uitgeverij Intro.

ESTERHUISE, W.P. 1980. Die mens en sy seksuele moraal. Pretoria: Butterworth.

FERGUSON, G.A. 1979. Statistical analysis in psychology and education. 4th ed. New York: Mc Graw-Hill.

GADPAILLE, W.J. 1970. Parent - School cooperation in sex Education - How can the professional help? Family Coordinator, 19(10):301-307, October.

GAGNE, R.M. 1977. The conditons of learning. Hong Kong: Bright sun printing press Co.

GIBSON, R.C. & MITCHELL, M.H. 1981. Introduction to guidance. New York: Mac Millan Publishing Co.

GOLDMAN, R. & GOLDMAN, JULIETTE. 1982. Children's sexual thinking. London: Routledge en Kegan Paul.

GORDON, S., SCALES, P. & EVERLY, KATHLEEN 1979. The sexual adolescent. Belmont: Duxbury Press.

GUNTER, C.F.G. 1972. Aspekte van die teoretiese opvoedkunde. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers.

HARRIS, D., BAIRD, G. et al. 1983. Developing a teenage pregnancy program the community will accept. Health education, 14(3) : 17-21, May/June.

HOWARD, R. & LEWIS, M. 1983. Sex education begins at home. Horwalk : Appleton - Century - Crofts.

JOUBERT, C.J., red. 1983. Ouer en Kind. Pretoria: Erroll Marx Uitgewers.

JURS, A. 1982. "Planned Parenthood" advocates permissive sex. Christianity today, 26(14):16-22, September.

KAMMEIJER, H.C., red. 1978. Seksonderrig aan kinders deur ouers. Pretoria: N.G.-Kerkboekhandel.

KENNY, A.M. & ORR, M.T. 1984. Sex education: an overview of current programs, policies and research. Phi Delta Kappan, 65(7): 491-496, March.

KLAUSMEIER, H.J. & GOODWIN, W. 1975. Learning and human abilities: Educational psychology. 4th ed. New York: Harper and Row.

KOBLINSKY, SALLY & ATKINSON, JEAN. 1982. Parental plans for children's sex education. Family relations, 31(1): 29-35, January.

KRUGER, H.B. 1980. Geslagsopvoeding. Potchefstroom: PU vir CHO. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks F. Studiestuk nr. 146.)

LE ROUX, J.A. 1977. Gesinsvoorligting op skool? Die Unie, 74(1) : 19-22, Julie.

LE ROUX, J.A. 1978. Die implementering van 'n gesinsvoorligtingsprogram in Kaaplandse skole. (In SIRSA. Referaat gelewer tydens die sewentiende kongres van SIRSA. Gehou in September 1978 te Pretoria. Pretoria. p.1-18.)

LIBBY, R.W. 1970. Parental attitudes toward high school sex education programs. Family coordinator, 19(7): 234-246, July.

LIBBY, R.W., ACOCK, A.C. & PAYNE, C. 1974. Configurations of parental preferences concerning sources of sex education for adolescents. Adolescence, 9(33): 73-80, Spring.

MAC DONALD, RUTH. N. 1980. "Starting a healthy family": A new curriculum. Children Today, 9(2): 9-12, March/April.

MARAIS, J.L. 1982. Voorligting in die primêre skool. Potchefstroom (Proefskrif (D.Ed.) - PU vir CHO.)

MARCEL, M. 1982. Sex education books: an historical sampling of the literature. Children's literature in education, 13(3): 138-149, Fall.

MC CORMICK, NAOMI, FOLICK, J. & IZZO, ANGELA. 1985. Sex education. needs and interests of high school students in a rural New York County. Adolescence, 20(79): 581-592, Fall.

MEDIESE VERENIGING VAN SUID-AFRIKA. 1986. Geslagtelik oordraagbare siektes. Pretoria.

MEDINNUS, G.R. & JOHNSON, P.C. 1969. Child and adolescent psychology New York: John Wiley and Sons.

MOSTERT, W.P. 1981. Buite-egtelikheid in Suid-Afrika: 'n demografiese ontleding. Pretoria: RGN.

NORRIS, B. 1986. Promiscuity or pregnancy? Times educational supplement. 3670: 17, October.

PARCEL, G.S. & COREIL, J. 1985. Parental evaluations of a sex education course for young adolescents. Journal of school health, 55(1): 9-12, January.

PHILLIBER, SUSAN G. & TATUM, M.N. 1981. Sex education in the biology classroom: an evaluation by parents and fuculty. American biology teacher, 43(3):141-143 en 146-147, March.

PHILLIPS, T. 1986. What to tell the children. Times educational supplement, 3670 : 45, October.

PRETORIUS, G.P. 1950. Is geslagsopvoeding nodig? Inspan, 10(3): 15-19, Desember.

PRETORIUS, J.W.M. 1979. Opvoeding, samelewing, jeug. 'n Sosiopedagogiek leerboek. Pretoria: J.L. van Schaik.

SAS Institute Inc. 1985. SAS user's guide: Basics. 5th ed. Cary, NC: SAS Institute.

SCALES, P. 1981. Arguments against sex education: facts versus fiction. Children today, (10(5):22-25, September/October.

SCALES, P.C. 1982. Offset outrage : let parents help plan your sex education program. American school board journal, 169(7) : 32-33, July.

SMITH, L. 1975. Religion's response to the new sexuality. SIECUS Report, IV(2): 13-15, November.

SCHOEMAN, P.G. 1979. Aspekte van die wysgerige pedagogiek. Bloemfontein: Sacum Beperk.

SNEDECOR, G.W. & COCHRAN, W.G. 1967. Statistical methods. 6th ed. Ames: The Iowa State University Press.

SONNEKUS, M.C.H. 1976. Ouer en Kind. Johannesburg: Perskor Boekdrukkery.

SONNEKUS, M.C.H., red. 1984. Opvoeding en opvoedingsprobleme tussen ouer en kind. Pretoria: HAUM. Opvoedkundige Uitgewery.

STROUSE, J. & FABES, A. 1985. Formal Versus informal sources of sex education: competing forces in the sexual socialization of adolescents. Adolescence, 20(78): 251-263, Summer.

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling. 1987. Seksualiteit: 'n gids vir onderwysers. Pretoria: Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling skakeling en publikasies.

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Gesondheid en Bevolkingsontwikeling. 1987. Die feite van seksualiteit. Pretoria: Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling skakeling en publikasies.

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Statistiek. 1988. Bevolkingsstatistiek. Pretoria: Staatsdrukker.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1986. Gesinsvoorligtingsprogram. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1987. Geesteswerbaarheidsprogram. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysersvereniging. 1987. Die gesin in krisis. Pretoria.

TRIANDIS, H.C. 1971. Attitude and attitude change. New York: Wiley.

TUCKMAN, B.W. 1978. Conducting educational research. 2nd ed. New York: Harcourt Brace Jovanovich.

VAN DER MERWE, A.A. 1979. Omvattende verslag van 'n sending oorsee deel 3. Pretoria : Transvaalse Onderwysdepartement.

VAN DER WALT, J.L. 1983. Oor opvoeding in 'n neutedop. Bailliepark: Mediapublikasies.

VAN ROOYEN, L. 1985. Die beplanning van 'n gesinsvoorligtingsprogram vir die Transvaalse Onderwysdepartement. Pretoria. (Verhandeling (M.Ed.) - Universiteit van Pretoria.)

VAN SCHALKWYK, O.J. 1981. Fokus op die onderwysstelsel. Pretoria en Durban: Butterworth.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1983. Ouerbetrokkenheid by die onderwys. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.

VAN ZYL, P. 1975. Opvoedkunde deel II. Johannesburg: Boekhandel De Jong.

VAN ZYL, P. 1977. Opvoedkunde deel III. Johannesburg: Boekhandel De Jong.

VANCE, P.C. 1985. Love and sex: Can we talk about that in school? Childhood education, 16(4): 272 - 276, March/April.

WOODY, JANE, D. 1973. Contemporary sex education: attitudes and implications for childrearing. Journal of school health, 153(4): 4-9, April.

YOUNGMAN, M.B. 1978. Designing and analysing questionaires. Rediguides; 12. Nottingham: University School of Education.

## SUMMARY

This study investigated the attitude towards sex education of parents of pupils in standard nine in Afrikaans secondary schools in the region Western Transvaal of the Transvaal Education Department.

The aim of this study was to establish which person or instance would be preferred by parents to give sex education. The aim was further to establish parental attitudes towards sex education given by the paJents themselves, the school and other community resources.

In order to achieve these objectives, first a study of the literature and then an empirical investigation were done to identify parental attitudes towards sex education.

It was stated that parents are generally considered to bear the greatest responsibility with regard to the sex education of their children and that children have to be educated to achieve adulthood. It was also stated that sex education is part of parental education and that children should be educated to have an awareness and appreciation of moral norms.

A representative sample of parents was drawn from the population and a questionnaire was sent to the parents to determine their attitude towards sex education.

The analysis of responses point to the fact that parents prefer that teenagers obtain sex education. Parental preferances of sources of sex education were in order of preference as follows: parents themselves, the deputy superintendent family guidance of the T.E.D. , medical personal, the Department of National Health and Population Development, teachers in the schools and a configuaration of all agencies. A large percentage of the parents preferred that their children do not obtain sex education from their minister of the church.

Parents approve of the family guidance programme at their children's schools and they have shown that they would appreciate it if they could attend a sex education programme for parents at the school.

It was also found that parents are in favour of sex education for their children but that they themselves, the schoolteachers, medical personal, the Department of National Health and Population Development and ministers of the church neglect this duty.

BYLAE A

C.L. VAN DEN BERG
Hoërskool Sannieshof
Privaatsak X401
2760 SANNIESHOF

Telefoon: (014472) 11

22 Januarie 1990

Geagte Ouers

Ek is besig met die M.Ed-graad aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en doen navorsing oor die ouer se houding ten opsigte van die geslagsopvoeding wat u kind ontvang.

U is gekies om as verteenwoordigers van 'n groot groep ouers in u omgewing antwoorde op beplaalde vrae te verstrek. U antwoorde is dus vir my navorsing baie belangrik.

U naam of die naam van u kind of die skool waaraan u kind verbonde is, word nêrens op die vraelys ingevul nie, en alle deelnemers sal dus anoniem bly. Wees verseker dat alle inligting streng vertroulik behandel sal word.

Skriftelike toestemming is van die Transvaalse Onderwysdepartement ontvang om genoemde saak by ouers van 'n aantal skole te ondersoek. U word versoek om asseblief die vraelys so eerlik moontlik te beantwoord.

Stuur asseblief die voltooide vraelys voor 1 Februarie terug aan die departementshoof opvoedkundige leiding by u skool.

U vriendelike samewerking word waardeer.

Die uwe

____________________

C.L. VAN DEN BERG

BYLAE B

C.L. VAN DEN BERG
Hoërskool Sannieshof
Privaatsak X401
2760 SANNIESHOF

Telefoon: (014472) 11

22 Januarie 1990

Die Hoof

Geagte Meneer, Mevrou, Mejuffrou

'n Vriendelike beroep word op u gedoen om aan my toestemming te verleen om inligting by ouers van leerlinge by u skool te bekom.

Ek is besig met die M.Ed.-graad aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en doen navorsing oor die ouer se houding ten opsigte van geslagsopvoeding in die sekondêre skool. Om die ondersoek uit te voer, benodig ek 'n steekproef van tien persent van die leerlinge in standerd nege in u skool. Ek sal dit hoog op prys stel indien ek met die hulp van u Departementshoof Opvoedkundige Leiding, 'n steekproef by u skool kan kom trek.

Skriftelike toestemming is van die Transvaalse Onderwysdepartement ontvang om genoemde saak in 'n aantal skole in die provinsie te ondersoek (kyk aangehegte brief).

U naam of die name van leerlinge of ouers van u skool word nêrens op die vraelys ingevul nie en alle deelnemers sal dus anoniem bly. Die inligting wat van die ouers bekom word, sal streng vertroulik behandel word.

U begrip en vriendelike samewerking word hoog op prys gestel.

Die uwe

________________________

C.L. VAN DEN BERG

BYLAE G

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR
DEPARTMENT OF EDUCATION AND CULTURE

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD
ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT
TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT

Navrae:
Enquiries: Dr. P.W. Möller
Verw.:
Ref.: TOA 9-7-2
Tel.: (012) 3241660/-70

Provinsiale Gebou
Provincial Building
Privaatsak X76
Private Bag X76
Pretoria 0001

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT 1989-12-18 TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT

Mnr. C.L. van den Berg
Posbus 282
SANNIESHOF
2760

Geagte meneer Van den Berg

**HOUDING VAN OUERS VAN STANDERD NEGE-LEERLINGE TEENOOR GESLAGS-OPVOEDING**

U skrywes, gedateer 1989-08-25 en 1989-10-27, asook u vraelys, het betrekking.

Die Transvaalse Onderwysdepartement verleen hiermee aan u toestemming om u vraelys deur die ouers van tien persent van die st. 9-leerlinge aan al die Afrikaansmedium sekondêre skole in die Wes-Transvaalstreek te laat invul.

Hierdie toestemming is onderworpe aan die volgende voorwaardes:

- U moet hierdie brief aan die skoolhoofde en ouers toon as bewys dat u by die Departement toestemming verkry het om u ondersoek te loods. U mag die brief egter nie gebruik om samewerking af te dwing nie en u moet self die samewerking van die ouers verkry.
- Die wysigings wat met rooi ink op die vraelys en meegaande briewe aangedui is, móét daarop aangebring word alvorens u dit aan die ouers versprei.
- Die name van skole of ander medewerkers mag nie in u navorsingsverslag genoem word nie.
- Na voltooiing van u skripsie moet u die Departement asseblief van 'n kopie daarvan voorsien.

Namens DIREKTEUR VAN ONDERWYS

59316/23